## Hoofstuk IX

### 'N ONDERSOEK NA DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS, UITGEVOER ONDER STUDENTE VAN TRANSVAALSE OPLEIDINGSINRIGTINGS

### 1. Die vraelys aan studente[1] [2]

Die vraelys aan studente is verdeel in drie afdelings, nl. afdeling A waar die algemene kenmer= ke van die ondersoekgroep vasgestel word, afdeling B wat besonderhede van die studente se praktiese op= leiding aan hulle opleidingsinrigtings wil vasstel en afdeling C wat die praktiese opleiding by die sko= le ontleed.

#### a. Afdeling A : Algemene besonderhede

Hierdie afdeling is verdeel in vyf vrae. Die vrae wil die belangrikste onderskeidende kenmer= ke van die ondersoekgroep vasstel, nl. die respon= dent se opleidingsinrigting, soort kursus, studiejaar, geslag en die peil en klas waarin hy die matrikulasie- eksamen geslaag het. Die verdere doel met hierdie in= ligting is om die response ten opsigte van die eerste

---

1) Kyk bylae A.

2) In al die vraelyste is die term „proefonderwys" deurgaans gebruik omdat dit die algemeenge= bruikte term onder studente en by die skole is. Soos gemotiveer in hoofstuk III, bladsy 45, word die term „oefenonderwys" egter konsekwent i.p.v. „proefonderwys" in hierdie studie ge= bruik.

drie groeperings te ontleed en met mekaar te vergelyk.

b. Afdeling B : Praktiese opleiding aan die opleidingsinrigtings

Hierdie afdeling wil enkele aspekte van die studente se voorbereiding vir die praktyk wat aan die opleidingsinrigtings ontvang word, ondersoek.

In vraag B1 word die rol wat die verskillende soorte demonstrasielesse by die opleidingsinrigtings speel, ondersoek. Vraag B2 wil die mate van oplei= ding in die gebruik en hantering van onderwys- en leermiddele vasstel, terwyl vraag B3 die rol van stu= dentebedrywighede in die voorbereiding van die toekom= stige onderwyser, veral vir sy leierstaak buite die klaskamer, wil vasstel.

c. Afdeling C : Praktiese opleiding tydens oefenonderwys by skole

Hierdie afdeling is die omvattendste af= deling van die vraelys. Dit beoog 'n ondersoek na die belangrikste aspekte van die student se kennismaking met die onderwyspraktyk.

Vraag C1 wil vasstel of studente vervoer- en lo= siesprobleme tydens oefenonderwys het asook of hulle noodsaaklike verpligtinge tydens oefenonderwys by hul= le opleidingsinrigtings moet nakom. Vraag C2 ontleed die mate waarin studente by hulle opleidingsinrigtings op hoogte gebring word van noodsaaklike inligting in verband met die skole waarheen hulle uitgestuur word. Vraag C3 wil vasstel in watter mate studente by die

skole deur die skoolhoof of 'n lid van die skoolper= soneel voorgelig word ten opsigte van aspekte soos die skool se tradisies en gewoontes en die algemene skool= organisasie. Vraag C4 stel ondersoek in na die stu= dente se inskakeling by die skool se buiteskoolse sosiale en professionele bedrywighede van die skool= personeel. Vraag C5 ontleed die samewerking en lei= ding wat studente ontvang van die klas- of vakonder= wyser onder wie se sorg hulle tydens oefenonderwys geplaas word. Vraag C6 ontleed die skoolleerlinge se houding teenoor die onderwysstudente. Vraag C7 ondersoek die praktyk om groepleiers aan te stel as voorbereiding vir verantwoordelikheidsaanvaarding en leierskap. In vraag C8 word die gebruik van die so= genaamde kritieklesse wat studente voor dosente aan= bied, ontleed. Laastens word in vraag C9 die vormen= de waarde van 'n verskeidenheid gebruike en aspekte van die studente se opleiding en bedrywighede vasge= stel.

2. Die algemene kenmerke van die ondersoekgroep

Die besonderhede in verband met die studente wat as universum vir hierdie deel van die ondersoek beskou is en die wyse waarop 'n steekproef bepaal en die ondersoek by die verskillende opleidingsinrig= tings uitgevoer is, is alreeds in hoofstuk VIII beskryf.[1] Vervolgens word oorgegaan tot 'n bespre= king van die algemene kenmerke van die ondersoek= groep.

1) Kyk bladsye 185-187.

TABEL 1

VRAELYSTE VIR STUDENTE UITGEDEEL, TERUG ONTVANG EN AS STEEKPROEF GEBRUIK.

| OPLEIDINGSINRIGTING | UNIVERSUM | VRAELYSTE UITGEDEEL | VRAELYSTE TERUG ONTVANG | VRAELYSTE AS STEEK-PROEF GEBRUIK | STEEKPROEF % VAN ELKE INRIGTING |
|---|---|---|---|---|---|
| Universiteit A. | 101 | 42 | 42 | 42 | 41.6 |
| Universiteit B. | 137 | 60 | 47 | 47 | 34.3 |
| Onderwyskollege A. | 821 | 295 | 295 | 288 | 35.1 |
| Onderwyskollege B. | 1463 | 502 | 474 | 419 | 28.6 |
| Onderwyskollege C. | 523 | 205 | 200 | 176 | 33.7 |
| Onderwyskollege D. | 1073 | 400 | 342 | 342 | 31.9 |
| Kollege A. | 16 | 16 | 16 | 14 | 87.5 |
| Kollege B. | 49 | 30 | 17 | 17 | 34.7 |
| Kollege C. | 123 | 80 | 72 | 65 | 52.0 |
| TOTAAL. | 4306 | 1628 | 1500 | 1410 | 32.4 |

Verduideliking van simbole

(1) Universiteite A en B: Die twee Transvaalse universiteite wat in die ondersoek betrek is.

(2) Onderwyskolleges A-D: Die vier onderwyskolleges onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement.

(3) Kolleges A-C: Die drie inrigtings onder volle of gedeeltelike beheer van die Departement van Hoër Onderwys.

TABEL 2.

VERDELING VAN DIE STUDENTE-ONDERSOEKGROEP VOLGENS INRIGTINGS.

| OPLEIDINGSINRIGTINGS | STEEKPROEF | | UNIVERSUM | |
|---|---|---|---|---|
| | GROOTTE | % VAN 1396 | GROOTTE | % VAN 4306 |
| Universiteit A (Univ. A). | 42 | 3.0 | 101 | 2.3 |
| Universiteit B (Univ. B). | 47 | 3.4 | 137 | 3.2 |
| Onderwyskollege A (OK. A). | 288 | 20.6 | 821 | 19.1 |
| Onderwyskollege B (OK. B). | 415 | 29.7 | 1463 | 34.0 |
| Onderwyskollege C (OK. C). | 173 | 12.4 | 523 | 12.1 |
| Onderwyskollege D (OK. D). | 335 | 24.0 | 1073 | 24.9 |
| Kollege A (Koll. A). | 14 | 1.0 | 16 | 0.4 |
| Kollege B (Koll. B). | 19 | 1.4 | 49 | 1.1 |
| Kollege C (Koll. C). | 65 | 4.6 | 123 | 2.9 |
| TOTAAL. | 1396 | 100.0 | 4306 | 100.0 |

1) 2)

1) Aangesien die persentasies in alle tabelle tot een desimaal benader is, sal gevind word dat die totaal van persentasies nie altyd 100.0 is nie maar soms .1% of .2% minder of meer as 100.0. Die totaal van persentuele waardes word egter duidelikheidshalwe deurgaans as 100.0 aangegee.

2) Om ruimte te bespaar, sal die afkortings vir die opleidingsinrigtings in die volgende tabelle deurgaans gebruik word, soos dit in hierdie tabel tussen hakies aangedui is.

a. <u>Vraelyste vir studente by inrigtings uitge= deel, terug ontvang en as steekproef gebruik</u>

Soos in hoofstuk VIII beskryf, was die uitgangspunt by die uitdeling van vraelyste aan die verskillende inrigtings om voldoende vraelyste by elke inrigting uit te deel om ten minste 'n 25%-steekproef ten opsigte van die betrokke inrigting te verseker.

Uit die gegewens van tabel 1 blyk die volgende:

(1) Die steekproef verteenwoordig 32.4% van die universum.

(2) In twee gevalle is die persentasie vrae= lyste per inrigting buite verhouding met die res van die inrigtings. In die geval van Kollege A is be= sluit om aan die hele groep van 16 studente vraelyste uit te deel. Veertien vraelyste is terug ontvang. Aangesien die groep so klein is, is besluit om al die vraelyste te behou. In die geval van Kollege C is besluit om 'n groter persentasie vraelyste uit te deel omdat dit a.g.v. die tyd van die jaar onseker was of die dosente nog by al die groepe studente sou uitkom. 'n Steekproef van 52.0% is hier verkry.

b. <u>Verdeling van die ondersoekgroep volgens inrigtings</u>

Uit die gegewens van tabel 2 blyk dit dat daar slegs geringe verskille tussen die persenta= sies van die universum en dié van die steekproef is. Daar kan dus aanvaar word dat ten opsigte van die verteenwoordiging van die inrigtings in die steek= proef, die steekproef 'n goeie weergawe van die

TABEL 3.

VERDELING VAN DIE STUDENTE-ONDERSOEKGROEP VOLGENS KURSUSSE.

| KURSUS | STEEKPROEF | | UNIVERSUM | |
|---|---|---|---|---|
| | GROOTTE | % VAN 1463 | GROOTTE | % VAN 4306 |
| 1. Graad en diploma (Graad). | 179 | 12.2 | 493 | 11.4 |
| 2. Hoërskooldiploma sonder graad met spesialisering in: | | | | |
| a) geesteswetenskaplike vakke (Geesteswet.) | 89 | 6.1 | (390 | (9.1 |
| b) natuurwetenskaplike vakke (Nat.wet.) | 48 | 3.3 | ( | ( |
| c) handelsvakke (Ha.) | 115 | 7.9 | 278 | 6.5 |
| d) huishoudkundige en tegniese vakke (Huish., tegnies) | 123 | 8.4 | 297 | 6.9 |
| e) liggaamlike opvoeding (L.O.) | 76 | 5.2 | 219 | 5.1 |
| f) kuns, musiek en drama (Ku., mu., dr.) | 79 | 5.5 | 115 | 2.7 |
| 3. Laerskooldiploma met spesialisering in: | | | | |
| a) junior primêre werk (Jr.-p.) | 267 | 18.2 | 744 | 17.3 |
| b) senior primêre werk (Sr.-p.) | 413 | 28.2 | 1261 | 29.3 |
| c) besondere laerskoolvakke (Bes.laer.) | 74 | 5.1 | 140 | 3.3 |
| 4. Ongespesifiseerd. | - | - | 369 | 8.6 |
| TOTAAL | 1463 | 100.0 | 4306 | 100.0 |

1)

1) Om ruimte te bespaar, sal die afkortings vir kursusse in die volgende tabelle deurgaans gebruik word, soos dit in hierdie tabel tussen hakies aangedui word.

universum is. Die totaal van 1396 in plaas van 1410 studente in die steekproef is die gevolg van die feit dat 'n paar studente versuim het om hulle inrigtings op die vraelys aan te dui.

c. <u>Verdeling van die ondersoekgroep volgens kursusse</u>

Na aanleiding van die besonderhede in tabel 3, moet eers die volgende verduidelikings gegee word:

i) Die totaal van 1463 studente teenoor die totaal van 1410 respondente in die steekproef is as gevolg van die feit dat party respondente meer as een kursus op die vraelys aangedui het.

ii) Die verdeling van die universumgetalle vir die hoërskooldiplomakursus in geesteswetenskap= like en natuurwetenskaplike vakke was nie duidelik onderskeibaar nie. In die tabel is die twee getalle gevolglik saam gegroepeer.

iii) Een inrigting het nie hulle eerstejaars= diplomagroepe in kursusse verdeel nie omdat daar nie in die eerste jaar gespesialiseer is nie. Hierdie ge= tal van 369, wat as ongespesifiseerd aangedui word, het die uitwerking dat die universumpersentasies in die meeste gevalle kleiner is as dié van die steek= proef.

Met inagneming van bostaande opmerkings kan wel gesê word dat die steekproef ten opsigte van die ver= deling in verskillende kursusse, 'n goeie ooreen= koms met die universum vertoon.

TABEL 4.

VERDELING VAN DIE STUDENTE-ONDERSOEKGROEP VOLGENS JAARGROEPE.

| JAARGROEP | STEEKPROEF | | UNIVERSUM | |
|---|---|---|---|---|
| | GROOTTE | % VAN 1402 | GROOTTE | % VAN 4306 |
| Eerste. | 380 | 27.1 | 1372 | 31.9 |
| Tweede. | 389 | 27.7 | 1238 | 28.8 |
| Derde. | 444 | 31.6 | 1171 | 27.2 |
| Vierde. | 189 | 13.4 | 525 | 12.2 |
| TOTAAL. | 1402 | 100.0 | 4306 | 100.0 |

1)

1) (Opmerking: Die totaal van 1402 studente teenoor die totaal van 1410 respondente in die steekproef is die gevolg van die feit dat 'n paar studente versuim het om hulle jaargroep aan te dui).

d. Verdeling volgens jaargroepe

Volgens die gegewens van tabel 4 toon die steekproef ten opsigte van die vierdejaarstudente 'n goeie ooreenkoms met die totale getal vierdejaarstu= dente.

Die jaargroepverspreiding in die ondersoekgroep wissel verder van 27.1% by eerstejaars tot 31.6% by derdejaars, terwyl die universumgetalle omgekeerd wissel van 31.9% eerstejaars tot 27.2% derdejaars. Die rede vir hierdie verskil is waarskynlik toe te skryf aan die pogings van die verantwoordelike dosen= te by die verskillende inrigtings om vraelyste van veral seniorstudente terug te kry.

Die ooreenkoms tussen ondersoekgroep en universum is egter nog sodanig dat die ondersoekgroep ook ten opsigte van jaargroepe as 'n goeie steekproef beskou kan word.

e. Verdeling volgens geslagte en matrikulasie-kursusse

Daar is met die steekproefbeplanning van die veronderstelling uitgegaan dat as die steekproef ten opsigte van die eerste drie groeperings, te wete inrigtings, kursusgroepe en jaargroepe, 'n goeie weergawe van die universum is, dit ook ten opsigte van ander aspekte soos geslagte en matrikulasiekursus= se met die universum behoort ooreen te stem.[1)]

---

1) Kyk hoofstuk VIII, p. 185.

Die steekproef is ten opsigte van geslagte ver= deel in 22.1% mans en 77.8% dames. Hierdie besonder= hede kan vergelyk word met die beskikbare gegewens ten opsigte van ingeskrewe studente aan Transvaalse onderwyskolleges in Junie 1967.[1] Hiervolgens was die studente verdeel in 32.1% mans en 67.9% dames. Ten opsigte van die matrikulasiekursusse is die steekproef verdeel in 47.9% met universiteitstoela= ting en 52.0% sonder universiteitstoelating, terwyl die studente aan alle Transvaalse onderwyskolleges in Junie 1967 op 54.9% met universiteitstoelating en 45.1% sonder universiteitstoelating te staan ge= kom het. Hierdie syfers toon 'n redelike mate van ooreenkoms.

f. Samevatting en gevolgtrekking

Die ondersoekgroep is ten opsigte van opleidingsinrigtings, kursusgroepe en jaargroepe ontleed en met die betrokke universumgetalle verge= lyk. Wat hierdie aspekte betref is slegs enkele geringe afwykings tussen die ondersoekgroep en die universum gevind.

Daar kan dus konkluderend gesê word dat die ondersoekgroep in 'n groot mate met die onder= wysstudentebevolking van die betrokke nege Trans= vaalse inrigtings ooreenstem en dat die ondersoek= groep dus as 'n betroubare steekproef kwalifiseer.

1) Gegewens aan die ondersoeker verstrek deur die statistiek-afdeling van die Transvaalse On= derwysdepartement.

## 3. Die praktiese opleiding van onderwysers aan die opleidingsinrigtings[1)]

Soos voorheen uiteengesit, lê die taak wat die opleidingsinrigtings het in die praktiese voorbe= reiding van onderwysers op sowel die terrein van die beroepsdoel as op dié van die algemeenvormende doel van onderwysersopleiding.[2)] Daar is gevolglik van die standpunt uitgegaan dat die taak van die oplei= dingsinrigtings in hierdie verband die volgende aspek= te behoort te dek: Die onderrig in vakmetodieke deur middel van die aanbieding van verskillende soorte

---

1) Die antwoorde op die vrae in afdeling B van die vraelys is in alle gevalle eerstens volgens inrigtings vergelyk. Uit hierdie gegewens is die algemene ontleding en die ontleding volgens inrigtings gedoen.

Al die vrae is verder ook volgens die jaar= groepe en kursusse ontleed. Alhoewel al die jaargroepgegewens beskikbaar is, is slegs dié wat duidelik waarneembare verskille aangetoon het, in die tabelle opgeneem en bespreek.

Na bestudering van die kursusgegewens is ge= vind dat, t.o.v. die meeste vrae, slegs ge= ringe verskille in die antwoorde van die verskillende kursusgroepe voorkom. Omdat die kursusgegewens baie ruimte in beslag sou neem en die bevindings wat uit hierdie gegewens verkry kon word, relatief onbelangrik is, of deur die jaargroepgegewens vasgestel kon word, is besluit om dit in die meeste gevalle weg te laat.

2) Kyk hoofstuk II.

TABEL 5.

HOE DIKWELS STUDENTE DIE GELEENTHEID KRY OM NA DEMONSTRASIELESSE VAN VAKMETODIEKDOSENTE TE LUISTER MET SLEGS STUDENTE AS GEHOOR.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 GEREELD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 12 | 28.6 | 11 | 26.2 | 5 | 11.9 | 10 | 23.8 | 4 | 9.5 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 11 | 23.4 | 12 | 25.5 | 13 | 27.2 | 7 | 14.9 | 4 | 8.5 | 0 | 47 |
| OK. A. | 110 | 38.2 | 99 | 34.4 | 41 | 14.2 | 20 | 6.9 | 17 | 5.9 | 1 | 288 |
| OK. B. | 102 | 24.5 | 155 | 37.2 | 87 | 20.9 | 51 | 12.2 | 20 | 4.8 | 2 | 417 |
| OK. C. | 56 | 32.7 | 69 | 40.4 | 23 | 13.5 | 14 | 8.2 | 8 | 4.7 | 1 | 171 |
| OK. D. | 132 | 39.4 | 142 | 42.4 | 39 | 11.6 | 14 | 4.2 | 6 | 1.8 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 9 | 64.3 | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 0 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 3 | 17.6 | 1 | 5.9 | 1 | 5.9 | 12 | 70.6 | 0 | 17 |
| Koll. C. | 31 | 47.7 | 21 | 32.3 | 6 | 9.2 | 0 | 0.0 | 6 | 9.2 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 457 | 32.7 | 521 | 37.3 | 215 | 15.4 | 118 | 8.5 | 78 | 5.6 | 7 | 1396 |
| VOLGENS KURSUSSE | | | | | | | | | | | | |
| Graad. | 74 | 41.3 | 46 | 25.6 | 32 | 17.8 | 20 | 11.1 | 7 | 3.9 | 0 | 179 |
| Geesteswet. | 32 | 35.9 | 29 | 32.5 | 14 | 15.7 | 4 | 4.4 | 9 | 10.1 | 1 | 89 |
| Nat.wet. | 27 | 56.2 | 14 | 29.1 | 4 | 8.3 | 1 | 2.0 | 2 | 4.1 | 0 | 48 |
| Ha. | 49 | 42.6 | 30 | 26.0 | 16 | 13.9 | 11 | 9.5 | 6 | 5.2 | 3 | 115 |
| Huish.,tegnies. | 31 | 25.2 | 47 | 38.2 | 16 | 13.0 | 7 | 5.6 | 22 | 17.8 | 0 | 123 |
| L.O. | 21 | 27.6 | 34 | 44.7 | 5 | 6.5 | 9 | 11.8 | 6 | 7.8 | 1 | 76 |
| Ku.,mu.,dr. | 19 | 24.0 | 31 | 39.2 | 16 | 20.2 | 11 | 13.9 | 1 | 1.2 | 1 | 79 |
| Jr.-p. | 86 | 32.2 | 102 | 38.2 | 46 | 17.2 | 26 | 9.7 | 7 | 2.6 | 0 | 267 |
| Sr.-p. | 126 | 30.5 | 177 | 42.8 | 66 | 15.9 | 25 | 6.0 | 17 | 4.1 | 2 | 413 |
| Bes.laer. | 18 | 24.3 | 37 | 50.0 | 8 | 10.8 | 6 | 8.1 | 5 | 6.7 | 0 | 74 |
| TOTAAL. | 483 | 33.0 | 547 | 37.3 | 223 | 15.2 | 120 | 8.2 | 82 | 5.6 | 8 | 1463 |

demonstrasielesse, opleiding in die aanwending en hantering van vaktegniese apparaat en algemene opvoed=kundige hulpmiddels, die skep van geleenthede vir kinderstudie in kinderleidingklinieke, praktiese op=leiding in leierskap en laastens die oorkoepelende taak van opvoeding tot geestelike volwassenheid.[1)]

Na aanleiding van hierdie geformuleerde doel=stellings is deur middel van die vraelys ondersoek ingestel na die mate waarin en wyses waarop van ver=skillende soorte demonstrasielesse gebruik gemaak word, na die opleiding in die gebruik of hantering van vaktegniese apparaat en algemene opvoedkundige hulpmiddels en die rol van verskillende studente=bedrywighede by die opleidingsinrigtings.[2)]

a. Demonstrasielesse

(1) In die eerste plek is nagegaan hoe dikwels studente die geleentheid kry om na demonstra=dielesse van vakmetodiekdosente te luister met slegs studente as gehoor. Die besonderhede van die ant=woorde op hierdie vraag word in tabel 5 gegee.

---

1) Kyk hoofstuk III, p. 54.

2) Kyk bylae A, vrae B 1-3.

Uit die gegewens van tabel 5 blyk dit dat 70.0% (1+2)[1] van die respondente van al die inrigtings nooit of slegs af en toe na demonstrasielesse kan luister.[2] Die uitsondering is kollege B waar 70.6% van die respondente verklaar dat hulle gereeld na demonstrasielesse van vakmetodiekdosente luister.

'n Ontleding volgens kursusse toon dat die neiging van dosente om nooit of baie selde demonstrasielesse aan 'n uitsluitlik studentegehoor aan te bied, weinig verskil van kursus tot kursus. Die enigste duidelike uitsondering is by die hoërskoolkursus in huishoudkundige en tegniese vakke, waar 17.8% van die

---

1) (a) By die ontleding en bespreking van saamgestelde tabelle, d.w.s. tabelle waar die gegewens volgens inrigtings, kursusse en/of jaargroepe in een tabel saamgevat word, sal 'n ontleding en bespreking van totale persentasies in hierdie hoofstuk deurgaans verwys na die totale persentasies soos bereken uit die gegewens van die inrigtings.

(b) By tabelle wat die antwoorde op 'n vraag volgens 'n 5-puntskaal in 5 kolomme aandui, word die kolomme van 1-5 genommer. Waar daar dus in die bespreking van gegewens syfers tussen hakies na 'n persentasie aangegee word, dui dit aan dat die betrokke persentasie verwys na die som van die persentasies in die betrokke kolomme. In hierdie geval verwys 70.0% (1+2) dus na die som van die totale persentasies van kolomme 1 en 2 (tabel 5).

2) Kyk ook tabel 67.

TABEL 5.

**HOE GEREELD DEMONSTRASIELESSE VAN VAKMETODIEKDOSENTE MET SLEGS STUDENTE AS GEHOOR, DEUR DOSENT EN STUDENTE ONTLEED EN BESPREEK WORD.**

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 14 | 33.3 | 9 | 21.4 | 4 | 9.5 | 5 | 11.9 | 10 | 23.8 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 10 | 21.3 | 10 | 21.3 | 9 | 19.1 | 6 | 12.8 | 12 | 25.5 | 0 | 47 |
| OK. A. | 161 | 55.9 | 73 | 25.3 | 28 | 9.7 | 15 | 5.2 | 9 | 3.1 | 2 | 288 |
| OK. B. | 155 | 37.2 | 132 | 31.7 | 65 | 15.6 | 51 | 12.2 | 13 | 3.1 | 1 | 417 |
| OK. C. | 82 | 48.0 | 42 | 24.6 | 21 | 12.3 | 14 | 8.2 | 11 | 6.4 | 1 | 171 |
| OK. D. | 163 | 48.7 | 84 | 25.1 | 32 | 9.6 | 22 | 6.6 | 29 | 8.7 | 5 | 335 |
| Koll. A. | 4 | 28.6 | 0 | 0.0 | 8 | 57.1 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 0 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 15 | 88.2 | 0 | 17 |
| Koll. C. | 29 | 44.6 | 14 | 21.5 | 10 | 15.4 | 2 | 3.1 | 6 | 9.2 | 4 | 65 |
| TOTAAL. | 618 | 44.3 | 365 | 26.1 | 177 | 12.7 | 117 | 8.4 | 106 | 7.6 | 13 | 1396 |
| VOLGENS KURSUSSE | | | | | | | | | | | | |
| Graad. | 84 | 46.9 | 37 | 20.6 | 20 | 11.1 | 16 | 8.9 | 20 | 11.1 | 2 | 179 |
| Geesteswet. | 40 | 44.9 | 26 | 29.2 | 10 | 11.2 | 8 | 8.9 | 4 | 4.4 | 1 | 89 |
| Nat.wet. | 26 | 54.1 | 13 | 27.0 | 6 | 12.5 | 1 | 2.0 | 1 | 2.0 | 1 | 48 |
| Ha. | 51 | 44.3 | 35 | 30.4 | 15 | 13.0 | 3 | 2.6 | 6 | 5.2 | 5 | 115 |
| Huish.en tegnies | 39 | 31.7 | 33 | 26.8 | 16 | 13.0 | 10 | 8.1 | 23 | 18.6 | 2 | 123 |
| L.O. | 32 | 42.1 | 24 | 31.5 | 10 | 13.1 | 5 | 6.5 | 4 | 5.2 | 1 | 76 |
| Ku.,mu.,dr. | 25 | 31.6 | 20 | 25.3 | 17 | 21.5 | 13 | 16.4 | 4 | 5.0 | 0 | 79 |
| Jr.-p. | 135 | 50.5 | 68 | 25.4 | 28 | 10.4 | 29 | 10.8 | 6 | 2.2 | 1 | 267 |
| Sr.-p. | 187 | 45.2 | 105 | 25.4 | 53 | 12.8 | 32 | 7.7 | 34 | 8.2 | 2 | 413 |
| Bes.laer. | 33 | 44.5 | 18 | 24.3 | 8 | 10.8 | 6 | 8.1 | 9 | 12.1 | 0 | 74 |
| TOTAAL. | 652 | 44.5 | 379 | 25.9 | 183 | 12.5 | 123 | 8.4 | 111 | 7.5 | 15 | 1463 |

respondente verklaar dat hulle gereeld na sulke demonstrasielesse luister. Aangesien die studente van kollege B by hierdie kursusgroep ingeskakel is, stem die gegewens ooreen met dié van tabel 5.

Wat die ontleding en bespreking van hierdie demonstrasielesse deur dosente en studente betref, blyk dit uit tabel 6 dat 70.4% (1+2) van die respondente van al die inrigtings verklaar dat sodanige ontleding en bespreking nooit of slegs af en toe plaasvind.

Dit is egter opmerklik dat in die geval van kollege B 'n besonder hoë persentasie, t.w. 88.2% van die respondente en in die geval van die twee universiteite respektiewelik 23.8% en 25.5% van die respondente rapporteer dat die lesse altyd ontleed en bespreek word. Daarteenoor is die persentasie respondente wat dit verklaar veel laer by die ander inrigtings.

Die antwoorde van die verskillende kursusgroepe toon dat by die kursus in huishoudkundige en tegniese vakke, 18.6% van die respondente rapporteer dat die lesse altyd ontleed en bespreek word teenoor veel laer persentasies by die ander kursusgroepe. Die rede vir hierdie verskil is klaarblyklik toe te skryf aan die inskakeling van die studente van kollege B by die genoemde kursus.

(2) Tweedens is nagegaan hoe dikwels studente die geleentheid kry om na demonstrasielesse van vakmetodiekdosente te luister, met skoolkinders in 'n

TABEL 7.

HOE DIKWELS STUDENTE DIE GELEENTHEID KRY OM NA DEMONSTRASIELESSE VAN VAKMETODIEKDOSENTE TE LUISTER MET SKOOLKINDERS IN 'N DEMONSTRASIELOKAAL.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 GEREELD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 31 | 73.8 | 8 | 19.0 | 2 | 4.8 | 0 | 0.0 | 1 | 2.4 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 44 | 93.6 | 2 | 4.3 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 2.1 | 0 | 47 |
| OK. A. | 261 | 90.6 | 19 | 6.6 | 2 | 0.7 | 5 | 1.7 | 1 | 0.3 | 0 | 288 |
| OK. B. | 381 | 91.4 | 26 | 6.2 | 4 | 1.0 | 2 | 0.5 | 3 | 0.7 | 1 | 417 |
| OK. C. | 103 | 60.2 | 54 | 31.6 | 7 | 4.1 | 2 | 1.2 | 4 | 2.3 | 1 | 171 |
| OK. D. | 273 | 81.5 | 54 | 16.1 | 5 | 1.5 | 1 | 0.3 | 0 | 0.0 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 4 | 28.6 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 9 | 64.3 | 1 | 14 |
| Koll. B. | 6 | 35.3 | 0 | 0.0 | 2 | 11.8 | 6 | 35.3 | 0 | 0.0 | 3 | 17 |
| Koll. C. | 49 | 75.4 | 4 | 6.2 | 11 | 16.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 1152 | 82.5 | 167 | 12.0 | 33 | 2.4 | 16 | 1.1 | 19 | 1.4 | 9 | 1396 |

TABEL 8.

HOE GEREELD DEMONSTRASIELESSE VAN VAKMETODIEKDOSENTE MET SKOOLKINDERS IN 'N DEMONSTRASIELOKAAL DEUR DOSENT EN STUDENTE ONTLEED EN BESPREEK WORD.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 31 | 73.8 | 2 | 4.8 | 3 | 7.1 | 1 | 2.4 | 5 | 11.9 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 37 | 78.7 | 1 | 2.1 | 1 | 2.1 | 0 | 0.0 | 1 | 2.1 | 7 | 47 |
| OK. A. | 259 | 89.9 | 12 | 4.2 | 7 | 2.4 | 3 | 1.0 | 3 | 1.0 | 4 | 288 |
| OK. B. | 369 | 88.5 | 26 | 6.2 | 6 | 1.4 | 7 | 1.7 | 3 | 0.7 | 6 | 417 |
| OK. C. | 104 | 60.8 | 34 | 19.9 | 13 | 7.6 | 6 | 3.5 | 9 | 5.3 | 5 | 171 |
| OK. D. | 264 | 78.8 | 23 | 6.9 | 6 | 1.8 | 9 | 2.7 | 21 | 6.3 | 12 | 335 |
| Koll. A. | 4 | 28.6 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 7 | 50.0 | 0 | 14 |
| Koll. B. | 7 | 41.2 | 0 | 0.0 | 2 | 11.8 | 6 | 35.3 | 0 | 0.0 | 2 | 17 |
| Koll. C. | 45 | 69.2 | 2 | 3.1 | 6 | 9.2 | 1 | 1.5 | 4 | 6.2 | 6 | 65 |
| TOTAAL. | 1120 | 80.2 | 101 | 7.2 | 45 | 3.2 | 34 | 2.4 | 53 | 3.8 | 42 | 1396 |

demonstrasielokaal en hoe dikwels hierdie lesse agter=
na deur die studente en die dosent ontleed en be=
spreek word.

Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae word in tabelle 7 en 8 gegee.

Uit die gegewens van tabel 7 blyk dat die groot meerderheid (82.5%) van die studente nooit die ge=
leentheid kry om na demonstrasielesse van vakmetodiek=
dosente aan skoolkinders te luister nie.[1] Dit is opvallend dat by universiteit B en onderwyskolleges A en B, wat drie van die mees ervare inrigtings is, hierdie persentasies hoër as 90% is. In skrille kontras met al die inrigtings staan egter kollege A, waar 64.3% van die respondente aandui dat hulle ge=
reeld na dosente se demonstrasielesse met skoolkin=
ders kan luister.

Hierdie verskynsel is te verklaar uit die feit dat die betrokke inrigting die gebruik het om op Saterdagoggende private klasse vir skoolkinders te reël, waar dosente dan gereeld demonstrasielesse voor studente gee.[2]

Wat die ontleding en bespreking van hierdie soort demonstrasielesse deur die dosent en studente betref, blyk dit uit tabel 8 dat 80.2% van die to=
tale getal respondente van al die inrigtings ver=
klaar dat dit nooit plaasvind nie. Die opvallende

---

1) Kyk ook tabel 68.

2) Soos persoonlik waargeneem.

TABEL 9.

HOE DIKWELS STUDENTE SELF BY DIE OPLEIDINGSINRIGTINGS LESSE VOOR 'N DOSENT EN STUDENTE GEE, ASOF DIE MEDESTUDENTE 'N SKOOLKLAS IS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 GEREELD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 24 | 57.1 | 10 | 23.8 | 4 | 9.5 | 1 | 2.4 | 3 | 7.1 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 18 | 38.3 | 23 | 48.9 | 3 | 6.4 | 2 | 4.3 | 1 | 2.1 | 0 | 47 |
| OK. A. | 122 | 42.4 | 77 | 26.7 | 52 | 18.1 | 25 | 8.7 | 11 | 3.8 | 1 | 288 |
| OK. B. | 48 | 11.5 | 138 | 33.1 | 130 | 31.2 | 71 | 17.0 | 30 | 7.2 | 0 | 417 |
| OK. C. | 59 | 34.5 | 40 | 23.4 | 39 | 22.8 | 19 | 11.1 | 14 | 8.2 | 0 | 171 |
| OK. D. | 126 | 37.6 | 113 | 33.7 | 45 | 13.4 | 37 | 11.0 | 9 | 2.7 | 5 | 335 |
| Koll. A. | 2 | 14.3 | 8 | 57.1 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 2 | 11.8 | 6 | 35.3 | 2 | 11.8 | 3 | 17.6 | 4 | 23.5 | 0 | 17 |
| Koll. C. | 10 | 15.4 | 25 | 38.5 | 15 | 23.1 | 7 | 10.8 | 4 | 6.2 | 4 | 65 |
| TOTAAL. | 411 | 29.4 | 440 | 31.5 | 291 | 20.8 | 166 | 11.9 | 76 | 5.4 | 12 | 1396 |
| VOLGENS KURSUSSE | | | | | | | | | | | | |
| Graad. | 94 | 52.5 | 45 | 25.1 | 20 | 11.1 | 16 | 8.9 | 3 | 1.6 | 1 | 179 |
| Geesteswet. | 22 | 24.7 | 34 | 38.2 | 15 | 16.8 | 9 | 10.1 | 9 | 10.1 | 0 | 89 |
| Nat.wet. | 23 | 47.9 | 17 | 35.4 | 6 | 12.5 | 2 | 4.1 | 0 | 0.0 | 0 | 48 |
| Ha. | 23 | 20.0 | 47 | 40.8 | 19 | 16.5 | 18 | 15.6 | 6 | 5.2 | 2 | 115 |
| Huish., tegnies. | 21 | 17.0 | 42 | 34.1 | 32 | 26.0 | 16 | 13.0 | 11 | 8.9 | 1 | 123 |
| L.O. | 16 | 21.0 | 17 | 22.3 | 23 | 30.2 | 11 | 14.4 | 7 | 9.2 | 2 | 76 |
| Ku., mu., dr. | 15 | 18.9 | 32 | 40.5 | 17 | 21.5 | 8 | 10.1 | 4 | 5.0 | 3 | 79 |
| Jr.-p. | 85 | 31.8 | 65 | 24.3 | 65 | 24.3 | 27 | 10.1 | 23 | 8.6 | 2 | 267 |
| Sr.-p. | 118 | 28.5 | 140 | 33.8 | 87 | 21.0 | 55 | 13.3 | 12 | 2.9 | 1 | 413 |
| Bes.laer. | 22 | 29.7 | 12 | 16.2 | 21 | 28.3 | 12 | 16.2 | 7 | 9.4 | 0 | 74 |
| TOTAAL. | 439 | 30.0 | 451 | 30.8 | 305 | 20.8 | 174 | 11.8 | 82 | 5.6 | 12 | 1463 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 147 | 38.6 | 139 | 36.5 | 71 | 18.6 | 19 | 5.0 | 1 | 0.2 | 3 | 380 |
| Tweede. | 101 | 25.8 | 135 | 34.7 | 91 | 23.3 | 46 | 11.8 | 13 | 3.3 | 3 | 389 |
| Derde. | 75 | 16.8 | 114 | 25.6 | 107 | 24.0 | 84 | 18.9 | 60 | 13.5 | 4 | 444 |
| Vierde. | 94 | 49.7 | 51 | 27.0 | 22 | 11.6 | 18 | 9.5 | 2 | 1.1 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 417 | 29.7 | 439 | 31.3 | 291 | 20.7 | 167 | 11.9 | 76 | 5.4 | 12 | 1402 |

uitsonderings is by kollege A waar 50.0% van die res= spondente verklaar dat die lesse gereeld ontleed en bespreek word en by kollege B waar 35.3% van die respondente verklaar dat die lesse dikwels ontleed en bespreek word.

(3) Derdens is gepoog om vas te stel hoe dikwels studente in hulle opleiding self lesse voor studente en 'n dosent gegee het, sowel sonder as met skoolkinders en of sodanige lesse agterna ontleed en bespreek is. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae word in tabelle 9-11 gevind.

Uit die gegewens van tabel 9 blyk die volgende:

(a) Die persentasie studente wat nooit die geleentheid kry om self lesse voor die stu= dente te gee nie, is redelik laag, t.w. 29.4%.[1)]

(b) Kommentaar van 69.6% van die respondente ten opsigte van lesse voor studente val onder die kategorie „af en toe" tot „gereeld".

(c) In die geval van onderwyskollege B, kollege B, onderwyskollege C en kollege C rappor= teer respektiewelik 55.4%, 52.9%, 42.1% en 40.1% van die studente dat hulle van taamlik dikwels tot ge= reeld sulke demonstrasielesse aanbied.

Uit die ontleding volgens kursusse blyk dat by studente wat graadkursusse en hoërskoolgerigte kursusse in natuurwetenskappe volg, betreklik hoë persentasies (respektiewelik 52.5% en 47.9%) van die

---

1) Kyk ook tabel 65.

TABEL 10.

**HOE DIKWELS STUDENTE SELF BY DIE OPLEIDINGSINRIGTINGS LESSE AAN SKOOLKINDERS VOOR 'N DOSENT EN STUDENTE GEGEE HET.**

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 GEREELD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 23 | 54.8 | 5 | 11.9 | 3 | 7.1 | 5 | 11.9 | 6 | 14.3 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 41 | 87.2 | 3 | 6.5 | 1 | 2.1 | 0 | 0.0 | 1 | 2.1 | 1 | 47 |
| OK. A. | 208 | 72.2 | 10 | 3.5 | 11 | 3.8 | 25 | 8.7 | 27 | 9.4 | 7 | 288 |
| OK. B. | 346 | 83.0 | 13 | 3.1 | 19 | 4.6 | 12 | 2.9 | 17 | 4.1 | 10 | 417 |
| OK. C. | 146 | 85.4 | 7 | 4.1 | 6 | 3.5 | 2 | 1.2 | 5 | 2.9 | 5 | 171 |
| OK. D. | 253 | 75.5 | 19 | 5.7 | 25 | 7.5 | 14 | 4.2 | 11 | 3.3 | 13 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 8 | 57.1 | 1 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 8 | 47.1 | 0 | 0.0 | 5 | 29.4 | 3 | 17 |
| Koll. C. | 26 | 40.0 | 7 | 10.8 | 16 | 24.6 | 4 | 6.2 | 9 | 13.8 | 3 | 65 |
| TOTAAL. | 1044 | 74.8 | 66 | 4.7 | 91 | 6.5 | 63 | 4.5 | 89 | 6.4 | 43 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 287 | 75.5 | 25 | 6.5 | 29 | 7.6 | 22 | 5.7 | 7 | 1.8 | 10 | 380 |
| Tweede. | 289 | 74.2 | 17 | 4.3 | 31 | 7.9 | 15 | 3.8 | 25 | 6.4 | 12 | 389 |
| Derde. | 337 | 75.9 | 16 | 3.6 | 18 | 4.0 | 14 | 3.1 | 41 | 9.2 | 18 | 444 |
| Vierde. | 137 | 72.5 | 8 | 4.2 | 13 | 6.9 | 12 | 6.3 | 16 | 5.8 | 3 | 189 |
| TOTAAL. | 1050 | 74.8 | 66 | 4.7 | 91 | 6.4 | 63 | 4.4 | 89 | 6.3 | 43 | 1402 |

respondente nooit sodanige lesse gee nie.

Wat die verskillende jaargroepe betref blyk dit dat die gebruik om studente self lesse voor slegs studente te laat gee, toeneem van die eerste na die derde studiejaar. So bv. gee 38.6% van die eerste=jaars, 25.9% van die tweedejaars en 16.8% van die derdejaars nooit enige lesse voor medestudente nie en gee 0.2% van die eerstejaars, 3.3% van die twee=dejaars en 13.5% van die derdejaars gereeld sulke lesse voor medestudente.

By vierdejaarstudente wat in die meeste geval=le graadstudente sal wees[1] bied die grootste per=sentasie van hierdie groep (t.w. 76.7%) nooit of slegs af en toe sulke lesse aan.

Die posisie ten opsigte van die aanbieding van demonstrasielesse by die opleidingsinrigtings waar skoolleerlinge die klas uitmaak, word in tabel 10 uiteengesit. Uit die tabel blyk die volgende:

(a) Alhoewel alle inrigtings in 'n sekere mate van hierdie metode gebruik maak, kry die groot meerderheid van alle studente (t.w. 74.8%) nooit die geleentheid om sodanige lesse aan te bied nie.[2]

---

1) Die enigste vierjarige kursus wat ten tyde van die ondersoek nie 'n nagraadse diplomakursus was nie, was die vierjarige diplomakursus in kuns aangebied deur kollege A en Kollege C.

2) Kyk ook tabel 66.

TABEL 11.

HOE GEREELD LESSE WAT STUDENTE VOOR 'N DOSENT EN STUDENTE BY DIE OPLEIDINGSINRIGTING GEE, AGTERNA ONTLEED EN BESPREEK WORD.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 17 | 40.5 | 3 | 7.1 | 6 | 14.3 | 8 | 19.0 | 7 | 16.7 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 17 | 36.2 | 9 | 19.1 | 5 | 10.6 | 5 | 10.6 | 10 | 21.3 | 1 | 47 |
| OK | 147 | 51.0 | 31 | 10.8 | 32 | 11.1 | 26 | 9.0 | 49 | 17.0 | 3 | 288 |
| OK. . . | 129 | 30.9 | 75 | 18.0 | 74 | 17.7 | 67 | 16.1 | 65 | 15.6 | 7 | 417 |
| OK. C. | 64 | 37.4 | 33 | 19.3 | 23 | 13.5 | 29 | 17.0 | 20 | 11.7 | 2 | 171 |
| OK. D. | 133 | 39.7 | 63 | 18.8 | 49 | 14.6 | 43 | 12.8 | 35 | 10.4 | 12 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 3 | 21.4 | 8 | 57.1 | 0 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 3 | 17.6 | 13 | 76.5 | 0 | 17 |
| Koll. C. | 18 | 27.7 | 13 | 20.0 | 9 | 13.8 | 8 | 12.3 | 15 | 23.1 | 2 | 65 |
| TOTAAL. | 525 | 37.6 | 229 | 16.4 | 200 | 14.3 | 192 | 13.8 | 222 | 15.9 | 28 | 1396 |

(b) By twee inrigtings, t.w. kollege A en kollege B rapporteer respektiewelik 57.1% en 29.4% van die respondente dat daar gereeld van die metode gebruik gemaak word.

Die persentuele waardes van die jaargroepgege= wens toon 'n geringe styging in die persentasie stu= dente wat gereeld lesse voor medestudente aan leer= linge gee, t.w. 1.8% by eerstejaars, 6.4% by tweede= jaars, 9.2% by derdejaars, met 'n geringe daling tot 8.5% by vierdejaars.

In tabel 11 word uiteengesit hoe gereeld studen= te se lesse deur medestudente en die dosente ontleed en bespreek word.

Die volgende afleidings kan uit tabel 11 gemaak word:

(a) Van die respondente van die verskillende inrigtings se lesse word 37.6% nooit ontleed en bespreek nie, terwyl slegs 15.9% se lesse altyd ontleed en bespreek word.

(b) Die meerderheid (t.w. respek= tiewelik 57.1% en 76.5%) van die studente van kol= leges A en B en 'n redelike persentasie (t.w. respek= tiewelik 21.3% en 23.1%) van die respondente van universiteit B en kollege C rapporteer dat sodanige lesse altyd ontleed en bespreek word.

Ten opsigte van die aanbieding van die verskil= lende soorte demonstrasielesse as deel van die prak= tiese vorming van studente by die opleidingsinrigtings,

TABEL 12.

**DIE MATE WAARIN STUDENTE VERTROUD GEMAAK IS MET APPARAAT WAT HULLE IN HULLE BESONDERE ONDERWYSRIGTING SAL MOET KAN GEBRUIK EN LAAT GEBRUIK.**

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 1 | 2.4 | 6 | 14.3 | 16 | 38.1 | 11 | 26.2 | 8 | 19.0 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 3 | 6.4 | 4 | 8.5 | 14 | 29.8 | 16 | 34.0 | 10 | 21.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 33 | 11.5 | 58 | 20.1 | 65 | 22.6 | 86 | 29.9 | 43 | 14.9 | 3 | 288 |
| OK. B. | 28 | 6.7 | 78 | 18.7 | 113 | 27.1 | 143 | 34.3 | 54 | 12.9 | 1 | 417 |
| OK. C. | 8 | 4.7 | 29 | 17.0 | 47 | 27.5 | 63 | 36.8 | 23 | 13.5 | 1 | 171 |
| OK. D. | 38 | 11.3 | 89 | 26.6 | 100 | 29.9 | 86 | 25.7 | 18 | 5.4 | 4 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 3 | 21.4 | 2 | 14.3 | 6 | 42.9 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 29.4 | 5 | 29.4 | 5 | 29.4 | 2 | 17 |
| Koll. C. | 7 | 10.8 | 20 | 30.8 | 11 | 16.9 | 16 | 24.6 | 10 | 15.4 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 118 | 8.5 | 285 | 20.4 | 374 | 26.8 | 428 | 30.7 | 177 | 12.7 | 14 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 54 | 14.2 | 115 | 30.2 | 126 | 33.1 | 68 | 17.8 | 12 | 3.1 | 5 | 380 |
| Tweede. | 21 | 5.3 | 62 | 15.9 | 107 | 27.5 | 137 | 35.2 | 58 | 14.9 | 4 | 389 |
| Derde. | 45 | 5.6 | 60 | 13.5 | 103 | 23.1 | 172 | 38.7 | 80 | 18.0 | 4 | 444 |
| Vierde. | 19 | 10.1 | 50 | 26.5 | 40 | 21.2 | 53 | 28.0 | 26 | 13.8 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 119 | 8.4 | 287 | 20.4 | 376 | 26.8 | 430 | 30.6 | 176 | 12.5 | 14 | 1402 |

kan samevattend die volgende afleidings uit studente se antwoorde gemaak word:

(a) Demonstrasielesse deur dosente en studente is nie 'n gewilde metode van praktiese opleiding nie.

(b) Die enigste tipe demonstrasieles wat redelik dikwels deur die meeste inrigtings ge= bruik word, is dié waar studente in die lesinglokaal 'n les aan medestudente gee asof hulle 'n skoolklas is.

(c) Die metode wat baie waarde vir studente behoort te hê nl. waar dosente 'n demonstra= sieles vir studente gee en skoolkinders die klas uit= maak, word slegs in twee klein inrigtings gereeld toegepas.

b. <u>Opleiding in die aanwending en hantering van vaktegniese apparaat en algemene op= voedkundige hulpmiddels</u>

1) In die eerste plek is probeer om vas te stel in watter mate studente vertroud geraak het met die aanwending van apparaat en algemene opvoedkundige hulpmiddels wat hulle in hulle besondere onderwys= rigtings sal moet kan gebruik en laat gebruik.

Uit die gegewens van tabel 12 blyk die volgen= de:

(a) Van die respondente verklaar 8.5% dat hulle glad nie vertroud gemaak is met die nood= saaklike apparaat en hulpmiddels nie, 20.4% in 'n geringe mate, 26.8% heelwat, 30.7% in 'n hoë mate en

slegs 12.7% in die hoogste mate.

(b) Van al die inrigtings is kolleges A en B die enigste waar geen student verklaar dat hulle glad nie met die noodsaaklike apparaat en hulp=middels vertroud gemaak is nie.

Die skynbare neiging van inrigtings om studente in hierdie opsig nie volledig op te lei nie, word bevestig deur die gegewens volgens jaargroepe.

Uit die ontleding volgens jaargroepe blyk dat van die derde- en vierdejaarstudente wat grootliks a tuderende studente is, respektiewelik 19.1% (1+2) en 36.6% (1+2) verklaar dat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate met al die apparaat en hulpmid=dels vertroud gemaak is. Aan die ander kant ver=klaar 17.8% van die eerstejaarstudente dat hulle al in 'n hoë mate en 3.1% dat hulle in die hoogste mate met alle apparaat vertroud gemaak is. Aangesien dit te betwyfel is of eerstejaarstudente ten volle op hoogte kan wees met watter apparaat en hulpmiddels hulle in die loop van hulle kursus vertroud behoort te raak, kan die gegewens van eerstejaars nie as heeltemal betroubaar aanvaar word nie.

Uit die gegewens van die tabel is dit egter duidelik genoeg om samevattend te kan verklaar dat studente by hulle opleidingsinrigtings nie na wense met vaktegniese apparaat en algemene opvoedkundige hulpmiddels vertroud gemaak word nie.

TABEL 13.

OF STUDENTE IN DIE RES VAN HULLE KURSUS WEL DIE GELEENTHEID GEBIED SAL WORD OM NADER KENNIS TE MAAK MET APPARAAT WAARMEE HULLE BETER VERTROUD BEHOORT TE RAAK.

| VOLGENS INRIGTINGS | NEE | | WEET NIE | | JA | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ A. | 24 | 57.1 | 7 | 16.7 | 11 | 26.2 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 21 | 44.7 | 11 | 23.4 | 13 | 27.7 | 2 | 47 |
| OK. A. | 69 | 24.0 | 76 | 26.4 | 140 | 48.6 | 3 | 288 |
| OK. B. | 113 | 27.1 | 100 | 24.0 | 204 | 48.9 | 0 | 417 |
| OK. C. | 47 | 27.5 | 39 | 22.8 | 84 | 49.1 | 1 | 171 |
| OK. D. | 46 | 13.7 | 94 | 28.1 | 192 | 57.3 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 12 | 85.7 | 0 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 15 | 88.2 | 2 | 17 |
| Koll. C. | 24 | 36.9 | 16 | 24.6 | 25 | 38.5 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 344 | 24.6 | 345 | 24.7 | 696 | 49.9 | 11 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | |
| Eerste. | 27 | 7.1 | 67 | 17.6 | 284 | 74.7 | 2 | 380 |
| Tweede. | 7 | 1.7 | 115 | 29.5 | 266 | 68.3 | 1 | 389 |
| Derde. | 222 | 50.0 | 117 | 26.3 | 99 | 22.2 | 6 | 444 |
| Vierde. | 88 | 46.6 | 48 | 25.4 | 50 | 26.5 | 3 | 189 |
| TOTAAL. | 344 | 24.5 | 347 | 24.7 | 699 | 49.8 | 12 | 1402 |

2) Tweedens is nagegaan of studente van mening is dat daar in die res van hulle kursus nog geleent= heid sal wees om met die apparaat waarmee hulle beter vertroud behoort te raak, kennis te maak.

Uit die gegewens van tabel 13 blyk dat ongeveer die helfte (49.9%) van die respondente van mening is dat dit wel sal gebeur, terwyl 24.6% ontkennend ant= woord en 24.7% onseker is. Hierdie antwoorde kan hoogstens as respondente se vermoedens beskou word aangesien dit onmoontlik is om te bepaal op grond van watter gegewens - indien enige - hulle geantwoord het. Uit 'n ontleding van die jaargroepe se antwoorde blyk dit byvoorbeeld dat respektiewelik 22.2% en 26.5% van die derde- en vierdejaargroepe (d.w.s. hoofsaaklik afstuderende studente) van mening is dat hulle wel nog sulke geleenthede sal kry. Aangesien studente die vraelyste teen die einde van die jaar beantwoord het, was daar vir hierdie betrokke groepe eintlik nie meer geleenthede om nog met noodsaaklike opvoedkun= dige hulpmiddels en apparaat vertroud te raak nie. Daar kan gevolglik nie veel waarde aan die antwoorde op hierdie vraag geheg word nie.

c. Studentebedrywighede

Onderwysstudente se deelname aan die verskillende studentebedrywighede word in die eerste plek gesien as 'n geleentheid om noodsaaklike oplei= ding en oefening in praktiese leierskap vir die skoolsituasie en in gemeenskapsverband te ontvang. Tweedens dra deelname aan hierdie bedrywighede by tot die breë en gebalanseerde vorming van die student op

**TABEL 14.**

BEDRYWIGHEDE WAARAAN STUDENTE AKTIEF DEELNEEM, VOLGENS INRIGTINGS

| | STUDENTE-RAAD | | HUIS-KOMITEE | | KERKLIKE VERENIGINGS | | TONEEL-VERENIGINGS | | SPORT-BEDRYWIGHEDE | | DEBATS-VERENIGINGS | | KULTURELE JEUGBEWEGINGS | | STOKPERDJIE VERENIGINGS | | GEEN BEDRYWIGHEDE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INRIGTING | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Univ. A. | 2 | 4.8 | 10 | 23.8 | 27 | 64.3 | 3 | 7.1 | 33 | 78.6 | 2 | 4.8 | 4 | 9.5 | 10 | 23.8 | 1 | 2.4 | 42 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 7 | 14.9 | 12 | 25.5 | 1 | 2.1 | 28 | 59.6 | 2 | 4.3 | 3 | 6.4 | 12 | 25.5 | 12 | 25.5 | 47 |
| OK. A. | 6 | 2.1 | 37 | 12.8 | 198 | 68.8 | 19 | 6.6 | 176 | 61.1 | 16 | 5.6 | 95 | 33.0 | 52 | 18.1 | 20 | 6.9 | 288 |
| OK. B. | 0 | 0.0 | 35 | 8.4 | 251 | 60.2 | 40 | 9.6 | 221 | 53.0 | 11 | 2.6 | 150 | 36.0 | 71 | 17.0 | 39 | 9.4 | 417 |
| OK. C. | 2 | 1.2 | 10 | 5.8 | 58 | 33.9 | 20 | 11.7 | 105 | 61.4 | 7 | 4.1 | 41 | 24.0 | 24 | 14.0 | 30 | 17.5 | 171 |
| OK. D. | 7 | 2.1 | 24 | 7.2 | 71 | 21.2 | 47 | 14.0 | 139 | 41.5 | 4 | 1.2 | 18 | 5.4 | 54 | 16.1 | 106 | 31.6 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 4 | 28.6 | 4 | 28.6 | 2 | 14.3 | 3 | 21.4 | 6 | 42.9 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 3 | 17.6 | 0 | 0.0 | 3 | 17.6 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 12 | 70.6 | 17 |
| Koll. C. | 6 | 9.2 | 8 | 12.3 | 22 | 33.8 | 9 | 13.8 | 44 | 67.7 | 8 | 12.3 | 9 | 13.8 | 10 | 15.4 | 9 | 13.8 | 65 |
| TOTAAL | 27 | 1.9 | 131 | 9.4 | 644 | 46.1 | 141 | 10.1 | 753 | 53.9 | 54 | 3.9 | 322 | 23.1 | 236 | 16.9 | 235 | 16.8 | 1396 |

sy weg na geestelike volwassenheid.

In vraag B3 is studente gevolglik gevra om die kampusbedrywighede waaraan hulle aktief deelneem, aan te dui. Die besonderhede van die antwoorde op hier= die vraag word in tabelle 14-16 gegee.

(1) Uit 'n ontleding van tabel 14 blyk die volgende, veral na aanleiding van die persentuele verteenwoordiging van die verskillende aktiwiteite:

(a) Sportbedrywighede

53.9% van die respondente neem aan verskillende sportbedrywighede deel. Hierdie verskynsel is in ooreenstemming met die klem wat by die meeste opleidingsinrigtings gelê word op deelna= me aan sportaktiwiteite met die oog op die leiding wat onderwysers op sportgebied by die skole moet neem.

(b) Kerklike verenigings

Aan hierdie bedrywighede neem 46.1% van die respondente deel. Opvallend is die feit dat by drie inrigtings, te wete onderwyskollege A, universiteit A en onderwyskollege B respektiewelik 68.8%, 64.3% en 60.2% van die respondente aan kerk= like verenigings behoort in teenstelling met veel laer persentasies by die ander inrigtings. Uit die oogpunt van die groot betekenis wat hierdie bedrywig= hede in die godsdienstige vorming van toekomstige onderwysers kan hê, is dit bemoedigend dat 'n redeli= ke persentasie studente wel aktief aan die kerklike verenigingslewe deelneem. Dit is egter ook veront= rustend dat in die geval van sekere inrigtings die

persentasie deelname besonder laag is.

(c) Kulturele jeugbewegings

Aan hierdie bedrywighede neem 23.1% van die studente deel. Die feit dat studente aan die Afrikaanse onderwyskolleges in die geleent=heid gestel word om opleiding as Voortrekker-offisie=re te ondergaan,[1] is waarskynlik vir die groter per=sentasie deelname aan jeugbewegings by drie van hier=die inrigtings verantwoordelik.

(d) Stokperdjieverenigings

16.9% van die studente beoefen een of ander stokperdjie soos skaak, fotografie, ens. as 'n studentebedrywigheid. Dit is opvallend dat die persentasie deelname van universiteitstudente hier hoër is as by al die ander inrigtings.

(e) Geen deelname aan studentebedry=wighede

Uit die getal respondente is daar 16.8% wat aan geen studentebedrywighede deelneem nie. As van die standpunt uitgegaan word dat deelname aan studentebedrywighede 'n belangrike bydrae maak tot die algemene en beroepsvorming van die toekomstige onderwyser, is dit verontrustend dat soveel studente nie van die geleenthede wat die inrigtings se georga=niseerde studentelewe bied, gebruik maak nie. Dit moet egter in oorweging geneem word dat by die vier

---

1) Soos meegedeel.

inrigtings waar die hoogste persentasie geen deelname gerapporteer is, 'n baie groot persentasie van die inrigtings se studente dagstudente is wat gewoonlik moeiliker aan studentebedrywighede kan deelneem.

(f) Toneelverenigings

10.1% van die studente neem deel aan hierdie bedrywigheid. Toneelwerk is 'n be= langrike en bruikbare vaardigheid vir die onderwyser, maar aangesien dit die nodige aanleg en belangstelling vereis, is beperkte deelname aan so 'n aktiwiteit verstaanbaar.

(g) Huiskomitee

Tot hierdie leiersgroep in die studentelewe behoort 9.4% van die respondente.

(h) Debatsverenigings

Slegs 3.9% van die studente neem aan hierdie vorm van kulturele bedrywigheid deel. Aangesien oefening in openbare optrede vir die toe= komstige onderwyser groot waarde het, is dit jammer dat so min studente aan hierdie bedrywigheid deel= neem.

(i) Studenteraad

Die studenteraad is die be= langrikste leiersgroep in 'n studentegemeenskap en vorm uit die aard van sy samestelling 'n klein per= sentasie van so 'n gemeenskap. Gevolglik is die ge= ringe verteenwoordiging van 1.9% in die ondersoek= groep te verwagte.

TABEL 15.

BEDRYWIGHEDE WAARAAN STUDENTE AKTIEF DEELNEEM, VOLGENS KURSUSSE

| | STUDENTE-RAAD | | HUIS-KOMITEE | | KERKLIKE VERENI-GINGS | | TONEEL-VERENI-GINGS | | SPORT-BEDRY-WIGHEDE | | DEBATS-VERENI-GINGS | | KULTURE-LE JEUG-BEWEGINGS | | STOKPERD-JIE VER-ENIGINGS | | GEEN BEDRY-WIGHEDE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KURSUS | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Graad. | 8 | 4.4 | 30 | 16.7 | 54 | 30.1 | 15 | 8.3 | 87 | 48.6 | 6 | 3.3 | 12 | 6.7 | 30 | 16.7 | 50 | 27.9 | 179 |
| Geesteswet. | 0 | 0.0 | 12 | 13.4 | 46 | 51.6 | 19 | 21.3 | 39 | 43.8 | 8 | 8.9 | 7 | 7.8 | 22 | 24.7 | 15 | 16.9 | 89 |
| Nat. wet. | 2 | 4.1 | 4 | 8.3 | 22 | 45.8 | 5 | 10.4 | 30 | 62.5 | 4 | 8.3 | 6 | 12.5 | 12 | 25.0 | 7 | 14.6 | 48 |
| Ha. | 1 | 0.8 | 11 | 9.5 | 61 | 53.0 | 11 | 9.5 | 79 | 68.6 | 9 | 7.8 | 38 | 33.0 | 19 | 16.5 | 12 | 10.4 | 115 |
| Huish., tegnies. | 3 | 2.4 | 11 | 8.9 | 62 | 50.4 | 11 | 8.9 | 59 | 47.9 | 4 | 3.2 | 27 | 21.9 | 21 | 17.0 | 23 | 18.7 | 123 |
| L.O. | 0 | 0.0 | 8 | 10.5 | 23 | 30.2 | 6 | 7.8 | 72 | 94.7 | 3 | 3.9 | 5 | 6.5 | 8 | 10.5 | 2 | 2.6 | 76 |
| Ku., mu., dr. | 5 | 6.3 | 7 | 8.8 | 37 | 46.8 | 18 | 22.7 | 25 | 31.6 | 6 | 7.5 | 15 | 18.9 | 15 | 18.9 | 17 | 21.5 | 79 |
| Jr.-p. | 1 | 0.3 | 15 | 5.6 | 142 | 53.1 | 16 | 5.9 | 127 | 47.5 | 5 | 1.8 | 105 | 39.3 | 43 | 16.1 | 35 | 13.1 | 267 |
| Sr.-p. | 4 | 0.9 | 30 | 7.2 | 197 | 47.6 | 37 | 8.9 | 236 | 57.1 | 13 | 3.1 | 105 | 25.4 | 69 | 16.7 | 67 | 16.2 | 413 |
| Bes. laer. | 1 | 1.3 | 7 | 9.4 | 28 | 37.8 | 13 | 17.5 | 43 | 58.1 | 2 | 2.7 | 17 | 22.9 | 14 | 18.9 | 10 | 13.5 | 74 |
| TOTAAL. | 25 | 1.7 | 135 | 9.2 | 672 | 45.9 | 151 | 10.3 | 797 | 54.4 | 60 | 4.1 | 337 | 23.0 | 253 | 17.2 | 238 | 16.3 | 1463 |

(2) In tabel 15 word die respondente se deelname aan studentebedrywighede volgens kursusse uiteengesit. Uit 'n ontleding van hierdie tabel kan die volgende opmerkings gemaak word:

(a) Studente wat 'n graadkursus volg neem hoofsaaklik aan sportbedrywighede (48.6%) en kerklike verenigingslewe (30.1%) deel. Dit is sorg=wekkend dat by hierdie groep, van wie normaalweg ver=wag kan word dat hulle 'n leidende rol in hulle skole en omgewing sal moet speel, 50 studente (d.w.s. 27.9%) aan geen studentebedrywighede deelneem nie. Dieself=de neiging is merkbaar by die laerskoolgerigte kursus in senior-primêre werk, waar 67 studente (d.w.s. 16.2%) nie aan enige studentebedrywighede deelneem nie. Uit hierdie groep sal weer normaalweg die per=sone getrek word wat in laerskole die leiding sal moet neem.

(b) Soos verwag kan word, neem 'n hoë persentasie (t.w. 94.7%) van die studente wat 'n kur=sus in liggaamlike opvoeding volg, aan sportbedrywig=hede deel, terwyl hulle persentasie deelname onder die ander hoofde betreklik gering is. Die gevaar mag bestaan dat hierdie studente om die rede eensydige opleiding ondergaan.

(3) In tabel 16 word studente se bedrywig=hede volgens jaargroepe uiteengesit. Uit 'n ontle=ding van hierdie tabel is dit duidelik dat studente se persentuele verteenwoordiging in studenterade en huiskomitees feitlik deurgaans in direkte verhouding

TABEL 16.

BEDRYWIGHEDE WAARAAN STUDENTE AKTIEF DEELNEEM, VOLGENS JAARGROEPE.

| | STUDENTE-RAAD | | HUIS-KOMITEE | | KERKLIKE VERENIGINGS | | TONEEL-VERENIGINGS | | SPORT-BEDRYWIGHEDE | | DEBATS-VERENIGINGS | | KULTURELE JEUGBEWEGINGS | | STOKPERDJIE VERENIGINGS | | GEEN BEDRYWIGHEDE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAARGROEP | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Eerste. | 3 | 0.7 | 7 | 1.8 | 190 | 50.0 | 42 | 11.0 | 215 | 56.5 | 14 | 3.6 | 98 | 25.7 | 46 | 12.1 | 44 | 11.6 | 380 |
| Tweede. | 7 | 1.7 | 37 | 9.5 | 194 | 49.8 | 42 | 10.7 | 214 | 55.0 | 15 | 3.8 | 100 | 25.7 | 76 | 19.5 | 66 | 17.0 | 389 |
| Derde. | 5 | 1.1 | 57 | 12.8 | 206 | 46.3 | 40 | 9.0 | 235 | 52.9 | 16 | 3.6 | 110 | 24.7 | 76 | 17.1 | 67 | 15.1 | 444 |
| Vierde. | 12 | 6.3 | 31 | 16.4 | 56 | 29.6 | 17 | 9.0 | 92 | 48.7 | 8 | 4.2 | 14 | 7.4 | 40 | 21.2 | 55 | 29.1 | 189 |
| TOTAAL. | 27 | 1.9 | 132 | 9.4 | 646 | 46.0 | 141 | 10.0 | 756 | 53.9 | 53 | 3.7 | 322 | 22.9 | 238 | 16.9 | 232 | 16.5 | 1402 |

tot hulle senioriteit staan. So is die verteenwoor=diging van die ondersoekgroep in die studenterade 0.7% by eerstejaars, 1.7% by tweedejaars, 1.1% by derdejaars en 6.3% by vierdejaars. Ten opsigte van die huiskomitees is die verteenwoordiging 1.8% by eerstejaars, 9.5% by tweedejaars, 12.8% by derdejaars en 16.4% by vierdejaars.

'n Omgekeerde tendens is egter ook merkbaar, nl. dat studente se deelname aan sport- en kulturele aktiwiteite persentueel in direkte verhouding afneem met hulle senioriteit. So bv. neem die deelname aan kerklike verenigings af van 50.0% by eerstejaars na 49.8% by tweedejaars, 46.3% by derdejaars en 29.6% by vierdejaars.

Samevattend kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word ten opsigte van die bydrae van studente se deelname aan die verskillende studentebedrywighe=de:

(a) Alhoewel studente aan 'n groot verskeidenheid sport- en kulturele aktiwiteite deel=neem, is die persentasie deelname oor die algemeen nie baie hoog nie,veral as daar van die standpunt uitgegaan word dat vir toekomstige onderwysers deel=name aan en kundigheid in 'n verskeidenheid buite=muurse bedrywighede eintlik 'n noodsaaklike deel van hulle toerusting as onderwysers is.

(b) Dit is sorgwekkend dat 'n aansien=like persentasie studente geen deel het aan enige

TABEL 17.

DIE TOTALE AANTAL DAE OEFENONDERWYS WAT DIE STUDENT-RESPONDENTE TEN TYE VAN HIERDIE ONDERSOEK GEGEE HET.

| | DAE | 1-10 | 11-25 | 26-40 | 41-55 | 56-70 | 71-85 | 86-100 | 101+ | GEEN AANTAL | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Volgens INRIGTINGS | | | | | | | | | | | |
| Univ. A. | N | 0 | 6 | 5 | 19 | 6 | 2 | 4 | 0 | 0 | 42 |
| | % | 0.0 | 14.3 | 11.9 | 45.2 | 14.3 | 4.8 | 9.5 | 0.0 | | |
| Univ. B. | N | 0 | 7 | 7 | 15 | 6 | 6 | 2 | 4 | 0 | 47 |
| | % | 0.0 | 14.9 | 14.9 | 31.9 | 12.8 | 12.8 | 4.3 | 8.5 | | |
| OK. A. | N | 1 | 32 | 52 | 6 | 63 | 32 | 46 | 50 | 6 | 288 |
| | % | 0.3 | 11.1 | 18.1 | 2.1 | 21.9 | 11.1 | 16.0 | 17.4 | | |
| OK. B. | N | 1 | 38 | 78 | 36 | 48 | 41 | 79 | 93 | 3 | 417 |
| | % | 0.2 | 9.1 | 18.7 | 8.6 | 11.5 | 9.8 | 18.9 | 22.3 | | |
| OK. C. | N | 6 | 20 | 33 | 1 | 33 | 5 | 26 | 45 | 2 | 171 |
| | % | 3.5 | 11.7 | 19.3 | 0.6 | 19.3 | 2.9 | 15.2 | 26.3 | | |
| OK. D. | N | 0 | 0 | 142 | 23 | 18 | 35 | 23 | 91 | 3 | 335 |
| | % | 0.0 | 0.0 | 42.4 | 6.9 | 5.4 | 10.4 | 6.9 | 27.2 | | |
| Koll. A. | N | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 2 | 8 | 3 | 14 |
| | % | 0.0 | 0.0 | 7.1 | 0.0 | 0.0 | 0.0 | 14.3 | 57.1 | | |
| Koll. B. | N | 3 | 8 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 5 | 17 |
| | % | 17.6 | 47.1 | 0.0 | 0.0 | 5.9 | 0.0 | 0.0 | 0.0 | | |
| Koll. C. | N | 3 | 22 | 11 | 18 | 4 | 3 | 2 | 2 | 0 | 65 |
| | % | 4.6 | 33.8 | 16.9 | 27.7 | 6.2 | 4.6 | 3.1 | 3.1 | | |
| TOTAAL | N | 14 | 133 | 329 | 118 | 179 | 124 | 184 | 293 | 22 | 1396 |
| | % | 1.0 | 9.5 | 23.6 | 8.5 | 12.8 | 8.9 | 13.2 | 21.0 | 1.6 | |
| Volgens JAARGROEPE | | | | | | | | | | | |
| Eerste | N | 9 | 92 | 230 | 6 | 13 | 5 | 9 | 11 | 5 | 380 |
| | % | 2.3 | 24.2 | 60.5 | 1.5 | 3.4 | 1.3 | 2.3 | 2.8 | | |
| Tweede | N | 2 | 31 | 46 | 39 | 101 | 61 | 64 | 37 | 8 | 389 |
| | % | 0.5 | 7.9 | 11.8 | 10.0 | 25.9 | 15.6 | 16.4 | 9.5 | | |
| Derde | N | 3 | 3 | 30 | 26 | 13 | 33 | 102 | 224 | 10 | 444 |
| | % | 0.6 | 0.6 | 6.7 | 5.8 | 2.9 | 7.4 | 22.9 | 50.4 | | |
| Vierde | N | 0 | 7 | 26 | 47 | 53 | 25 | 10 | 21 | 0 | 189 |
| | % | 0.0 | 3.7 | 13.8 | 24.9 | 28.0 | 13.2 | 5.3 | 11.1 | 0.0 | |
| TOTAAL | N | 14 | 133 | 332 | 118 | 180 | 124 | 185 | 293 | 23 | 1402 |
| | % | 0.9 | 9.4 | 23.6 | 8.4 | 12.8 | 8.8 | 13.1 | 20.8 | 1.6 | |

buitemuurse bedrywighede van hulle inrigtings nie. Selfs al sou aanvaar word dat studente wat nie aan kampusbedrywighede deelneem nie, miskien op akademie=se gebied presteer, moet sulke studente nog as onvol=ledig-toegeruste onderwysers beskou word.

4. Die praktiese opleiding van onderwysers tydens oefenonderwys

Met die geformuleerde doelstellings vir oefenonderwys[1)] as uitgangspunt, is in afdeling C van die vraelys aan studente 'n verskeidenheid vrae ge=stel wat bedoel is om die verskillende aspekte van hulle kennismaking met die onderwyspraktyk en hoe dit hulle praktiese opleiding raak, te ontleed.

a. Organisasie van oefenonderwys

(1) Vraag C1(a) wil vasstel hoeveel die ervaring die ondersoekgroep van oefenonderwys gehad het ten tye van die ondersoek. Die besonderhede van die antwoorde op die vraag word in tabel 17 gevind.

Uit die ontleding volgens inrigtings soos weer=gegee in tabel 17, blyk dat die ondersoekgroep saam=gestel is uit studente van wie die meerderheid (55.9%) meer as 55 dae (10 weke) oefenonderwyserva=ring gehad het, terwyl 21.0% 100 dae en langer erva=ring gehad het. Slegs 1.0% het 10 dae en minder ervaring gehad. Die respondente kan gevolglik as 'n groep met heelwat ervaring van oefenonderwys beskou word.

1) Kyk hoofstuk III, p. 57.

TABEL 18.

LIGGING VAN SKOLE WAAR STUDENTE OEFENONDERWYS GEGEE HET TEN OPSIGTE VAN HULLE VASTE WOONPLEK (OUERHUIS, LOSIESHUIS OF KOSHUIS).

| INRIGTING | | UNIV. A. | UNIV. B. | OK. A. | OK. B. | OK. C. | OK. D. | KOLL. A. | KOLL. B. | KOLL. C. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Binne loopafstand. | N | 8 | 8 | 49 | 63 | 19 | 32 | 2 | 0 | 14 | 195 |
| | % | 19.0 | 17.0 | 17.0 | 15.1 | 11.1 | 9.6 | 14.3 | 0.0 | 21.5 | 14.0 |
| Maklik bereikbaar met eie, privaat of openbare vervoer | N | 23 | 20 | 78 | 147 | 71 | 187 | 7 | 0 | 25 | 558 |
| | % | 54.8 | 42.6 | 27.1 | 35.3 | 41.5 | 55.8 | 50.0 | 0.0 | 38.5 | 40.0 |
| Bereikbaar met vervoermiddele maar met heelwat moeite en koste. | N | 4 | 18 | 52 | 152 | 61 | 110 | 1 | 0 | 13 | 411 |
| | % | 9.5 | 38.3 | 18.1 | 36.5 | 35.7 | 32.8 | 7.1 | 0.0 | 20.0 | 29.4 |
| Moes naby die skool gaan loseer het. | N | 7 | 1 | 105 | 45 | 18 | 3 | 0 | 0 | 13 | 192 |
| | % | 16.7 | 2.1 | 36.5 | 10.8 | 10.5 | 0.9 | 0.0 | 0.0 | 20.0 | 13.8 |
| Geen antwoord. | N | 0 | 0 | 4 | 10 | 2 | 3 | 4 | 17 | 0 | 40 |
| TOTAAL. | N | 42 | 47 | 288 | 417 | 171 | 335 | 14 | 17 | 65 | 1396 |

Uit die ontleding volgens jaargroepe blyk dat die grootste persentasie eerstejaars (60.5%) van 26-40 dae (5-8 weke) oefenonderwyservaring het, die tweede=jaars meestal 56-70 dae (11-14 weke), die derdejaars 101 dae (20 weke) en langer en die vierdejaars meestal 56-70 dae. Die rede vir die minder ervaring van vierdejaars is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hierdie studente grootliks nagraadse diplomastudente is wat gewoonlik minder oefenonderwys gee as die suiwer diplomastudente.

(2) Vraag C1(b) wil vasstel hoe ver studente se woonplek (d.w.s. ouerhuise, koshuise of losieshui=se) van die oefenskole was en of studente noemens=waardige probleme ondervind het om die skole te bereik. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 18 gegee.

Uit tabel 18 blyk:

(a) Die meerderheid studente ondervind blykbaar nie veel probleme om by hulle oefenskole uit te kom nie, want 14.0% is binne loopafstand van die skole geplaas terwyl vir 40.0% die skole maklik be=reikbaar was met eie, privaat of openbare vervoer. Slegs vir 29.4% van die respondente was die skole met heelwat koste en moeite bereikbaar, terwyl 13.8% naby die skole gaan woon het.

(b) Dit is veral studente van die ste=delike inrigtings wat probleme met vervoer en die koste daaraan verbonde, ondervind.

TABEL 19.

OF STUDENTE TYDENS OEFENONDERWYS OOK NOG NOODSAAKLIKE VERPLIGTINGE BY DIE OPLEIDINGSINRIGTINGS MOET NAKOM.

| VOLGENS INRIGTINGS | JA | | NEE | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 18 | 42.9 | 23 | 54.8 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 22 | 46.8 | 25 | 53.2 | 0 | 47 |
| OK. A. | 92 | 31.9 | 191 | 66.3 | 5 | 288 |
| OK. B. | 191 | 45.8 | 222 | 53.2 | 4 | 417 |
| OK. C. | 55 | 32.2 | 113 | 66.1 | 3 | 171 |
| OK. D. | 140 | 41.8 | 188 | 56.1 | 7 | 335 |
| KOLL. A. | 1 | 7.1 | 9 | 64.3 | 4 | 14 |
| KOLL. B. | 0 | 0.0 | 2 | 11.8 | 15 | 17 |
| KOLL. C. | 32 | 49.2 | 32 | 49.2 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 551 | 39.5 | 805 | 57.7 | 40 | 1396 |
| VOLGENS KURSUSSE | | | | | | |
| Graad. | 71 | 39.6 | 105 | 58.6 | 3 | 179 |
| Geesteswet. | 34 | 38.2 | 53 | 59.5 | 2 | 89 |
| Nat. Wet. | 20 | 41.6 | 28 | 58.3 | 0 | 48 |
| Ha. | 46 | 40.0 | 68 | 59.1 | 1 | 115 |
| Huish., Tegnies. | 42 | 34.1 | 64 | 52.0 | 17 | 123 |
| L.O. | 52 | 68.4 | 23 | 30.2 | 1 | 76 |
| Ku., Mu., Dr. | 33 | 41.7 | 40 | 50.6 | 6 | 79 |
| Jr.-p. | 77 | 28.8 | 188 | 70.4 | 2 | 267 |
| Sr.-p. | 176 | 42.6 | 229 | 55.4 | 8 | 413 |
| Bes. laer. | 27 | 36.4 | 46 | 62.1 | 1 | 74 |
| TOTAAL. | 578 | 39.5 | 844 | 57.6 | 41 | 1463 |

(c) 'n Groot persentasie van onderwyskollege A se studente (36.5%) vind losies naby die oefenskole, klaarblyklik aangesien hulle hoofsaaklik in omgewings weg van die opleidingsinrigting oefenonderwys moet gee weens 'n tekort aan skole in die onmiddellike omgewing van die inrigting.

(d) Studente van kollege B het nie hierdie vraag beantwoord nie. Die rede is blykbaar dat hierdie studente hulle oefenonderwys hoofsaaklik by die inrigting self gee. Leerlinge van nabygeleë skole word nl. vir demonstrasie- en oefenonderwysdoeleindes na die kollege gestuur.[1]

(2) Die doel met vraag C1(c) is om te bepaal of studente tydens oefenonderwys ook nog noodsaaklike verpligtinge by hulle opleidingsinrigtings moet nakom. Uit tabel 19 blyk dat die meerderheid studente (t.w. 57.7%) geen ander verpligtinge het nie en dus hulle volle aandag aan die skoolwerk en ander skoolbedrywighede kan gee. Uit die gegewens volgens kursusse blyk dat veral van studente wat 'n kursus in liggaamlike opvoeding volg, verwag word om ook tydens oefenonderwys verpligtinge by hulle opleidingsinrigtings na te kom (68.4%). Hierdie studente is uit die aard van hulle kursus persone wat gewoonlik aan sportaktiwiteite deelneem. Dit kan dus moontlik wees dat sportverpligtinge in die geval van die meeste studente wat op hierdie vraag bevestigend geantwoord het, die rede vir hulle antwoord was.

---

1) Soos persoonlik vasgestel.

TABEL 20.

OF STUDENTE BY DIE OPLEIDINGSINRIGTING OP HOOGTE GEBRING WORD MET WAT DIE INRIGTING TYDENS 'N OEFENONDERWYSPERIODE IN SAKE ORGANISATORIESE ASPEKTE VAN HULLE VERWAG.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 2 | 4.8 | 3 | 7.1 | 6 | 14.3 | 8 | 19.0 | 23 | 54.8 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 3 | 6.4 | 5 | 10.6 | 7 | 14.9 | 32 | 68.1 | 0 | 47 |
| OK. A. | 13 | 4.5 | 17 | 5.9 | 45 | 15.6 | 84 | 29.2 | 128 | 44.4 | 1 | 288 |
| OK. B. | 21 | 5.0 | 35 | 8.4 | 64 | 15.3 | 141 | 33.8 | 154 | 36.9 | 2 | 417 |
| OK. C. | 2 | 1.2 | 9 | 5.3 | 9 | 5.3 | 45 | 26.3 | 106 | 62.0 | 0 | 171 |
| OK. D. | 7 | 2.1 | 41 | 12.2 | 63 | 18.8 | 143 | 42.7 | 80 | 23.9 | 1 | 335 |
| KOll. A. | 0 | 0.0 | 4 | 28.6 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 5 | 35.7 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 11.8 | 12 | 70.6 | 3 | 17 |
| Koll. C. | 8 | 12.3 | 12 | 18.5 | 12 | 15.4 | 11 | 16.9 | 23 | 35.4 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 53 | 3.8 | 124 | 8.9 | 203 | 14.5 | 443 | 31.7 | 563 | 40.3 | 10 | 1396 |

TABEL 21.

OF STUDENTE BY DIE OPLEIDINGSINRIGTING OP HOOGTE GEBRING WORD MET DIE NOODSAAKLIKE BESONDERHEDE VAN DIE SKOLE WAARHEEN HULLE GESTUUR WORD, BV. LIGGING, VERVOERMOONTLIKHEDE, SOORT SKOOL, ENS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 21 | 50.0 | 11 | 26.2 | 4 | 9.5 | 4 | 9.5 | 2 | 4.8 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 9 | 19.1 | 13 | 27.7 | 12 | 25.5 | 8 | 17.0 | 5 | 10.6 | 0 | 47 |
| OK. A. | 189 | 65.6 | 48 | 16.7 | 28 | 9.7 | 15 | 5.2 | 6 | 2.1 | 2 | 288 |
| OK. B. | 284 | 68.1 | 65 | 15.6 | 39 | 9.4 | 23 | 5.5 | 4 | 1.0 | 2 | 417 |
| OK. C. | 54 | 31.6 | 43 | 25.1 | 39 | 22.8 | 23 | 13.5 | 12 | 7.0 | 0 | 171 |
| OK. D. | 207 | 61.8 | 73 | 21.8 | 37 | 11.0 | 12 | 3.6 | 4 | 1.2 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 8 | 57.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 3 | 14 |
| Koll. B. | 3 | 17.6 | 0 | 0.0 | 2 | 11.8 | 5 | 29.4 | 4 | 23.5 | 3 | 17 |
| Koll. C. | 35 | 53.8 | 14 | 21.5 | 1 | 1.5 | 12 | 18.5 | 3 | 4.6 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 810 | 58.0 | 267 | 19.1 | 162 | 11.6 | 104 | 7.4 | 41 | 2.9 | 12 | 1396 |

TABEL 22.

OF STUDENTE DEUR DIE DOSENTE WAT HULLE VIR KRITIEKLESSE KOM BESOEK, INGELIG WORD OOR VEREISTES TEN OPSIGTE VAN INHOUD, METODIEK, ENS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 9 | 21.4 | 2 | 4.8 | 9 | 21.4 | 14 | 33.3 | 6 | 14.3 | 2 | 42 |
| Univ. B. | 7 | 14.9 | 4 | 8.5 | 6 | 12.8 | 13 | 27.7 | 17 | 36.2 | 0 | 47 |
| OK. A. | 70 | 24.3 | 47 | 16.3 | 52 | 18.1 | 58 | 20.1 | 59 | 20.5 | 2 | 288 |
| OK. B. | 77 | 18.5 | 68 | 16.3 | 81 | 19.4 | 107 | 25.7 | 81 | 19.4 | 3 | 417 |
| OK. C. | 17 | 9.9 | 23 | 13.5 | 34 | 19.9 | 37 | 21.6 | 60 | 35.1 | 0 | 171 |
| OK. D. | 95 | 28.4 | 88 | 26.3 | 73 | 21.8 | 54 | 16.1 | 23 | 6.9 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 7 | 50.0 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 2 | 11.8 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 29.4 | 7 | 41.2 | 3 | 17 |
| Koll. C. | 19 | 29.2 | 12 | 18.5 | 12 | 18.5 | 13 | 20.0 | 9 | 13.8 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 297 | 21.3 | 244 | 17.5 | 267 | 19.1 | 302 | 21.6 | 269 | 19.3 | 17 | 1396 |

b. <u>Voorbereidings by die opleidingsinrigtings met die oog op oefenonderwys</u>

Vrae C2(a-c) wil nagaan in watter mate studente vooraf by hulle opleidingsinrigtings op hoog=te gebring word met noodsaaklike inligting in ver=band met die skole en met wat tydens oefenonderwys deur die inrigtings van hulle verwag word.

Eerstens is vasgestel of respondente op hoogte gebring word met wat die inrigtings op organisato=riese gebied van studente verwag. Hier word gedink aan sake soos onder andere die hoeveelheid kritiek=lesse en die praktiese take wat tydens oefenonderwys vir dosente verrig moet word. Volgens tabel 20 blyk dit dat die meerderheid studente tevrede is met die reëlings, aangesien 31.7% van die respondente rappor=teer dat hulle in 'n hoë mate en 40.3% dat hulle heeltemal op hoogte gebring word.

Ten opsigte van noodsaaklike inligting aangaande die skole waarheen hulle gestuur word, soos die lig=ging, vervoermoontlikhede, die soort skool, ens. antwoord die meerderheid van die respondente (77.1%) volgens tabel 21 dat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate sodanige inligting ontvang.

In tabel 22 gaan dit om die inligting al dan nie wat deur dosente wat na kritieklesse sal kom luister, aan studente verskaf word ten opsigte van die vereistes aangaande inhoud, metodiek, ens. Uit die tabel blyk dat 21.3% van die studente geen voor=

TABEL 23.

DIE MATE WAARIN STUDENTE BY DIE SKOOL VOORGELIG IS TEN OPSIGTE VAN DIE SKOOL SE TRADISIES EN GEWOONTES.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOË MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 11 | 26.2 | 5 | 11.9 | 7 | 16.7 | 9 | 21.4 | 10 | 23.8 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 12 | 25.5 | 12 | 25.5 | 6 | 12.8 | 7 | 14.9 | 10 | 21.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 93 | 32.3 | 52 | 18.1 | 50 | 17.4 | 53 | 18.4 | 39 | 13.5 | 1 | 288 |
| OK. B. | 62 | 14.9 | 73 | 17.5 | 96 | 23.0 | 114 | 27.3 | 72 | 17.3 | 0 | 417 |
| OK. C. | 36 | 21.1 | 36 | 21.1 | 30 | 17.5 | 38 | 22.2 | 31 | 18.1 | 0 | 171 |
| OK. D. | 133 | 39.7 | 75 | 22.4 | 64 | 19.1 | 43 | 12.8 | 19 | 5.7 | 1 | 335 |
| Koll. A. | 6 | 42.9 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 21 | 32.3 | 11 | 16.9 | 11 | 16.9 | 15 | 23.1 | 7 | 10.8 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 375 | 26.9 | 265 | 19.0 | 265 | 19.0 | 279 | 20.0 | 189 | 13.5 | 23 | 1396 |

1)

1) a. In hierdie en in die volgende tabelle van hoofstuk IX sal gevind word dat die grootste persentasie van kollege B se studente nie die vrae beantwoord het nie. Aan skrywer is verduidelik dat van die betrokke respondente ten tye van die ondersoek nog geen of baie min ondervinding van oefenonderwyse by die skole self gehad het. In die ontleding van die meeste van die verdere tabelle sal die gegewens van hierdie inrigting gevolglik buite rekening gelaat word.

b. As gevolg van die klein getal studente van kollege A en die feit dat dit in hierdie en sommige ander tabelle blyk dat 'n aansienlike persentasie van die betrokke studente nie die vrae beantwoord het nie, sal in die ontleding van die gegewens nie veel aandag gegee en waarde geheg word aan die gegewens van hierdie inrigting se respondente nie.

ligting in die verband ontvang nie, 17.5% slegs in 'n geringe mate, 19.1% gemiddeld en dat slegs 40.9% (4+5) tevrede is met die voorligting wat hulle ont= vang.

Samevattend kan dus gesê word dat studente re= delik goed op hoogte gebring word met wat in die algemeen tydens oefenonderwys van hulle verwag word, maar dat hulle ten opsigte van vereistes waaraan kritieklesse wat dosente kom aanhoor, moet voldoen, nie bevredigend voorgelig word nie. Die meeste studente ontvang geen of baie min inligting oor die skole waarheen hulle vir oefenonderwys gestuur word.

c. <u>Voorligting by die oefenskole</u>

In afdeling C3, vrae a-d van die vraelys, is ondersoek ingestel na die mate waarin studente by die oefenskole deur die skoolhoofde of hulle verteenwoordigers voorgelig word ten opsigte van algemene organisatoriese aangeleenthede en hoe dit die studente raak.

(1) Eerstens is vasgestel in watter mate studente by die skole voorgelig word ten opsigte van die betrokke skole se tradisies en gewoontes om sodoende studente beter by die skoolgemeenskappe te laat inskakel en te laat tuisvoel. Uit die gegewens van tabel 23 blyk dat 26.9% van die respon= dente verklaar dat hulle geen sodanige voorligting ontvang nie en 19.0% dat hulle slegs in 'n geringe mate voorgelig word. Slegs 13.5% verklaar dat hulle

TABEL 24.

DIE MATE WAARIN STUDENTE BY DIE SKOOL VOORGELIG IS TEN OPSIGTE VAN SKOOLORGANISASIE SOOS SPEELGRONDDIENS EN BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE EN WAT HULLE AANDEEL DAARIN SOU WEES.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOË MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 8 | 19.0 | 7 | 16.7 | 5 | 11.9 | 8 | 19.0 | 14 | 33.3 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 14 | 29.8 | 8 | 17.0 | 11 | 23.4 | 4 | 8.5 | 10 | 21.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 46 | 16.0 | 39 | 13.5 | 52 | 18.1 | 76 | 26.4 | 73 | 25.3 | 2 | 288 |
| OK. B. | 45 | 10.8 | 56 | 13.4 | 71 | 17.0 | 149 | 35.7 | 94 | 22.5 | 2 | 417 |
| OK. C. | 23 | 13.5 | 24 | 14.0 | 36 | 21.1 | 32 | 18.7 | 56 | 32.7 | 0 | 171 |
| OK. D. | 82 | 24.5 | 67 | 20.0 | 61 | 18.2 | 80 | 23.9 | 42 | 12.5 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 6 | 42.9 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 23 | 35.4 | 14 | 21.5 | 5 | 7.7 | 13 | 20.0 | 10 | 15.4 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 247 | 17.7 | 216 | 15.5 | 243 | 17.4 | 363 | 26.0 | 299 | 21.4 | 28 | 1396 |

TABEL 25.

DIE MATE WAARIN STUDENTE BY DIE SKOOL VOORGELIG IS TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK, OPSTELLING EN/OF VOLTOOIING VAN AMPTELIKE ADMINISTRATIEWE STUKKE SOOS SKOOLBESOEKREGISTERS, RAPPORTVORMS, PROMOSIESTATE, ENS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOË MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 17 | 40.5 | 8 | 19.0 | 7 | 16.7 | 5 | 11.9 | 5 | 11.9 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 29 | 61.7 | 10 | 21.3 | 3 | 6.4 | 3 | 6.4 | 2 | 4.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 184 | 63.9 | 37 | 12.8 | 31 | 10.8 | 19 | 6.6 | 16 | 5.6 | 1 | 288 |
| OK. B. | 200 | 48.0 | 81 | 19.4 | 65 | 15.6 | 38 | 9.1 | 32 | 7.7 | 1 | 417 |
| OK. C. | 50 | 29.2 | 26 | 15.2 | 31 | 18.1 | 32 | 18.7 | 32 | 18.7 | 0 | 171 |
| OK. D. | 168 | 50.1 | 87 | 26.0 | 38 | 11.3 | 24 | 7.2 | 17 | 5.1 | 1 | 335 |
| Koll. A. | 6 | 42.9 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 4 | 23.5 | 13 | 17 |
| Koll. C. | 27 | 41.5 | 13 | 20.0 | 6 | 9.2 | 8 | 12.3 | 11 | 16.9 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 681 | 48.8 | 263 | 18.8 | 182 | 13.0 | 130 | 9.3 | 119 | 8.5 | 21 | 1396 |

ten volle en 20.0% dat hulle in 'n hoë mate voorgelig word. Dit is dus duidelik dat 'n groot persentasie, t.w. 45.9% (1+2) van die studente van mening is dat hulle ten opsigte van die skool se tradisies en ge= woontes swak voorgelig word. Ten opsigte van die verskillend inrigtings is dit opvallend dat 'n hoë persentasie, t.w. 62.1% (1+2) van onderwyskollege D hierdie mening toegedaan is.

(2) Vervolgens is nagegaan of en in hoe 'n mate studente by die skole voorgelig word ten opsigte van die algemene skoolorganisasie soos speelgrond= diens en buitemuurse bedrywighede en wat hulle ver= antwoordelikhede in dié verband sal wees. Die gege= wens van tabel 24 laat dit duidelik blyk dat 'n hoë persentasie van die respondente, t.w. 47.4% (4+5) van mening is dat hulle goed op hoogte gestel word met die genoemde sake, want 21.4% verklaar dat hulle ten volle en 26.0% dat hulle in 'n hoë mate hierin voorgelig word. Dit is egter ook opvallend dat 'n aansienlike persentasie, t.w. 33.2% (1+2) glad nie of slegs in 'n geringe mate voorgelig word.

(3) Derdens is vasgestel in watter mate studente voorgelig word ten opsigte van die gebruik, opstelling en/of voltooiing van amptelike administra= tiewe stukke soos skoolbesoekregisters, rapportvorms, promosiestate, ens. Die besonderhede van die ant= woorde op die vraag word in tabel 25 verskaf. Hier= uit blyk dat 48.8% van die respondente verklaar dat hulle glad nie en 18.8% dat hulle slegs in 'n geringe

TABEL 26.

**DIE MATE WAARIN STUDENTE BY DIE SKOOL VOORGELIG IS TEN OPSIGE VAN DIE SKOOL SE BELEID EN WERKMETODES I.S. AANGELEENTHEDE SOOS TOETS- EN EKSAMENSTELSEL, DISSIPLINE, KLASINDELING, HUISWERK, ENS.**

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOË MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 12 | 28.6 | 6 | 14.3 | 7 | 16.7 | 8 | 19.0 | 9 | 21.4 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 10 | 21.3 | 19 | 40.4 | 10 | 21.3 | 5 | 10.6 | 3 | 6.4 | 0 | 47 |
| OK. A. | 89 | 30.9 | 65 | 22.6 | 60 | 20.8 | 42 | 14.6 | 29 | 10.1 | 3 | 288 |
| OK. B. | 82 | 19.7 | 87 | 20.9 | 89 | 21.3 | 104 | 24.9 | 54 | 12.9 | 1 | 417 |
| OK. C. | 39 | 22.8 | 26 | 15.2 | 37 | 21.6 | 36 | 21.1 | 33 | 19.3 | 0 | 171 |
| OK. D. | 107 | 31.9 | 99 | 29.6 | 63 | 18.8 | 54 | 16.1 | 10 | 3.0 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 6 | 42.9 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 23 | 35.4 | 10 | 15.4 | 8 | 12.3 | 13 | 20.0 | 11 | 16.9 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 363 | 26.0 | 318 | 22.8 | 275 | 19.7 | 264 | 18.9 | 149 | 10.7 | 27 | 1396 |

mate ten opsigte van die genoemde sake voorgelig is. Die grootste persentasie van die respondente (67.6%= 1+2) antwoord dus negatief op hierdie vraag.

(4) Laastens is ondersoek ingestel na die mate waarin studente by die verkillende oefenskole voorgelig word ten opsigte van die skole se beleid en werkmetodes insake organisatories-didaktiese aange= leenthede soos toets- en eksamenstelsels, handhawing van dissipline, klasindeling, stelsels van huiswerk, ens. Uit die gegewens van tabel 26 blyk dat 26.0% van die respondente glad nie en 22.8% slegs in 'n geringe mate oor belangrike didaktiese aangeleenthede soos die bogenoemde voorbeelde ingelig word.

Samevattend kan die volgende afleidings gemaak word oor die wyse waarop studente by hulle oefenskole deur die skoolhoofde of hulle verteenwoordigers voor= gelig word:

(1) 'n Groot persentasie (45.9%) van die studente verklaar dat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate ingelig word ten opsigte van skole se tradisies en gewoontes, terwyl daar 'n duideliker tendens om studente oor hulle aandeel aan die skool= organisasie en buitemuurse bedrywighede in te lig, merkbaar is. In dié verband antwoord 47.4% positief.

(2) Uit die studente se antwoorde is dit verder duidelik dat die meerderheid (67.6%) hul= le voorligting ten opsigte van die gebruik, opstel= ling en/of voltooiing van amptelike stukke as onbe= vredigend beskou en dat 'n groot persentasie (48.8%)

TABEL 27.

DIE MATE WAARIN STUDENTE HULLE MET DIE SKOOL EN SY BEDRYWIGHEDE VEREENSELWIG HET.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 0 | 0.0 | 5 | 11.9 | 15 | 35.7 | 11 | 26.2 | 11 | 26.2 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 2 | 4.3 | 8 | 17.0 | 19 | 40.4 | 12 | 25.5 | 6 | 12.8 | 0 | 47 |
| OK. A. | 17 | 8.9 | 31 | 10.8 | 72 | 25.0 | 113 | 39.2 | 55 | 19.1 | 0 | 288 |
| OK. B. | 24 | 5.8 | 63 | 15.1 | 92 | 22.1 | 156 | 37.4 | 81 | 19.4 | 1 | 417 |
| OK. C. | 2 | 1.2 | 20 | 11.7 | 49 | 28.7 | 63 | 36.8 | 37 | 21.6 | 0 | 171 |
| OK. D. | 13 | 3.9 | 54 | 16.1 | 102 | 30.4 | 121 | 36.1 | 41 | 12.2 | 4 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 5 | 35.7 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 9 | 13.8 | 12 | 18.5 | 13 | 20.0 | 20 | 30.8 | 11 | 16.9 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 67 | 4.8 | 196 | 14.0 | 367 | 26.3 | 497 | 35.6 | 242 | 17.3 | 27 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 13 | 3.4 | 33 | 8.6 | 89 | 23.4 | 151 | 39.7 | 92 | 24.2 | 2 | 380 |
| Tweede. | 14 | 3.5 | 55 | 14.1 | 92 | 23.6 | 149 | 38.3 | 62 | 15.9 | 17 | 389 |
| Derde. | 27 | 6.0 | 63 | 14.1 | 118 | 26.5 | 157 | 35.3 | 72 | 16.2 | 7 | 444 |
| Vierde. | 13 | 6.9 | 47 | 24.9 | 67 | 35.4 | 43 | 22.8 | 18 | 9.5 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 67 | 4.7 | 198 | 14.1 | 366 | 26.1 | 500 | 35.6 | 244 | 17.4 | 27 | 1402 |

negatief rapporteer oor die skoolhoofde se voorlig= ting in verband met hulle skole se beleid en werkme= todes betreffende prakties-opvoedkundige aangeleent= hede, bv. klasindeling, huiswerk, ens.

(3) Ten opsigte van die verskillende vrae rakende die voorligting van studente by die oefenskole deur die skoolhoofde, is daar geen opval= lende verskille tussen die antwoorde van die verskil= lende inrigtings vasgestel nie.

d. Inskakeling van studente by die skool- en ander professionele bedrywighede

In vrae a-f van afdeling C4 van die vraelys is verskillende aspekte van die studente se inskakeling by die skool- en ander professionele bedrywighede van die skoolpersoneel nagegaan.

(1) In die eerste plek is gepoog om vas te stel of en in watter mate die studente hulself een gevoel het met die skole en die skoolbedrywighede.

Volgens die gegewens in tabel 27 rapporteer 17.3% van die respondente dat hulle hulself heelte= mal en 35.6% dat hulle hulself in 'n hoë mate met die skool en sy bedrywighede vereenselwig het. 'n Betreklike klein persentasie, t.w. 18.8% (1+2) rap= porteer negatief. Alhoewel die meerderheid (52.9%= 4+5) dus positief teenoor die skole ingestel was, is dit nogtans verontrustend dat heelwat studente blykbaar 'n negatiewe en onverskillige gesindheid teenoor hulle oefenskole openbaar.

Uit die ontleding volgens inrigtings blyk dat daar geen opvallende verskille tussen die verskillende inrigtings se antwoorde op hierdie vraag waarneembaar is nie.

Ontleed volgens jaargroepe is dit egter opmerk= lik dat die respondente se positiewe ingesteldheid teenoor die oefenskole en hulle bedrywighede feitlik konsekwent in verhouding met hulle senioriteit af= neem. So verklaar 24.2% van die eerstejaarstudente dat hulle hulself heeltemal met die skool en sy be= drywighede vereenselwig het teenoor slegs 15.9% van die tweedejaargroep, 16.2% van die derdejaargroep en 9.5% van die vierdejaars.

Die persentasie studente wat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate met die oefenskole en hulle bedrywighede vereenselwig het, neem weer toe van 12.0% (1+2) by eerstejaarsgroepe tot, 17.6%(1+2) by tweedejaars, 20.1%(1+2) by derdejaars en 31.8%(1+2) by vierdejaars. Hierdie gegewens dui dus skynbaar op 'n tendens by studente om algaande, namate hul meer gemoeid raak met skole tydens oefenonderwys, al hoe meer afsydig te staan teenoor die skole en algemene skoolbedrywighede. Dit mag egter ook bete= ken dat studente in hul selfbeoordeling t.o.v. die mate waarin hul hul met die skole vereenselwig, al hoe hoër eise aan hulself stel. 'n Eerstejaarstu= dent kan hom waarskynlik maklik met die skool en sy bedrywighede vereenselwig omdat dit vir hom nog 'n nuwe ervaring is om soos 'n volwassene behandel te word.

TABEL 28.

DIE MATE WAARIN STUDENTE DEUR DIE SKOOLPERSONEEL IN HULLE GELEDERE WELKOM LAAT VOEL IS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOË MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 0 | 0.0 | 3 | 7.1 | 7 | 16.7 | 13 | 31.0 | 19 | 45.2 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 1 | 2.1 | 7 | 14.9 | 6 | 12.8 | 20 | 42.6 | 12 | 25.5 | 1 | 47 |
| OK. A. | 16 | 5.6 | 36 | 12.5 | 43 | 14.9 | 93 | 32.3 | 100 | 34.7 | 0 | 288 |
| OK. B. | 32 | 7.7 | 58 | 13.9 | 71 | 17.0 | 117 | 28.1 | 138 | 33.1 | 1 | 417 |
| OK. C. | 15 | 8.8 | 20 | 11.7 | 33 | 19.3 | 46 | 26.9 | 57 | 33.3 | 0 | 171 |
| OK. D. | 20 | 6.0 | 40 | 11.9 | 58 | 17.3 | 107 | 31.9 | 107 | 31.9 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 3 | 21.4 | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 7 | 10.8 | 6 | 9.2 | 17 | 26.2 | 12 | 18.5 | 23 | 35.4 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 91 | 5.6 | 171 | 12.2 | 238 | 17.0 | 412 | 29.5 | 457 | 32.7 | 27 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 10 | 2.6 | 42 | 11.0 | 59 | 15.5 | 105 | 27.6 | 163 | 42.8 | 1 | 380 |
| Tweede. | 21 | 5.3 | 43 | 11.0 | 72 | 18.5 | 120 | 30.8 | 116 | 29.8 | 17 | 389 |
| Derde. | 46 | 10.3 | 52 | 11.7 | 80 | 18.0 | 131 | 29.5 | 128 | 28.8 | 7 | 444 |
| Vierde. | 14 | 7.4 | 33 | 17.5 | 29 | 15.3 | 58 | 30.7 | 53 | 28.0 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 91 | 6.4 | 170 | 12.1 | 240 | 17.1 | 414 | 29.5 | 460 | 32.8 | 27 | 1402 |

(2) 'n Tweede oogmerk was om na te gaan in watter mate, volgens die studente se menings, die personeel van die oefenskole studente in hulle gele=dere welkom laat voel het.

Hierdie gegewens word in tabel 28 uiteengesit.

Hiervolgens rapporteer 32.7% van die responden=te dat hulle heeltemal en 29.5% dat hulle in 'n hoë mate deur die skole se personeel welkom laat voel is. Slegs 5.6% is van mening dat hulle glad nie en 12.2% dat hulle slegs in 'n geringe mate welkom laat voel is. Die meerderheid van die studente (62.2%=4+5) se antwoorde op hierdie vraag het dus 'n positiewe strek=king.

Uit die ontleding volgens inrigtings is dit opvallend dat 'n groter persentasie van die vier onderwyskolleges en kollege C se studente as dié van die twee universiteite, rapporteer dat hulle glad nie deur die skoolpersoneel welkom laat voel is nie. Dit mag daarop dui dat universiteitstudente geredeliker deur die skoolpersoneel van die onderskeie skole as kollegas aanvaar word as studente van die kolleges.

Die ontleding volgens jaargroepe openbaar die volgende tendens: By die eerstejaarstudente verklaar 13.6%(1+2) van die respondente dat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate deur die personeel welkom laat voel is, teenoor 16.3%(1+2) van die tweedejaar=studente, 22.0%(1+2) van die derdejaars en 24.9%(1+2) van die vierdejaars. Die persentasie studente wat

TABEL 29.

OF STUDENTE DIE GELEENTHEID KRY OM DIE SKOOLPERSONEEL OOK INFORMEEL, BV. OP PERSONEELGESELLIGHEDE, PARTYTJIES AAN HUIS, ENS. TE ONTMOET.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 21 | 50.0 | 6 | 14.3 | 2 | 4.8 | 3 | 7.1 | 10 | 23.8 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 36 | 76.6 | 7 | 14.9 | 1 | 2.1 | 0 | 0.0 | 3 | 6.4 | 0 | 47 |
| OK. A. | 142 | 49.3 | 47 | 16.3 | 38 | 13.2 | 26 | 9.0 | 35 | 12.2 | 0 | 288 |
| OK. B. | 259 | 62.1 | 50 | 12.0 | 40 | 9.6 | 31 | 7.4 | 36 | 8.6 | 1 | 417 |
| OK. C. | 130 | 76.0 | 5 | 2.9 | 16 | 9.4 | 12 | 7.0 | 8 | 4.7 | 0 | 171 |
| OK. D. | 213 | 63.6 | 46 | 13.7 | 30 | 9.0 | 27 | 8.1 | 17 | 5.1 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 6 | 42.9 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 38 | 58.5 | 9 | 13.8 | 7 | 10.8 | 5 | 7.7 | 6 | 9.2 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 845 | 60.5 | 172 | 12.3 | 134 | 9.6 | 105 | 7.5 | 115 | 8.2 | 25 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 193 | 50.7 | 52 | 13.6 | 47 | 12.3 | 47 | 12.3 | 40 | 10.5 | 1 | 380 |
| Tweede. | 226 | 58.0 | 44 | 11.3 | 42 | 10.7 | 24 | 6.1 | 36 | 9.2 | 17 | 389 |
| Derde. | 298 | 67.1 | 48 | 10.8 | 35 | 7.8 | 28 | 6.3 | 28 | 6.3 | 7 | 444 |
| Vierde. | 131 | 69.3 | 29 | 15.3 | 10 | 5.3 | 7 | 3.7 | 12 | 6.3 | 0 | 189 |
| TOTAAL. | 848 | 60.4 | 173 | 12.3 | 134 | 9.5 | 106 | 7.5 | 116 | 8.2 | 25 | 1402 |

verklaar dat hulle deur die personeel heeltemal tuis laat voel is neem af van 42.8% by eerstejaars tot 29.8% by tweedejaars, 28.8% by derdejaars en 28.0% by vierdejaars.

Uit hierdie twee ontledings kan afgelei word dat studente minder welkom voel by die oefenskole namate hulle in senioriteit toeneem. Daar kan egter ook af=gelei word dat eerstejaarstudente, as gevolg van hul=le gebrek aan ondervinding by die skole, geredeliker welkom voel as die senior studente.

(3) Vervolgens wou daar vasgestel word of studente die geleentheid gekry het om tydens oefen=onderwys die personeel ook informeel bv. op perso=neelgeselligheде en partytjies aan huis te ontmoet. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 29 verstrek.

Uit tabel 29 blyk die volgende:

(a) Ontleed volgens inrigtings ver=klaar 60.5% van die respondente dat hulle nooit die geleentheid kry om die personeel op informele wyse te ontmoet nie; 12.3% kry slegs af en toe, 9.6% taam=lik dikwels, 7.5% dikwels en 8.2% kry altyd die ge=leentheid.

(b) Dit is opmerklik dat by die twee plattelandse inrigtings, t.w. universiteit A en on=derwyskollege A 'n hoër persentasie van die respon=dente as by die stedelike inrigtings 'n hoë mate van

TABEL 30.

OF STUDENTE BY DIE BEDRYWIGHEDE VAN PROFESSIONELE VERENIGINGS SOOS DIE T.O. INGESKAKEL IS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 31 | 73.8 | 1 | 2.4 | 5 | 11.9 | 2 | 4.8 | 3 | 7.1 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 42 | 89.4 | 4 | 8.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 47 |
| OK. A. | 219 | 76.0 | 24 | 8.3 | 15 | 5.2 | 16 | 5.6 | 10 | 3.5 | 4 | 288 |
| OK. B. | 307 | 73.6 | 41 | 9.8 | 27 | 6.5 | 19 | 4.6 | 18 | 4.3 | 5 | 417 |
| OK. C. | 142 | 83.0 | 11 | 6.4 | 8 | 4.7 | 4 | 2.3 | 6 | 3.5 | 0 | 171 |
| OK. D. | 313 | 93.4 | 5 | 1.5 | 3 | 0.9 | 8 | 2.4 | 4 | 1.2 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 8 | 57.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 54 | 23.1 | 6 | 9.2 | 1 | 1.5 | 2 | 3.1 | 1 | 1.5 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 1117 | 80.0 | 92 | 6.6 | 59 | 4.2 | 51 | 3.7 | 42 | 3.0 | 35 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 284 | 74.7 | 36 | 9.4 | 25 | 6.5 | 24 | 6.3 | 8 | 2.1 | 3 | 380 |
| Tweede. | 304 | 78.1 | 30 | 7.7 | 16 | 4.1 | 10 | 2.5 | 6 | 1.5 | 23 | 389 |
| Derde. | 361 | 81.3 | 20 | 4.5 | 14 | 3.1 | 17 | 3.8 | 24 | 5.4 | 8 | 444 |
| Vierde. | 172 | 91.0 | 7 | 3.7 | 4 | 2.1 | 0 | 0.0 | 5 | 2.6 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 1121 | 79.9 | 93 | 6.6 | 59 | 4.2 | 51 | 3.6 | 43 | 3.0 | 35 | 1402 |

gasvryheid geniet. Onderskeidelik 30.9%(4+5) en 21.1%(4+5) van die genoemde twee inrigtings se respon= dente verklaar dat hulle dikwels of altyd op informe= le wyses onthaal word.

(c) Uit 'n ontleding van die persen= tuele waardes volgens jaargroepe blyk dat die per= sentasie studente wat verklaar dat hulle nooit deur die personeel van die oefenskole informeel onthaal word nie, toeneem van 50.7% by eerstejaarstudente na 58.0% by tweedejaars, 67.1% by derdejaars en 69.3% by vierdejaars. Hierdie tendens word verder versterk as die persentasie studente wat slegs af en toe hier= die gasvryheid geniet, by die vorige groep getel word.

(4) Vierdens moes vasgestel word of stu= dente tydens oefenonderwys by die bedrywighede van die professionele verenigings soos bv. die T.O. in= geskakel is.

'n Ontleding van tabel 30 toon dat die groot meerderheid (80.0%) van die respondente verklaar dat hulle nooit tydens oefenonderwys die geleentheid kry om met die bedrywighede van professionele verenigings kennis te maak nie.

By 'n verdere ontleding van die antwoorde vol= gens inrigtings blyk geen opvallende verskille tussen die verskillende inrigtings nie.

Ontleed volgens jaargroepe is dit andermaal opmerklik dat die negatiewe („nooit") antwoorde vol= gens senioriteit toeneem,te wete van 74.7% by eerste=

TABEL 31.

OF STUDENTE DIE GELEENTHEID GEKRY HET OM MET LEERLINGE SE OUERS KENNIS TE MAAK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 30 | 71.4 | 3 | 7.1 | 2 | 4.8 | 1 | 2.4 | 6 | 14.3 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 38 | 80.9 | 3 | 6.4 | 4 | 8.5 | 0 | 0.0 | 2 | 4.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 203 | 70.5 | 37 | 12.8 | 25 | 8.7 | 15 | 5.2 | 7 | 2.4 | 1 | 288 |
| OK. B. | 291 | 69.8 | 55 | 13.2 | 40 | 9.6 | 17 | 4.1 | 13 | 3.1 | 1 | 417 |
| OK. C. | 137 | 80.1 | 19 | 11.1 | 4 | 2.3 | 6 | 3.5 | 4 | 2.3 | 1 | 171 |
| OK. D. | 227 | 67.8 | 66 | 19.7 | 24 | 7.2 | 15 | 4.5 | 1 | 0.3 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 8 | 57.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 55 | 84.6 | 6 | 9.2 | 3 | 4.6 | 0 | 0.0 | 1 | 1.5 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 990 | 70.9 | 189 | 13.5 | 102 | 7.3 | 54 | 3.9 | 34 | 2.4 | 27 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 223 | 58.6 | 66 | 17.3 | 46 | 12.1 | 24 | 6.3 | 19 | 5.0 | 2 | 380 |
| Tweede. | 259 | 66.5 | 65 | 16.7 | 26 | 6.6 | 14 | 3.5 | 7 | 1.7 | 18 | 389 |
| Derde. | 338 | 76.1 | 50 | 11.2 | 28 | 6.3 | 15 | 3.3 | 6 | 1.3 | 7 | 444 |
| Vierde. | 175 | 92.6 | 8 | 4.2 | 2 | 1.1 | 1 | 0.5 | 3 | 1.6 | 0 | 189 |
| TOTAAL. | 995 | 70.9 | 189 | 13.4 | 102 | 7.2 | 54 | 3.8 | 35 | 2.4 | 27 | 1402 |

jaarstudente na 78.1% by tweedejaars, 81.3% by derde=jaars en 91.0% by vierdejaars.

(5) Vervolgens is beoog om vas te stel of studente die geleentheid gekry het om tydens oefen=onderwys met leerlinge se ouers kennis te maak. Uit die gegewens van tabel 31 is dit opmerklik dat die meerderheid van die studente (70.9%) nooit sodanige geleenthede gekry het nie.

'n Ontleding volgens inrigtings toon ook hier geen opmerklike verskille in die antwoorde van die verskillende inrigtings nie, terwyl 'n ontleding volgens jaargroepe die vorige tendens van 'n toename in die negatiewe antwoorde in verhouding met studen=te se stygende senioriteit herhaal. So verklaar 58.6% van die eerstejaarstudente dat hulle nooit die geleentheid kry om met leerlinge se ouers kennis te maak nie, terwyl 66.5% by tweedejaars, 76.1% by der=dejaars, 92.6% by vierdejaars so verklaar.

(6) Laastens was die oogmerk om vas te stel of studente die geleentheid kry om, ten opsig=te van die inskakeling van studente by skool- en professionele bedrywighede, saam met onderwysers huisbesoek by leerlinge se ouers te doen. Die be=sonderhede van die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 32 verstrek. 'n Ontleding van die tabel toon dat die oorgrote meerderheid van die studente nl. 95.4% nooit hierdie ondervinding kry nie. Daar die persentasie negatiewe antwoorde op hierdie vraag by

TABEL 32.

OF STUDENTE DIE GELEENTHEID GEKRY HET OM SAAM MET 'N ONDERWYSER HUISBESOEK BY LEERLINGE SE OUERS TE DOEN.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 40 | 95.2 | 2 | 4.8 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 47 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 47 |
| OK. A. | 282 | 97.9 | 3 | 1.0 | 0 | 0.0 | 2 | 0.7 | 0 | [illegible] | 1 | [illegible] |
| OK. B. | 400 | 95.9 | 9 | 2.2 | 5 | 1.2 | 2 | 0.5 | 0 | 0.0 | 1 | 417 |
| OK. C. | 164 | 95.9 | 3 | 1.8 | 3 | 1.8 | 1 | 0.6 | 0 | 0.0 | 0 | 171 |
| OK. D. | 327 | 97.6 | 2 | 0.6 | 1 | 0.3 | 1 | 0.3 | 1 | 0.3 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 8 | 57.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 63 | 96.9 | 2 | 3.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | [illegible] |
| TOTAAL. | 1332 | 95.4 | 21 | 1.5 | 9 | 0.6 | 6 | 0.4 | 1 | 0.1 | 27 | 1396 |

alle inrigtings by verre in die meerderheid was, kan vermoed word dat die gebruik om huisbesoek by leer=linge se ouers te doen haas geheel en al in onbruik by onderwysers geraak het.

Samevattend kan die volgende afleidings gemaak word oor die mate waarin studente tydens oefenonder=wys by die verskillende professionele en sosiale be=drywighede van onderwysers ingeskakel word:

(1) Alhoewel die meeste studente hulleself in 'n hoë mate met die skole en skoolbedry=wighede vereenselwig, is dit veral opvallend dat die positiewe ingesteldheid van studente afneem namate hulle meer ondervinding van oefenonderwys opdoen.

(2) Terwyl die meerderheid studente (62.2%) verklaar dat die personeel van die skole hul=le in hulle geledere welkom laat voel het, is dit ook opmerklik dat die antwoorde met 'n positiewe strek=king verminder van die eerste na die finale jare.

(3) Dit blyk duidelik dat studente slegs in 'n mindere mate ingeskakel word by die so=siale en na-uurse professionele bedrywighede van onderwysers.

(4) 'n Moontlike verklaring vir die verskynsel van 'n toename volgens senioriteit in antwoorde wat negatief neig op die meeste van die vrae in hierdie afdeling, is die feit dat, namate studente in senioriteit toeneem, hulle groter perspek=

TABEL 33.

DIE MATE WAARIN DIE KLAS- OF VAKONDERWYSERS SE ONDERWYSMETODES VERSKIL HET VAN DIé WAT STUDENTE BY HULLE OPLEIDINGSINRIGTINGS LEER.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 5 | 11.9 | 15 | 35.7 | 5 | 11.9 | 11 | 26.2 | 6 | 14.3 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 1 | 2.1 | 14 | 29.8 | 23 | 48.9 | 8 | 17.0 | 1 | 2.1 | 0 | 47 |
| OK. A. | 25 | 8.7 | 67 | 23.3 | 67 | 23.3 | 64 | 22.2 | 38 | 13.2 | 27 | 288 |
| OK. B. | 29 | 7.0 | 109 | 26.1 | 99 | 23.7 | 86 | 20.6 | 40 | 9.6 | 54 | 417 |
| OK. C. | 15 | 8.8 | 41 | 24.0 | 43 | 25.1 | 33 | 19.3 | 20 | 11.7 | 19 | 171 |
| OK. D. | 24 | 7.2 | 76 | 22.7 | 84 | 25.1 | 73 | 21.8 | 34 | 10.1 | 44 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 3 | 21.4 | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 7 | 10.8 | 27 | 41.5 | 14 | 21.5 | 14 | 21.5 | 2 | 3.1 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 106 | 7.6 | 352 | 25.2 | 337 | 24.1 | 292 | 20.9 | 143 | 10.2 | 166 (11.9%) | 1396 |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 23 | 6.0 | 121 | 31.8 | 96 | 25.2 | 75 | 19.7 | 19 | 5.0 | 46 | 380 |
| Tweede. | 32 | 8.2 | 104 | 26.7 | 89 | 22.8 | 64 | 16.4 | 40 | 10.2 | 60 | 389 |
| Derde. | 34 | 7.6 | 87 | 19.6 | 104 | 23.4 | 109 | 24.5 | 57 | 12.8 | 53 | 444 |
| Vierde. | 17 | 9.0 | 43 | 22.8 | 48 | 25.4 | 46 | 24.3 | 27 | 14.3 | 8 | 189 |
| TOTAAL. | 106 | 7.5 | 355 | 25.3 | 337 | 24.0 | 294 | 20.9 | 143 | 10.1 | 163 (11.6%) | 1402 |

tief ten opsigte van die betrokke aangeleenthede kry. So oordeel 'n eerstejaarstudent bv. na een oefenon=derwystydperk dat hy gereeld die geleentheid gekry het om leerlinge se ouers te ontmoet, terwyl 'n der=de- of vierdejaarstudent uit langer ondervinding kan antwoord.[1]

e. <u>Die samewerking en leiding van die klas- of vakonderwysers onder wie se sorg stu=dente geplaas word</u>

In afdeling C5 van die vraelys aan studente word in vrae a-d ondersoek ingestel na een van die belangrikste fasette van studente se oefen=onderwysondervinding, nl. die praktiese opleiding wat hulle in die klaskamer ontvang.

(1) In die eerste plek word studente se menings vasgestel oor die mate waarin die klas- of vakonderwysers se onderwysmetodes verskil van dié wat hulle by hulle opleidingsinrigtings leer.

Die besonderhede van die antwoorde op die vraag word in tabel 33 verstrek.

'n Ontleding van tabel 33 toon die volgende:

(a) 'n Aansienlike persentasie van die respondente, nl. 11.9% het nie die vraag beant=woord nie. Die verskynsel kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die betrokke studente 'n antwoord as kritiek op dosente of onderwysers beskou het en

---

1) Kyk tabel 31.

gevolglik geen antwoord verstrek het nie. Dit mag ook wees dat van die betrokke respondente, veral eerstejaarstudente, nog nie voldoende kennis van die metodiek opgedoen het om 'n mening te wil waag nie.

(b) Respondente se antwoorde toon geen duidelike neiging na een of die ander kant nie. 7.6% verklaar dat onderwysers se onderwysmetodes glad nie van dié van hulle dosente verskil nie en 32.8%(1+2) dat die metodes glad nie of net in 'n geringe mate verskil het, terwyl 10.2% die metodes as heeltemal verskillend en 31.1%(4+5) as heeltemal of grootliks verskillend bestempel.[1)]

(c) Uit 'n ontleding volgens jaar=groepe blyk dat die persentasie studente wat ver=klaar dat onderwysers en dosente se onderwysmetodes verskil, toeneem met die studente se senioriteit. So verklaar 5.0% van die eerstejaarstudente dat onderwysers se onderwysmetodes heeltemal verskil van dit wat hulle by die opleidinginrigtings leer, teen=oor 10.2% van die tweedejaars, 12.8% van die derde=jaars en 14.3% van die vierdejaars.

(2) Tweedens is probeer vasstel in watter mate onderwysers die studente se geesdrif vir die onderwysberoep positief beïnvloed het. Uit tabel 34 wat die antwoorde op die vraag saamvat, blyk die volgende:

(a) Meer as die helfte van die re=

---

1) Kyk ook tabel 150.

TABEL 34.

DIE MATE WAARIN ONDERWYSERS DIE STUDENTE SE GEESDRIF VIR DIE ONDERWYSBEROEP POSITIEF BEÏNVLOED.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOË MATE | | 5 IN HOOGSTE MATE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 3 | 7.1 | 2 | 4.8 | 5 | 11.9 | 12 | 28.6 | 20 | 47.6 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 2 | 4.3 | 5 | 10.6 | 10 | 21.3 | 15 | 31.9 | 14 | 29.8 | 1 | 47 |
| OK. A. | 28 | 9.7 | 25 | 8.7 | 40 | 13.9 | 99 | 34.4 | 78 | 27.1 | 18 | 288 |
| OK. B. | 27 | 6.5 | 41 | 9.8 | 103 | 24.7 | 144 | 34.5 | 95 | 22.8 | 7 | 417 |
| OK. C. | 17 | 9.9 | 20 | 11.7 | 40 | 23.4 | 48 | 28.1 | 40 | 23.4 | 6 | 171 |
| OK. D. | 36 | 10.7 | 64 | 19.1 | 66 | 19.7 | 99 | 29.6 | 57 | 17.0 | 13 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 0 | 0.0 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 3 | 4.6 | 9 | 13.8 | 15 | 23.1 | 22 | 33.8 | 14 | 21.5 | 2 | 65 |
| TOTAAL. | 119 | 8.5 | 169 | 12.1 | 280 | 20.1 | 442 | 31.7 | 318 | 22.8 | 68 (4.9%) | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 11 | 2.8 | 37 | 9.7 | 56 | 14.7 | 141 | 37.1 | 125 | 32.8 | 10 | 380 |
| Tweede. | 32 | 8.2 | 52 | 13.3 | 77 | 19.7 | 118 | 30.3 | 79 | 20.3 | 31 | 389 |
| Derde. | 50 | 11.2 | 46 | 10.3 | 106 | 23.8 | 130 | 29.2 | 87 | 19.5 | 25 | 444 |
| Vierde. | 26 | 13.8 | 34 | 18.0 | 42 | 22.2 | 56 | 29.6 | 29 | 15.3 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 119 | 8.4 | 169 | 12.0 | 281 | 20.0 | 445 | 31.7 | 320 | 22.8 | 68 (4.9%) | 1402 |

spondente t.w. 54.5%(4+5) beskryf die onderwysers se positiewe invloed as bo gemiddeld. So verklaar 31.7% dat onderwysers hulle in 'n hoë mate en 22.8% dat on= derwysers hulle in die hoogste mate positief ten op= sigte van die onderwysberoep beïnvloed het. Die persentasie onderwysers wat studente beslis negatief (glad nie positief) beïnvloed het, is betreklik laag, nl. 8.5%. As die 12.1% wat „in geringe mate" aandui, hier bygevoeg word, beteken dit egter dat 20.6% van die respondente verklaar dat onderwysers hulle nie positief ten opsigte van die onderwysberoep beïn= vloed het nie.

(b) 'n Ontleding volgens inrigtings toon dat meer as driekwart (76.2%=4+5) van universi= teit A se respondente die mate waarin onderwysers hulle geesdrif vir die onderwysberoep positief beïnvloed het, as bo gemiddeld aandui.

(c) 'n Ontleding volgens jaargroepe toon andermaal dat die persentasie studente wat in hierdie verband antwoorde verstrek wat na die nega= tiewe kant neig, toeneem namate die senioriteit van die studente styg. By die eerstejaars verklaar 32.8% dat onderwysers hulle geesdrif vir die onderwysbe= roep in die hoogste mate positief beïnvloed het teenoor 20.3% by tweedejaars, 19.5% by derdejaars en 15.3% by vierdejaars. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat namate studente met meer onderwysers in aanraking kom en namate hulle self met die vereistes van die beroep

TABEL 35.

STUDENTE SE BEOORDELING VAN HULLE KLAS- OF VAKONDERWYSERS SE PROFESSIONELE BEKWAAMHEID ASOOK HULLE BEKWAAMHEID AS STUDENTE-VOORLIGTERS EN -LEERMEESTERS, VOLGENS INRIGTINGS.

| INRIGTING | 1 GEEN | | 2 GERING | | 3 GEMIDDELD | | 4 HOOG | | 5 BAIE HOOG | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| a) Professionele bekwaamheid | | | | | | | | | | | | |
| Univ. A. | 1 | 2.4 | 2 | 4.8 | 5 | 11.9 | 13 | 31.0 | 20 | 47.6 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 1 | 2.1 | 1 | 2.1 | 14 | 29.8 | 18 | 38.3 | 13 | 27.7 | 0 | 47 |
| OK. A. | 3 | 1.0 | 10 | 3.5 | 25 | 8.7 | 124 | 43.1 | 109 | 37.8 | 17 | 288 |
| OK. B. | 4 | 1.0 | 17 | 4.1 | 70 | 16.8 | 168 | 40.3 | 152 | 36.5 | 6 | 417 |
| OK. C. | 1 | 0.6 | 10 | 5.8 | 34 | 19.9 | 61 | 35.7 | 60 | 35.1 | 5 | 171 |
| OK. D. | 9 | 2.7 | 27 | 8.1 | 77 | 23.0 | 121 | 36.1 | 91 | 27.2 | 10 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 4 | 28.6 | 3 | 21.4 | 0 | 0.0 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 1 | 1.5 | 4 | 6.2 | 10 | 15.4 | 28 | 43.1 | 22 | 33.8 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 20 | 1.4 | 73 | 5.2 | 239 | 17.1 | 536 | 38.4 | 468 | 33.5 | 60 (4.3%) | 1396 |
| b) Bekwaamheid as studente-voorligters en -leermeesters | | | | | | | | | | | | |
| Univ. A. | 1 | 2.4 | 2 | 2.8 | 10 | 23.8 | 9 | 21.4 | 20 | 47.6 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 3 | 6.4 | 2 | 4.3 | 11 | 23.4 | 17 | 36.2 | 14 | 29.8 | 0 | 47 |
| OK. A. | 15 | 5.2 | 21 | 7.3 | 54 | 18.8 | 91 | 31.6 | 90 | 31.3 | 17 | 288 |
| OK. B. | 16 | 3.8 | 51 | 12.2 | 91 | 21.8 | 145 | 34.8 | 101 | 24.2 | 13 | 417 |
| OK. C. | 12 | 7.0 | 22 | 12.9 | 39 | 22.8 | 42 | 24.6 | 49 | 28.7 | 7 | 171 |
| OK. D. | 24 | 7.2 | 60 | 17.9 | 79 | 23.6 | 99 | 29.6 | 63 | 18.8 | 10 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 5 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 3 | 4.6 | 7 | 10.8 | 11 | 16.9 | 22 | 33.8 | 21 | 32.3 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 77 | 5.5 | 167 | 12.0 | 296 | 21.2 | 427 | 30.6 | 360 | 25.8 | 69 (4.9%) | 1396 |

vertroud raak, hulle ook hoër eise aan die beoefe= naars van die beroep stel.

(3) Vervolgens is respondente gevra om hulle menings uit te spreek oor die professionele bevoegdheid van die onderwysers onder wie se sorg hulle geplaas is. Ook moes hul 'n opinie uitspreek oor die onderwysers se bekwaamheid as studente-voor= ligter en -leermeester. Die antwoorde op hierdie vraag word saamgevat in tabelle 35 en 36.

(a) Uit 'n ontleding van tabel 35 blyk die volgende:

(i) 33.5% van die respondente beskryf die klas- en vakonderwysers se professionele bekwaamheid as baie hoog en 38.4% beskryf dit as hoog. Die betrokke onderwysers se bekwaamheid as onderwysers word dus deur 71.9%(4+5) van die re= spondente as bo gemiddeld beskou. Hierteenoor be= skryf slegs 25.8% van die respondente die onderwy= sers se bekwaamheid as studente-voorligters en -leermeesters as baie hoog en 30.6% as hoog, m.a.w. slegs 56.4%(4+5) beskou dieselfde onderwysers se bekwaamheid as leermeesters en voorligters vir studente as bo gemiddeld.

(ii) Die persentasie studente wat beweer dat die onderwysers geen of slegs ge= ringe bekwaamheid as onderwysers en as studente-voorligters en -leermeesters besit, is relatief laag, te wete respektiewelik 1.4% en 5.2% teenoor 5.5% en 12.0%.

TABEL 35.

STUDENTE SE BEOORDELING VAN HULLE KLAS- OF VAKONDERWYSERS SE PROFESSIONELE BEKWAAMHEID ASOOK HULLE BEKWAAMHEID AS STUDENTE-VOORLIGTERS EN -LEERMEESTERS, VOLGENS JAARGROEPE.

| JAARGROEP | 1 GEEN | | 2 GERING | | 3 GEMIDDELD | | 4 HOOG | | 5 BAIE HOOG | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| a) Professionele bekwaamheid | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 2 | 0.5 | 6 | 1.5 | 44 | 11.5 | 149 | 39.2 | 171 | 45.0 | 8 | 380 |
| Tweede. | 6 | 1.5 | 17 | 4.3 | 69 | 17.7 | 139 | 35.7 | 130 | 33.4 | 28 | 389 |
| Derde. | 10 | 2.2 | 26 | 5.8 | 89 | 20.0 | 173 | 38.9 | 126 | 28.3 | 20 | 444 |
| Vierde. | 2 | 1.1 | 25 | 13.2 | 37 | 19.6 | 76 | 40.2 | 44 | 23.3 | 5 | 189 |
| TOTAAL. | 20 | 1.4 | 74 | 5.2 | 239 | 17.0 | 537 | 38.3 | 471 | 33.5 | 61 (4.4%) | 1402 |
| b) Bekwaamheid as studente-voorligters en -leermeesters | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 12 | 3.1 | 31 | 8.1 | 62 | 16.3 | 128 | 33.6 | 136 | 35.7 | 11 | 380 |
| Tweede. | 21 | 5.3 | 47 | 12.0 | 81 | 20.8 | 124 | 31.8 | 84 | 21.5 | 32 | 389 |
| Derde. | 28 | 6.3 | 59 | 13.2 | 112 | 25.2 | 119 | 26.8 | 104 | 23.4 | 22 | 444 |
| Vierde. | 16 | 8.5 | 29 | 15.3 | 44 | 23.3 | 56 | 29.6 | 39 | 20.6 | 5 | 189 |
| TOTAAL. | 77 | 5.4 | 166 | 11.8 | 299 | 21.3 | 427 | 30.4 | 363 | 25.8 | 70 (5.0%) | 1402 |

(iii) Uit 'n ontleding van die antwoorde volgens inrigtings blyk daar geen noemens=waardige verskille in die antwoorde nie behalwe dat 'n hoë persentasie (47.6%) van die studente van universiteit A die onderwysers se bekwaamheid ten opsigte van albei aspekte as baie hoog beskryf.

(b) Volgens tabel 36, waarin 'n uit=eensetting volgens jaargroepe gegee word, is daar 'n waarneembare afname in die dunk wat studente van die bekwaamheid van die onderwysers het, wat in di=rekte verhouding tot die studente se senioriteit staan. So word die onderwysers se professionele bekwaamheid as baie hoog beskryf deur 45.0% van die eerstejaars, 33.4% van die tweedejaars, 28.3% van die derdejaars en 23.3% van die vierdejaars.

Soos in die geval van tabel 34, kan ook hierdie verskynsel moontlik toegeskryf word aan die feit dat studente hoër eise aan onderwysers stel namate hulle met meer onderwysers in aanraking kom en namate hulle self met die vereistes van die beroep vertroud raak.

(4) In die laaste plek is studente gevra om te rapporteer oor die mate waarin 'n verskeiden=heid didaktiese aangeleenthede óf deur die betrokke onderwysers met hulle in die loop van die oefenonder=wystydperk bespreek is óf deur die studente met die onderwysers bespreek is. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae word in tabelle 37-45 uit=eengesit.

TABEL 37.

OF ONDERWYSERS HULLE EIE VOORBEREIDING EN VERSLAG VAN WERK MET STUDENTE BESPREEK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 3 | 7.1 | 2 | 4.8 | 5 | 11.9 | 11 | 26.2 | 21 | 50.0 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 7 | 14.9 | 3 | 6.4 | 16 | 34.0 | 13 | 27.7 | 8 | 17.0 | 0 | 47 |
| OK. A. | 31 | 10.8 | 22 | 7.6 | 65 | 22.6 | 89 | 30.9 | 79 | 27.4 | 2 | 288 |
| OK. B. | 41 | 9.8 | 53 | 12.7 | 84 | 20.1 | 140 | 33.6 | 95 | 22.8 | 4 | 417 |
| OK. C. | 11 | 6.4 | 21 | 12.3 | 31 | 18.1 | 69 | 40.4 | 37 | 21.6 | 2 | 171 |
| OK. D. | 67 | 20.0 | 55 | 16.4 | 64 | 19.1 | 85 | 25.4 | 62 | 18.5 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 3 | 21.4 | 0 | 0.0 | 5 | 35.7 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 4 | 6.2 | 12 | 18.5 | 15 | 23.1 | 18 | 27.7 | 16 | 24.6 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 164 | 11.7 | 171 | 12.2 | 280 | 20.1 | 431 | 30.9 | 318 | 22.8 | 32 | 1396 |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | | | | | |
| **Eerste.** | 30 | 7.8 | 37 | 9.7 | 82 | 21.5 | 130 | 34.2 | 99 | 26.0 | 2 | 380 |
| **Tweede.** | 49 | 12.5 | 48 | 12.3 | 73 | 18.7 | 107 | 27.5 | 95 | 24.4 | 17 | 389 |
| **Derde.** | 51 | 11.4 | 60 | 13.5 | 84 | 18.9 | 141 | 31.7 | 97 | 21.8 | 11 | 444 |
| **Vierde.** | 34 | 18.0 | 28 | 14.8 | 42 | 22.2 | 54 | 28.6 | 29 | 15.3 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 164 | 11.6 | 173 | 12.3 | 281 | 20.0 | 432 | 30.8 | 320 | 32.8 | 32 | 1402 |

(a) In tabel 37 word die antwoorde op die vraag of onderwysers hulle eie voorbereiding en verslag van werk met studente bespreek, weergegee. 'n Ontleding van hierdie tabel toon die volgende:

(i) Alhoewel meer as die helfte, t.w. 53.7%(4+5) van die studente verklaar dat onder=wysers hulle voorbereiding en verslag van werk ge=reeld (dikwels, altyd) met hulle bespreek, kry 23.9%(1+2) van die studente nooit of slegs af en toe hierdie noodsaaklike voorligting.

(ii) Ontleed volgens inrigtings, is 'n opvallend positiewe antwoord van universiteit A se studente verkry, waar 50.0% verklaar dat hulle al=tyd hierdie voorligting ontvang, terwyl 'n opvallend negatiewe verslag van onderwyskollege D verkry is, waar 36.4%(1+2) van die studente verklaar dat onder=wysers nooit of slegs af en toe hulle eie voorberei=ding en verslag van werk met studente bespreek.

(iii) Uit 'n ontleding van die jaargroepgegewens blyk dat die persentasie „nooit-" en „af en toe-" antwoorde met die studente se seniori=teit toeneem, nl. van 17.5%(1+2) by eerstejaars na 14.8%(1+2) by tweedejaars, 24.9%(1+2) by derdejaars en 32.8%(1+2) by vierdejaars.

(b) Die mate waarin onderwysers hulle stelsels van kontrole van leerlinge se skriftelike werk met studente bespreek, word in tabel 38 uiteen=gesit. 'n Ontleding van die tabel toon die volgende:

TABEL [illegible].

OF ONDERWYSERS HULLE STELSELS VAN KONTROLE VAN LEERLINGE SE SKRIFTELIKE WERK MET STUDENTE BESPREEK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 3 | 7.1 | 0 | 0.0 | 7 | 16.7 | 9 | 21.4 | 23 | 54.8 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 2 | 4.3 | 10 | 21.3 | 10 | 21.3 | 10 | 21.3 | 14 | 29.8 | 1 | 47 |
| OK. A. | 14 | 4.9 | 21 | 7.3 | 32 | 11.1 | 82 | 28.5 | 135 | 46.9 | 4 | 288 |
| OK. B. | 11 | 2.6 | 25 | 6.0 | 59 | 14.1 | 147 | 35.3 | 169 | 40.5 | 6 | 417 |
| OK. C. | 7 | 4.1 | 9 | 5.3 | 28 | 16.4 | 48 | 28.1 | 77 | 45.0 | 2 | 171 |
| OK. D. | 39 | 11.6 | 56 | 16.7 | 90 | 26.9 | 78 | 23.3 | 67 | 20.0 | 5 | 335 |
| Koll. A. | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 0 | 0.0 | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 8 | 12.3 | 7 | 10.8 | 8 | 12.3 | 19 | 29.2 | 22 | 33.8 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 86 | 6.2 | 131 | 9.4 | 234 | 16.8 | 396 | 28.4 | 508 | 36.4 | 41 | 1396 |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 15 | 3.9 | 25 | 6.5 | 50 | 1[illegible].1 | 114 | 29.9 | 173 | 45.5 | 3 | 380 |
| Tweede. | 23 | 5.9 | 29 | 7.4 | 62 | 1[illegible].9 | 114 | 29.3 | 140 | 35.9 | 21 | 389 |
| Derde. | 27 | 6.0 | 45 | 10.1 | 83 | 18.6 | 120 | 27.0 | 154 | 34.6 | 15 | 444 |
| Vierde. | 21 | 11.1 | 32 | 16.9 | 41 | 2[illegible].7 | 50 | 26.5 | 43 | 22.8 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 86 | 6.1 | 131 | 9.3 | 236 | 1[illegible].8 | 398 | 28.3 | 510 | 36.3 | 41 | 1402 |

**TABEL 39.**

**OF ONDERWYSERS DIE SKOOLBELEID I.V.M. EN KONTROLE VAN LEERLINGE SE HUISWERK MET STUDENTE BESPREEK.**

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 2 | 4.8 | 2 | 4.8 | 6 | 14.3 | 11 | 26.2 | 21 | 50.0 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 3 | 6.4 | 11 | 23.4 | 9 | 19.1 | 14 | 29.8 | 10 | 21.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 12 | 4.2 | 25 | 8.7 | 52 | 18.1 | 102 | 35.4 | 94 | 32.6 | 3 | 288 |
| OK. B. | 12 | 2.9 | 35 | 8.4 | 78 | 18.7 | 151 | 36.2 | 137 | 32.9 | 4 | 417 |
| OK. C. | 11 | 6.4 | 7 | 4.1 | 34 | 19.9 | 66 | 38.6 | 52 | 30.4 | 1 | 171 |
| OK. D. | 40 | 11.9 | 65 | 19.4 | 84 | 25.1 | 89 | 26.6 | 55 | 16.4 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 4 | 28.6 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 9 | 13.8 | 7 | 10.8 | 11 | 16.9 | 20 | 30.8 | 18 | 27.7 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 92 | 6.6 | 154 | 11.0 | 274 | 19.6 | 457 | 32.7 | 387 | 27.7 | 32 | 1396 |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 18 | 4.7 | 20 | 5.2 | 63 | 16.5 | 147 | 38.6 | 130 | 34.2 | 2 | 380 |
| Tweede. | 25 | 6.4 | 44 | 11.3 | 75 | 19.2 | 119 | 30.5 | 110 | 28.2 | 16 | 389 |
| Derde. | 32 | 7.2 | 53 | 11.9 | 93 | 20.9 | 142 | 31.9 | 111 | 25.0 | 13 | 444 |
| Vierde. | 17 | 9.0 | 37 | 19.6 | 46 | 24.3 | 50 | 26.5 | 38 | 20.1 | 1 | 189 |
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |



270

(i) Die gebruik word redelik algemeen gevolg, want 36.4% van die studente verklaar dat onderwysers altyd hulle stelsels van kontrole van leerlinge se skriftelike werk met studente bespreek, 28.4% dat dit dikwels geskied en 16.8% taamlik dikwels. Alhoewel die 15.6%(1+2) wat nooit of slegs af en toe hierdie soort voorligting ontvang, betreklik klein is, dui dit nogtans op 'n leemte in hulle praktiese op= leiding.

(ii) Die jaargroepontleding toon 'n duidelike afname in „altyd"-antwoorde, nl. van 45.5% by eerstejaars na 35.9% by tweedejaars, 34.6% by derdejaars en 22.8% by vierdejaars.

(c) In tabel 39 verskyn die antwoor= de op die vraag of onderwysers die skoolbeleid in verband met en die kontrole van leerlinge se huiswerk met studente bespreek.

(i) Uit die tabel blyk dat ook hierdie aspek tydens oefenonderwys redelik alge= meen aan studente verduidelik word aangesien 60.4% van die respondente verklaar dat onderwysers dikwels of altyd genoemde sake met hulle bespreek. In die geval van universiteit A is hierdie persentasie die hoogste van al die inrigtings, t.w. 76.2%(4+5). Die persentasie studente wat verklaar dat hulle nooit of slegs af en toe hierdie voorligting ontvang, is egter ook redelik hoog, te wete 17.6%(1+2) en in die geval van onderwyskollege D die hoogste, t.w. 31.3%(1+2).

TABEL 40.

OF ONDERWYSERS HULLE EIE METODES OM DISSIPLINE TE HANDHAAF MET STUDENTE BESPREEK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 6 | 14.3 | 4 | 9.5 | 6 | 14.3 | 11 | 26.2 | 13 | 31.0 | 2 | 42 |
| Univ. B. | 4 | 8.5 | 14 | 29.8 | 9 | 19.1 | 12 | 25.5 | 8 | 17.0 | 0 | 47 |
| OK. A. | 27 | 9.4 | 32 | 11.1 | 69 | 24.0 | 87 | 30.2 | 68 | 23.6 | 5 | 288 |
| OK. B. | 39 | 9.4 | 49 | 11.8 | 87 | 20.9 | 131 | 31.4 | 103 | 24.7 | 8 | 417 |
| OK. C. | 17 | 9.9 | 15 | 8.8 | 32 | 18.7 | 57 | 33.3 | 48 | 28.1 | 2 | 171 |
| OK. D. | 46 | 13.7 | 67 | 20.0 | 83 | 24.8 | 78 | 23.3 | 55 | 16.4 | 6 | 335 |
| Koll. A. | 2 | 14.3 | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 4 | 28.6 | 0 | 0.0 | 7 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 8 | 12.3 | 9 | 13.8 | 14 | 21.5 | 15 | 23.1 | 17 | 26.2 | 2 | 65 |
| TOTAAL. | 149 | 10.7 | 191 | 13.7 | 301 | 21.6 | 395 | 28.3 | 312 | 22.3 | 48 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 25 | 6.5 | 34 | 8.9 | 86 | 22.6 | 123 | 32.3 | 108 | 28.4 | 4 | 380 |
| Tweede. | 39 | 10.0 | 56 | 14.3 | 91 | 23.3 | 107 | 27.5 | 77 | 19.7 | 19 | 389 |
| Derde. | 54 | 12.1 | 61 | 13.7 | 92 | 20.7 | 119 | 26.8 | 99 | 22.2 | 19 | 444 |
| Vierde. | 31 | 16.4 | 40 | 21.2 | 34 | 18.0 | 47 | 24.9 | 30 | 15.9 | 7 | 189 |
| TOTAAL. | 149 | 10.6 | 191 | 13.6 | 303 | 21.6 | 396 | 28.2 | 314 | 22.3 | 49 | 1402 |

(ii) 'n Ontleding volgens jaar=groepe toon dieselfde patroon as in die vorige vrae in hierdie afdeling, nl. 'n verskerpte negatiewe beeld met die toename in die studente se senioriteit. Die persentasie studente wat verklaar dat onderwysers altyd die skoolbeleid t.o.v. kontrole van leerlinge se huiswerk met hulle bespreek, verminder van 34.2% by eerstejaars na 28.2% by tweedejaars, 25.0% by derdejaars en 20.1% by vierdejaars.

(d) In tabel 40 word die antwoorde op die vraag of onderwysers hulle metodes om dissi=pline te handhaaf met studente bespreek, getabelleer.

(i) Uit 'n ontleding van die tabel blyk eerstens dat hierdie aangeleentheid nie so algemeen as die vorige drie bespreek word nie, want slegs 50.6%(4+5) van die respondente antwoord dat dit dikwels of altyd gedoen word. 24.4%(1+2) van die respondente verklaar dat die onderwysers hulle eie metodes om dissipline te handhaaf, nooit of slegs af en toe met die studente bespreek. In die gevalle van die studente van universiteit B en onderwyskollege D is hierdie persentasies heelwat hoër as die van die ander inrigtings, nl. onderskeidelik 38.3%(1+2) en 33.7%(1+2).

(ii) Vervolgens toon die jaar=groepontleding weer dieselfde patroon as met die vorige gevalle, aangesien 6.5% van die eerstejaars „nooit" antwoord teenoor 10.0% tweedejaars, 12.1% derdejaars en 16.4% vierdejaars. Daarteenoor ant=

TABEL [illegible]

OF ONDERWYSERS DIE AANLê EN BYHOU VAN SKOOLRES[illegible] MET [illegible]NTE BE[illegible]NDEL.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 9 | 21.4 | 4 | 9.5 | 10 | 23.8 | 8 | 19.0 | 11 | 26.2 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 19 | 40.4 | 13 | 27.7 | 6 | 12.8 | 2 | 4.3 | 7 | 14.9 | 0 | 47 |
| OK. A. | 116 | 40.3 | 38 | 13.2 | 46 | 16.0 | 44 | 15.3 | 42 | 14.6 | [illegible] | 288 |
| OK. B. | 113 | 27.1 | 70 | 16.8 | 73 | 17.5 | 79 | 18.9 | 77 | 18.5 | 5 | 417 |
| OK. C. | 22 | 12.9 | 19 | 11.1 | 39 | 22.8 | 40 | 23.4 | 49 | 28.7 | 2 | 171 |
| OK. D. | 154 | 46.0 | 58 | 17.3 | 44 | 13.1 | 40 | 11.9 | 34 | 10.1 | 5 | 335 |
| Koll. A. | 5 | 35.7 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 9 | 13.8 | 14 | 21.5 | 9 | 13.8 | 16 | 24.6 | 16 | 24.6 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 447 | 32.0 | 216 | 15.5 | 228 | 16.3 | 231 | 16.5 | 237 | 17.0 | 37 | 1396 |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | | | | | |
| **Eerste.** | 111 | 29.2 | 65 | 17.1 | 81 | 21.3 | 69 | 18.1 | 51 | 13.4 | 3 | 380 |
| **Tweede.** | 106 | 27.2 | 75 | 19.2 | 58 | 14.9 | 62 | 15.9 | 72 | 18.5 | 16 | 389 |
| **Derde.** | 126 | 28.3 | 52 | 11.7 | 70 | 15.7 | 84 | 18.9 | 95 | 21.3 | 17 | 444 |
| **Vierde.** | 104 | 55.0 | 30 | 15.9 | 19 | 10.1 | 16 | 8.5 | 19 | 10.1 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 447 | 31.8 | 222 | 15.8 | 228 | 16.2 | 231 | 16.4 | 237 | 16.9 | 37 | 1402 |

TABEL 42.

OF ONDERWYSERS HULLE BESONDERE METODES EN TEGNIEKE (VAKMETODIEK) MET STUDENTE BESPREEK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 4 | 9.5 | 5 | 11.9 | 10 | 23.8 | 14 | 33.3 | 9 | 21.4 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 7 | 14.9 | 10 | 21.3 | 11 | 23.4 | 14 | 29.8 | 5 | 10.6 | 0 | 47 |
| OK. A. | 37 | 12.8 | 26 | 9.0 | 77 | 26.7 | 84 | 29.2 | 58 | 20.1 | 6 | 288 |
| OK. B. | 41 | 9.8 | 55 | 13.2 | 106 | 25.4 | 130 | 31.2 | 72 | 17.3 | 13 | 417 |
| OK. C. | 17 | 9.9 | 20 | 11.7 | 41 | 24.0 | 57 | 33.3 | 33 | 19.3 | 3 | 171 |
| OK. D. | 67 | 20.0 | 74 | 22.1 | 79 | 23.6 | 67 | 20.0 | 41 | 12.2 | 7 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 5 | 35.7 | 0 | 0.0 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 6 | 9.2 | 10 | 15.4 | 10 | 15.4 | 26 | 40.0 | 10 | 15.4 | 3 | 65 |
| TOTAAL. | 180 | 12.9 | 200 | 14.3 | 336 | 24.1 | 398 | 28.5 | 228 | 16.3 | 54 | 1396 |
| | | | | | | | | | | | (3.9%) | |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 39 | 10.2 | 51 | 13.4 | 90 | 23.6 | 120 | 31.5 | 73 | 19.2 | 7 | 380 |
| Tweede. | 51 | 13.1 | 60 | 15.4 | 86 | 22.1 | 106 | 27.2 | 60 | 15.4 | 26 | 389 |
| Derde. | 56 | 12.6 | 58 | 13.0 | 111 | 25.0 | 128 | 28.8 | 71 | 15.9 | 20 | 444 |
| Vierde. | 34 | 18.0 | 34 | 18.0 | 50 | 26.5 | 43 | 22.8 | 27 | 14.3 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 180 | 12.8 | 203 | 14.4 | 337 | 24.0 | 397 | 28.3 | 231 | 16.4 | 54 | 1402 |
| | | | | | | | | | | | (3.9%) | |

woord 28.4% van die eerstejaars „altyd", terwyl 19.7% tweedejaars, 22.2% derdejaars en 15.9% vierdejaars dieselfde mening toegedaan is.

(e) Die mate waarin onderwysers die aanlê en byhou van skoolbesoekregisters met studente behandel, word in tabel 41 aangetoon. 'n Ontleding van die tabel toon die volgende:

(i) Dit blyk dat 17.0% van die respondente verklaar dat onderwysers altyd en 16.5% dat hulle dikwels die aanlê en byhou van skoolbesoekre=gisters met studente bespreek, terwyl 32.0% beweer dat dit nooit gedoen word nie.

(ii) Uit die gegewens volgens jaargroepe is die hoë persentasie negatiewe antwoorde („nooit" en „af en toe") van die vierdejaarstudente, nl. 70.9% hier opvallend.

(f) Vervolgens word die antwoorde op die vraag of onderwysers hulle besondere metodes en tegnieke met studente bespreek, in tabel 42 getabel=leer.

'n Ontleding van hierdie tabel toon die volgen=de:

(i) Van die studente verklaar 16.3% dat die onderwysers altyd hulle eie besondere metodes en tegnieke met hulle bespreek, 28.5% dat on=derwysers dit dikwels doen, 24.1% gee dit aan as taamlik dikwels, 14.3% as af en toe en 12.9% as nooit.

TABEL 43.

OF ONDERWYSERS DIE LESSE W[illegible] DIE [illegible]SIGHEID VAN STUDENTE GEE AGTERNA MET DIE STUDENTE BESPREEK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 8 | 19.0 | 5 | 11.9 | 7 | 16.7 | 14 | 33.3 | 8 | 19.0 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 18 | 38.3 | 13 | 27.7 | 4 | 8.5 | 8 | 17.0 | 3 | 6.4 | 1 | 47 |
| OK. A. | 100 | 34.7 | 43 | 14.9 | 56 | 19.4 | 64 | 22.2 | 23 | 8.0 | 2 | 288 |
| OK. B. | 137 | 32.9 | 64 | 15.3 | 94 | 22.5 | 76 | 18.2 | 41 | 9.8 | 5 | 417 |
| OK. C. | 66 | 38.6 | 24 | 14.0 | 30 | 17.5 | 39 | 22.8 | 11 | 6.4 | 1 | 171 |
| OK. D. | 113 | 33.7 | 80 | 23.9 | 61 | 18.2 | 57 | 17.0 | 22 | 6.6 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 25 | 38.5 | 9 | 13.8 | 7 | 10.8 | 17 | 26.2 | 6 | 9.2 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 471 | 33.7 | 238 | 17.0 | 261 | 18.7 | 277 | 19.8 | 115 | 8.2 | 34 | 1396 |

| VOLGENS JAARGROEPE | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste. | 86 | 22.6 | 76 | 20.0 | 85 | 22.3 | 97 | 25.5 | 34 | 8.9 | 2 | 380 |
| Tweede. | 140 | 35.9 | 55 | 14.1 | 72 | 18.5 | 73 | 18.7 | 33 | 8.4 | 16 | 389 |
| Derde. | 174 | 39.1 | 73 | 16.4 | 76 | 17.1 | 74 | 16.6 | 33 | 7.4 | 14 | 444 |
| Vierde. | 74 | 39.2 | 34 | 18.0 | 30 | 15.9 | 33 | 17.5 | 16 | 8.5 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 474 | 33.8 | 238 | 16.9 | 263 | 18.7 | 277 | 19.7 | 116 | 8.2 | 34 | 1402 |

Hieruit blyk dus dat 27.2%(1+2) van die studente ver= klaar dat onderwysers nooit of slegs af en toe hulle besondere metodes en tegnieke met studente bespreek.

(ii) 'n Ontleding volgens jaar= groepe bring geen opvallende nuwe tendense aan die lig nie.

(g) In tabel 43 word nagegaan of en in watter mate onderwysers die lesse wat hulle self in die teenwoordigheid van die studente gee, agterna met die studente bespreek.

(i) Uit die gegewens van tabel 43 blyk dat hierdie gebruik blykbaar nie baie gewild by die onderwysers is nie, aangesien 33.7% van die studente verklaar dat onderwysers nooit hulle eie lesse met studente bespreek nie. Slegs 8.2% ver= klaar dat dit altyd gedoen word.

(ii) Die persentuele waardes in die uiteensetting volgens jaargroepe toon ook in hierdie tabel 'n progressief hoër persentasie nega= tiewe antwoorde by senior studente. Waar 22.6% van die eerstejaars „nooit" antwoord , vermeerder dit na 35.9% by tweedejaars, 39.1% by derdejaars en 39.2% by vierdejaars.

(h) Wat die bespreking van die lesse wat studente voor die onderwysers gee, betref, blyk die volgende uit tabel 44:

(i) 18.2% van die studente ver=

TABEL 44.

OF ONDERWYSERS DIE LESSE WAT STUDENTE IN DIE ONDERWYSERS SE TEENWOORDIGHEID GEE, AGTERNA MET STUDENTE BESPREEK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 2 | 4.8 | 3 | 7.1 | 11 | 26.2 | 11 | 26.2 | 15 | 35.7 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 7 | 14.9 | 9 | 19.1 | 11 | 23.4 | 10 | 21.3 | 8 | 17.0 | 2 | 47 |
| OK. A. | 45 | 15.6 | 25 | 8.7 | 49 | 17.0 | 94 | 32.6 | 71 | 24.7 | 4 | 288 |
| OK. B. | 68 | 16.3 | 42 | 10.1 | 88 | 21.1 | 123 | 29.5 | 87 | 20.9 | 9 | 417 |
| OK. C. | 34 | 19.9 | 23 | 13.5 | 37 | 21.6 | 41 | 24.0 | 35 | 20.5 | 1 | 171 |
| OK. D. | 134 | 40.0 | 62 | 18.5 | 69 | 20.6 | 46 | 13.7 | 20 | 6.0 | 4 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 2 | 14.3 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 7 | 10.8 | 8 | 12.3 | 15 | 23.1 | 20 | 30.8 | 15 | 23.1 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 298 | 21.3 | 174 | 12.5 | 281 | 20.1 | 347 | 24.9 | 254 | 18.2 | 42 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 73 | 19.2 | 31 | 8.1 | 73 | 19.2 | 116 | 30.5 | 81 | 21.3 | 6 | 380 |
| Tweede. | 93 | 23.9 | 39 | 10.0 | 81 | 20.8 | 91 | 23.3 | 67 | 17.2 | 18 | 389 |
| Derde. | 95 | 21.3 | 71 | 15.9 | 82 | 18.4 | 100 | 22.5 | 81 | 18.2 | 15 | 444 |
| Vierde. | 40 | 21.2 | 34 | 18.0 | 46 | 24.3 | 40 | 21.2 | 26 | 13.8 | 3 | 189 |
| TOTAAL. | 301 | 21.4 | 175 | 12.4 | 282 | 20.1 | 347 | 24.7 | 255 | 18.1 | 42 | 1402 |

klaar dat hulle lesse altyd deur die onderwysers bespreek is. In die geval van universiteit A is hierdie persentasie, nl. 35.7%, heelwat hoër as by die res van die inrigtings. Die persentasie respon=dente wat verklaar dat studente se lesse nooit ag=terna deur die onderwysers bespreek is nie, is 21.3%. Opvallend is hier dat die persentasie „nooit"-ant=woorde van studente van onderwyskollege D in verhou=ding baie hoog is, nl. 40.0%.

(ii) 'n Ontleding van die ge=gewens volgens jaargroepe toon geen belangrike ver=skille in die antwoorde van die verskillende jaar=groepe nie.

(i) Die antwoord op die vraag of onderwysers die leerlinge se eienaardighede, leer=probleme, huislike omstandighede, ens. met studente bespreek, word in tabel 45 uiteengesit. Die doel met die vraag was om vas te stel of studente tydens oefenonderwys ook in die geleentheid gestel word om leerlinge as deelnemers in die opvoedingsituasie te bestudeer en met sommige van die probleme van die kind op skool kennis te maak.

Uit 'n ontleding van tabel 45 kan die volgende afleidings gemaak word:

(i) Die meerderheid van die respondente verklaar dat onderwysers wel aspekte van die leerlinge se leer- en ander probleme met hulle bespreek. 'n Redelik hoë persentasie,nl. 28.9%

TABEL 45.

OF ONDERWYSERS LEERLINGE SE EIENAARDIGHEDE, LEERPROBLEME, HUISLIKE OMSTANDIGHEDE, ENS. MET STUDENTE BESPREEK, SODAT STUDENTE DIE LEERLINGE BETER KAN LEER VERSTAAN.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 2 | 4.8 | 3 | 7.1 | 8 | 19.0 | 12 | 28.6 | 17 | 40.5 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 5 | 10.6 | 11 | 23.4 | 8 | 17.0 | 11 | 23.4 | 12 | 25.5 | 0 | 47 |
| OK. A. | 30 | 10.4 | 26 | 9.0 | 45 | 15.6 | 86 | 29.9 | 98 | 34.0 | 3 | 288 |
| OK. B. | 41 | 9.8 | 38 | 9.1 | 91 | 21.8 | 122 | 29.3 | 121 | 29.0 | 4 | 417 |
| OK. C. | 10 | 5.8 | 21 | 12.3 | 35 | 20.5 | 47 | 27.5 | 57 | 33.3 | 1 | 171 |
| OK. D. | 47 | 14.0 | 45 | 13.4 | 60 | 17.9 | 100 | 29.9 | 80 | 23.9 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 3 | 21.4 | 3 | 21.4 | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 12 | 18.5 | 7 | 10.8 | 13 | 20.0 | 15 | 23.1 | 18 | 27.7 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 148 | 10.6 | 154 | 11.0 | 263 | 18.8 | 394 | 28.2 | 404 | 28.9 | 33 | 1396 |
| VOLGENS KURSUSSE | | | | | | | | | | | | |
| Grad. | 48 | 26.8 | 36 | 20.1 | 36 | 20.1 | 29 | 16.2 | 28 | 15.6 | 2 | 179 |
| Geesteswet. | 13 | 14.6 | 10 | 11.2 | 17 | 19.1 | 24 | 26.9 | 25 | 28.0 | 0 | 89 |
| Nat.wet. | 7 | 14.5 | 7 | 14.5 | 7 | 14.5 | 12 | 25.0 | 15 | 31.2 | 0 | 48 |
| Ha. | 11 | 9.5 | 15 | 13.0 | 24 | 20.8 | 31 | 26.9 | 34 | 29.5 | 0 | 115 |
| Huish., tegnies. | 13 | 10.5 | 9 | 7.3 | 22 | 17.8 | 31 | 25.2 | 33 | 26.8 | 15 | 123 |
| L.O. | 8 | 10.5 | 7 | 9.2 | 16 | 21.0 | 20 | 26.3 | 22 | 28.9 | 3 | 76 |
| Ku., mu., dr. | 9 | 11.3 | 8 | 10.1 | 14 | 17.7 | 19 | 24.0 | 21 | 26.5 | 8 | 79 |
| Jr.-p. | 9 | 3.3 | 16 | 5.9 | 52 | 19.4 | 84 | 31.4 | 106 | 39.7 | 0 | 267 |
| Sr.-p. | 31 | 7.5 | 47 | 11.3 | 82 | 19.8 | 136 | 32.9 | 115 | 27.8 | 2 | 413 |
| Bes.laer. | 6 | 8.1 | 10 | 13.5 | 6 | 8.1 | 24 | 32.4 | 28 | 37.8 | 0 | 74 |
| TOTAAL. | 155 | 10.5 | 165 | 11.2 | 276 | 18.8 | 410 | 28.0 | 427 | 29.1 | 30 | 1463 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 23 | 6.0 | 27 | 7.1 | 71 | 18.6 | 123 | 32.3 | 134 | 35.2 | 2 | 380 |
| Tweede. | 31 | 7.9 | 42 | 10.7 | 71 | 18.2 | 112 | 28.7 | 117 | 30.0 | 16 | 389 |
| Derde. | 43 | 9.6 | 47 | 10.5 | 86 | 19.3 | 133 | 29.9 | 122 | 27.4 | 13 | 444 |
| Vierde. | 52 | 27.5 | 40 | 21.2 | 36 | 19.0 | 26 | 13.8 | 33 | 17.5 | 2 | 189 |
| TOTAAL. | 149 | 10.6 | 156 | 11.1 | 264 | 18.8 | 394 | 28.1 | 406 | 28.9 | 33 | 1402 |

verklaar dat hierdie besprekings altyd plaasvind, terwyl dit volgens 28.2% dikwels en volgens 18.8% taamlik dikwels geskied. Volgens 10.6% kry hulle nooit en volgens 11.0% net af en toe die geleentheid om op hierdie wyse insae in kinders se probleme te kry.[1] Volgens inrigtings is die positiefste verslag dié van universiteit A, waar 69.1%(4+5) van die respondente antwoord dat onderwysers gereeld (altyd en dikwels) leerlinge en hulle probleme met hulle bespreek. Studente van universiteit B kry volgens hierdie tabel die minste geleentheid vir bespreking van leerlinge en hulle probleme aangesien 46.9%(1+2) antwoord dat onderwysers nooit of slegs af en toe leerlinge en hulle probleme met studente bespreek.

(ii) 'n Ontleding volgens kursus=se bring aan die lig dat die studente wat 'n graad=kursus volg, die minste geleentheid vir hierdie be=sprekings kry, aangesien 46.9% van die respondente „nooit" of „af en toe" antwoord. Studente wat die junior-primêre kursus volg, is die groep wat die meeste hierdie vorm van voorligting kry, aangesien 39.7% aandui dat onderwysers altyd die leerlinge en hulle probleme met hulle bespreek en slegs 3.3% „nooit" antwoord.

(iii) Uit die ontleding volgens jaargroepe blyk dat daar ten opsigte van hierdie vraag 'n toename in die negatiewe antwoorde en 'n

---

1) Kyk ook tabel 139.

afname in die positiewe antwoorde volgens senioriteit van die studente is. So bv. vermeerder die „nooit"-antwoorde van 6.0% by eerstejaarstudente na 7.9% by tweedejaars, 9.6% by derdejaars en 27.5% by vierde=jaars.

(5) Samevatting

Bevindings oor die samewerking en leiding van die klas- en vakonderwysers onder wie se sorg studente tydens oefenonderwys geplaas word, kan soos volg saamgevat word:

(a) Die ondersoek na die mate waarin onderwysers se onderwysmetodes verskil van dié wat studente by hulle opleidingsinrigtings leer, het aan die lig gebring dat 'n aansienlike persentasie, t.w. 31.1% van die studente verklaar dat die verskillende metodes heeltemal of grootliks verskil. Die verwar=rende uitwerking wat hierdie verskynsel op studente sal hê, is vanselfsprekend.

(b) Alhoewel meer as die helfte van die respondente (54.5%) verklaar dat die onderwysers hulle sterk positief ten opsigte van die onderwys=beroep beïnvloed het, is die persentasie onderwysers wat hulle negatief of slegs in 'n geringe mate posi=tief beïnvloed, redelik hoog, t.w. 20.6%.

(c) Die ondersoek na die studente=mening oor onderwysers se professionele bekwaamheid asook hul bekwaamheid as studente-voorligters en

-leermeesters het aan die lig gebring dat die groot meerderheid (71.9%) van die studente 'n hoë dunk van die onderwysers onder wie se sorg hulle geplaas word se bekwaamheid as onderwysers het. Desnieteen=staande word hulle nie so hoog aangeslaan as studen=te-voorligters en -leermeesters nie. 56.4% van die studente beskou hul as bo die gemiddeld in dié opsig.

(d) Uit die ondersoek na die mate waarin klas- of vakonderwysers 'n aktiewe rol speel in die opleiding van studente ten opsigte van verskil=lende didaktiese aangeleenthede, kan die volgende samevatting en afleidings gemaak word:[1)]

(i) Aangesien dit vir studente groot waarde het om in die praktyk kennis te maak met die wyse waarop onderwysers hulle voorbereiding doen en verslag van hulle werk hou, is dit opvallend dat 23.9% van die studente verklaar dat onderwysers hulle nooit of slegs af en toe hieroor inlig.

(ii) Ten opsigte van die wyses waarop leerlinge se skriftelike werk gekontroleer word, is aangetoon dat 15.6% van die studente nooit of slegs af en toe hierin noodsaaklike voorligting ontvang.

---

1) By die interpretasie van hierdie gegewens is van die standpunt uitgegaan dat alle studente ten opsigte van die genoemde aspekte opleiding be=hoort te ontvang. Daar is gevolglik meer klem gelê op die negatiewe verslae in hierdie reeks gegewens.

(iii) Die wyses waarop leerlinge se huiswerk gedoen moet word en deur onderwysers ge=kontroleer word, word redelik algemeen met studente behandel, maar 17.6% verklaar dat hulle selde hier=oor ingelig word.

(iv) Amper 'n kwart van die respondente (24.4%) verklaar dat die handhawing van dissipline nooit of baie selde met hulle behandel word.

(v) Terwyl die aanlê en byhou van amptelike departementele stukke by skole van groot belang is en 'n groot mate van noukeurigheid vereis word, is dit opvallend dat die ondersoek aantoon dat 32.0% van die studente beweer dat die onderwysers nooit die aanlê en byhou van skoolbesoekregisters met hulle behandel nie.

(vi) As in aanmerking geneem word dat skoolhoofde die studente gewoonlik by ervare on=derwysers plaas,[1] kan verwag word dat hierdie onder=wysers hulle eie besondere metodes en tegnieke gere=delik met studente sal bespreek. Die ondersoek toon egter dat 27.2% van die studente verklaar dat onder=wysers dit nooit of baie selde met hulle bespreek.

(vii) Die bespreking en ontleding van onderwysers se lesse waarna studente tydens oefen=onderwys luister, asook die bespreking van hulle eie pogings behoort een van die belangrikste aspekte van

---

1) Kyk tabel 123.

die studente se praktiese opleiding by die skole te wees. Tog verklaar 33.7% van die studente dat onder=wysers nooit hulle eie lesse met studente bespreek nie en 21.3% dat hulle nooit studente se lesse bespreek nie.[1] Hieruit blyk 'n duidelike leemte in studente se praktiese opleiding by die skole.

(viii) Die gebruik dat onderwysers die leerlinge en hulle leer- en ander probleme met studente bespreek, word redelik algemeen toegepas, alhoewel 21.6% van die studente verklaar dat dit nooit of baie selde plaasvind. Hierdie verskynsel moet ook as 'n tekortkoming in die studente se prak=tiese opleiding gesien word aangesien begrip en kennis omtrent die kind as sleutelfiguur in die op=voedingsituasie vanselfsprekend belangrik is.[2]

(e) Uit reaksies van die verskillende inrigtings ten opsigte van hierdie reeks vrae is dit opvallend dat antwoorde van studente van universiteit A op baie vrae meer na die positiewe kant neig as dié van studente van die ander inrigtings. Aan die ander kant kan gesê word dat antwoorde van onderwyskollege D in heelwat gevalle die meeste na die negatiewe kant heen wys ten opsigte van samewerking en voorligting wat hulle by die skole ontvang.

---

1) Kyk ook hoofstuk XII, p.419

2) Kyk ook hoofstuk XII, tabel 139.

(f) Alhoewel die kursusgegewens nie in tabelle 37-45 opgeneem is nie, kan vermeld word dat 'n ontleding van die betrokke kursusgegewens aangetoon het dat studente wat graadkursusse volg, nie dieselfde mate van samewerking en voorligting by skole ontvang as studente wat ander kursusse (laer- en hoërskoolgerigte kursusse) volg nie. Hierdie bevindings stem ooreen met die bevindings uit die jaargroepgegewens, waar die vierdejaargroep (wat hoofsaaklik graadstudente is - kyk voetnota, p.214) deurgaans meer negatief rapporteer t.o.v. die betrokke aspekte, as al die ander jaargroepe.

(g) Uit die antwoorde van verskillende jaargroepe word dit weer duidelik dat antwoorde met 'n negatiewe strekking toeneem namate die senioriteit van die studente styg. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat die seniorstudente wat progressief meer ervaring van oefenonderwys opgedoen het, in die lig van hul groter insig, meer krities ten opsigte van elke vraag gestaan het.[1)]

(h) Daar kan in hierdie stadium van die ondersoek tot die gevolgtrekking gekom word dat, te oordeel aan studente se antwoorde, nie alle onderwysers onder die besef verkeer van die sleutelrol wat hulle tydens studente se oefenonderwys vervul nie.

---

1) Die opdrag in die vraelys was dat studente besonderhede soos van toepassing op hulle jongste oefenonderwystydperk, moes verskaf. Kyk bylae A, opmerking 3.

TABEL 46.

DIE MATE WAARIN STUDENTE DEUR DIE LEERLINGE AS ONDERWYSERS AANVAAR (BEHANDEL) IS.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 1 | 2.4 | 0 | 0.0 | 12 | 28.6 | 15 | 35.7 | 14 | 33.3 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 7 | 14.9 | 27 | 57.4 | 13 | 27.7 | 0 | 47 |
| OK. A. | 9 | 3.1 | 10 | 3.5 | 43 | 14.9 | 112 | 38.9 | 110 | 38.2 | 4 | 288 |
| OK. B. | 14 | 3.4 | 12 | 2.9 | 54 | 12.9 | 191 | 45.8 | 141 | 33.8 | 5 | 417 |
| OK. C. | 2 | 1.2 | 5 | 2.9 | 20 | 11.7 | 56 | 32.7 | 87 | 50.9 | 1 | 171 |
| OK. D. | 3 | 0.9 | 16 | 4.8 | 58 | 17.3 | 163 | 48.7 | 95 | 28.4 | 0 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 42.9 | 5 | 35.7 | 3 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 2 | 3.1 | 1 | 1.5 | 7 | 10.8 | 36 | 55.4 | 19 | 29.2 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 31 | 2.2 | 44 | 3.2 | 201 | 14.4 | 606 | 43.4 | 485 | 34.7 | 29 | 1396 |
| **VOLGENS KURSUSSE** | | | | | | | | | | | | |
| Graad. | 8 | 4.4 | 12 | 6.7 | 50 | 27.9 | 75 | 41.8 | 33 | 18.4 | 1 | 179 |
| Geesteswet. | 4 | 4.4 | 6 | 6.7 | 13 | 14.6 | 37 | 41.5 | 27 | 30.3 | 2 | 89 |
| Nat.wet. | 3 | 6.2 | 2 | 4.1 | 8 | 16.6 | 22 | 45.8 | 13 | 27.0 | 0 | 48 |
| Ha. | 3 | 2.6 | 1 | 0.8 | 20 | 17.3 | 52 | 45.2 | 39 | 33.9 | 0 | 115 |
| Huish.,tegnies | 3 | 2.4 | 5 | 4.0 | 14 | 11.3 | 47 | 38.2 | 39 | 31.7 | 15 | 123 |
| L.O. | 0 | 0.0 | 4 | 5.2 | 12 | 15.7 | 38 | 50.0 | 20 | 26.3 | 2 | 76 |
| Ku.,mu.,dr. | 1 | 1.2 | 0 | 0.0 | 12 | 15.1 | 36 | 45.5 | 26 | 32.9 | 4 | 79 |
| Jr.-p. | 2 | 0.7 | 3 | 1.1 | 22 | 8.2 | 119 | 44.5 | 120 | 44.9 | 1 | 267 |
| Sr.-p. | 9 | 2.1 | 12 | 2.9 | 53 | 12.8 | 179 | 43.3 | 158 | 36.2 | 2 | 413 |
| Bes.laer. | 1 | 1.3 | 2 | 2.7 | 9 | 12.1 | 30 | 40.5 | | 43.2 | 0 | 74 |
| TOTAAL. | 34 | 2.3 | 47 | 3.2 | 213 | 14.5 | 635 | 43.4 | 507 | 34.6 | 27 | 1463 |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 5 | 1.3 | 7 | 1.8 | 40 | 10.5 | 164 | 43.1 | 161 | 42.3 | 3 | 380 |
| Tweede. | 3 | 0.7 | 12 | 3.0 | 58 | 14.9 | 172 | 44.2 | 127 | 32.6 | 17 | 389 |
| Derde. | 16 | 3.6 | 12 | 2.7 | 55 | 12.3 | 195 | 43.9 | 158 | 35.5 | 8 | 444 |
| Vierde. | 7 | 3.7 | 13 | 6.9 | 48 | 25.4 | 80 | 42.3 | 40 | 21.2 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 31 | 2.2 | 44 | 3.1 | 201 | 14.3 | 611 | 43.5 | 486 | 34.6 | 29 | 1402 |

Skynbaar besef hul nie ten volle dat hul in 'n groot mate verantwoordelik gehou kan word vir die gehalte van die praktiese opleiding wat die studente wat onder hulle sorg geplaas word, ontvang nie.

f. <u>Die houding van leerlinge teenoor studente</u>

In afdeling C6 van die vraelys aan stu= dente is 'n drietal vrae gestel om die gesindheid en samewerking wat studente tydens oefenonderwys van die skoolleerlinge ondervind, vas te stel.

(1) In die eerste plek is respondente versoek om die mate waarin die leerlinge hulle as onderwysers aanvaar het, aan te dui. Die besonderhe= de van die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 46 verstrek.

(a) Uit 'n algemene ontleding van tabel 46 blyk dat studente in die meeste gevalle deur die leerlinge as onderwysers aanvaar word, want 34.7% van die studente verklaar dat hulle heeltemal, en 43.4% dat hulle in 'n hoë mate deur die leerlinge as onderwysers aanvaar word. Slegs 2.2% van die respon= dente verklaar dat hulle glad nie deur die leerlinge as onderwysers aanvaar word nie.

(b) Uit 'n ontleding volgens inrig= tings is die relatief hoë persentasie (50.9%) van die studente van onderwyskollege C wat verklaar dat hulle heeltemal aanvaar word, opvallend.

TABEL 47.

OF STUDENTE DIT GENIET HET OM MET DIE LEERLINGE TE WERK.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 BAIE MIN | | 3 GEMIDDELD | | 4 HEELWAT | | 5 BAIE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 14.3 | 36 | 85.7 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 6.4 | 12 | 25.5 | 32 | 68.1 | 0 | 47 |
| OK. A. | 2 | 0.7 | 2 | 0.7 | 8 | 2.8 | 46 | 16.0 | 227 | 78.8 | 3 | 288 |
| OK. B. | 5 | 1.2 | 7 | 1.7 | 17 | 4.1 | 101 | 24.2 | 281 | 67.4 | 6 | 417 |
| OK. C. | 1 | 0.6 | 0 | 0.0 | 4 | 2.3 | 27 | 15.8 | 138 | 80.7 | 1 | 171 |
| OK. D. | 6 | 1.8 | 5 | 1.5 | 15 | 4.5 | 85 | 25.4 | 223 | 66.6 | 1 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 4 | 28.6 | 7 | 50.0 | 3 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 1 | 1.5 | 0 | 0.0 | 2 | 3.1 | 15 | 23.1 | 46 | 70.8 | 1 | 65 |
| TOTAAL. | 15 | 1.1 | 14 | 1.0 | 49 | 3.5 | 297 | 21.3 | 990 | 70.9 | 31 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 3 | 0.7 | 0 | 0.0 | 6 | 1.5 | 59 | 15.5 | 309 | 81.3 | 3 | 380 |
| Tweede. | 0 | 0.0 | 4 | 1.0 | 10 | 2.5 | 75 | 19.2 | 281 | 72.2 | 19 | 389 |
| Derde. | 6 | 1.3 | 4 | 0.9 | 16 | 3.6 | 100 | 22.5 | 309 | 69.5 | 9 | 444 |
| Vierde | 6 | 3.2 | 6 | 3.2 | 16 | 8.5 | 65 | 34.4 | 96 | 50.8 | 0 | 189 |
| TOTAAL. | 15 | 1.0 | 14 | 0.9 | 48 | 3.4 | 299 | 21.3 | 995 | 70.9 | 31 | 1402 |

(c) 'n Ontleding volgens kursusse toon dat studente wat laerskoolgerigte kursusse volg, en veral dié wat 'n junior-primêre kursus volg, in die grootste mate as onderwysers deur die leerlinge aanvaar word. T.o.v. die junior-primêre kursus verklaar 89.4% dat leerlinge hulle heeltemal of in 'n hoë mate aanvaar. Hierdie verskynsel kan verklaar word uit die feit dat die betrokke studente hoofsaak=lik by die juniorklasse van die laerskole oefenonder=wys gee. By graadstudente, wat meestal by hoërskole geplaas word, antwoord slegs 18.4% dat leerlinge hulle heeltemal as onderwysers aanvaar.

(d) Uit 'n ontleding volgens jaar=groepe is dit opvallend dat 'n groter persentasie eerstejaarstudente (42.3%) verklaar dat hulle heelte=mal deur die leerlinge as onderwysers aanvaar word as by die ander jaargroepe. Die verklaring is moont=lik dat eerstejaarstudente nog min ervaring van leerlinge het om met dieselfde mate van sekerheid as die seniorstudente te antwoord.

(2) Tweedens is studente versoek om aan te dui in watter mate hulle dit geniet het om met die leerlinge te werk. Die besonderhede van die antwoor=de op hierdie vraag verskyn in tabel 47.

'n Ontleding van tabel 47 toon die volgende:

(a) Die algemene ontleding toon dat die groot meerderheid van die studente (70.9%) dit baie

TABEL 48.

OF STUDENTE DISSIPLINêRE PROBLEME MET LEERLINGE GEHAD HET.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 BAIE MIN | | 3 GEMIDDELD | | 4 HEELWAT | | 5 BAIE | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 21 | 50.0 | 16 | 38.1 | 4 | 9.5 | 1 | 2.4 | 0 | 0.0 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 18 | 38.3 | 19 | 40.4 | 5 | 10.6 | 3 | 6.4 | 2 | 4.3 | 0 | 47 |
| OK. A. | 109 | 37.8 | 66 | 22.9 | 19 | 6.6 | 49 | 17.0 | 42 | 14.6 | 3 | 288 |
| OK. B. | 150 | 36.0 | 122 | 29.3 | 41 | 9.8 | 65 | 15.6 | 31 | 7.4 | 8 | 417 |
| OK. C. | 71 | 41.5 | 27 | 15.8 | 16 | 9.4 | 37 | 21.6 | 19 | 11.1 | 1 | 171 |
| OK. D. | 78 | 23.3 | 117 | 34.9 | 65 | 19.4 | 61 | 18.2 | 13 | 3.9 | 1 | 335 |
| Koll. A. | 5 | 35.7 | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 3 | 14 |
| Koll. B. | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 16 | 17 |
| Koll. C. | 31 | 47.7 | 19 | 29.2 | 5 | 7.7 | 7 | 10.8 | 3 | 4.6 | 0 | 65 |
| TOTAAL. | 484 | 34.7 | 389 | 27.9 | 156 | 11.2 | 224 | 16.0 | 111 | 8.0 | 32 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 105 | 27.6 | 116 | 30.5 | 56 | 14.7 | 61 | 16.0 | 38 | 10.0 | 4 | 380 |
| Tweede. | 137 | 35.2 | 99 | 25.4 | 40 | 10.2 | 68 | 17.4 | 27 | 6.9 | 18 | 389 |
| Derde. | 177 | 39.8 | 107 | 24.0 | 37 | 8.3 | 75 | 16.8 | 39 | 8.7 | 9 | 444 |
| Vierde. | 69 | 36.5 | 68 | 36.0 | 23 | 12.2 | 21 | 11.1 | 7 | 3.7 | 1 | 189 |
| TOTAAL. | 488 | 34.8 | 390 | 27.8 | 156 | 11.1 | 225 | 16.0 | 111 | 7.9 | 32 | 1402 |

geniet het om met die leerlinge te werk, terwyl 21.3% „heelwat" antwoord. Slegs 1.1% antwoord „glad nie", 1.0% „baie min" en 3.5% „gemiddeld".

(b) Ten opsigte van die inrigtings kom die negatiefste verslag van respondente van onderwyskollege D waar 7.8% van die studente „glad nie" tot „gemiddeld" antwoord.

(c) Ten opsigte van die besonderhede volgens jaargroepe, is dit opvallend dat daar 'n sterk vermindering in die „baie"-antwoorde is na die mate waarin studente se senioriteit toeneem. Die persentasies daal nl. van 81.3% by eerstejaars na 72.2% by tweedejaars, 69.5% by derdejaars tot 5[illegible].8% by vierdejaars. Dit skep die indruk dat studente progressief minder daarvan hou om met kinders te werk.

(3) Laastens wou vasgestel word of studente tydens oefenonderwys dissiplinêre probleme met leerlinge gehad het. Hierdie besonderhede word in tabel 48 weergegee. Uit 'n ontleding van die tabel blyk die volgende:

(a) 'n Algemene ontleding toon dat die grootste persentasie (34.7%) verklaar dat hulle geen probleme ondervind het nie, terwyl 27.9% baie min probleme gehad het. Hiervan dui 11.2% die dissiplinêre probleme wat hulle ondervind het as „gemiddeld" aan, terwyl 16.0% dit as „heelwat" en 8.0% dit as „baie" beskryf.

(b) Volgens die inrigting-gegewens kom die positiefste reaksie van universiteite A en B, waar respektiewelik 88.1%(1+2) en 78.7%(1+2) verklaar dat hulle glad nie of baie min probleme ondervind het. Studente wat die meeste probleme ondervind het, is dié van onderwyskolleges A en C waar respektiewelik 31.6% en 32.7% van die studente heelwat of baie pro= bleme ondervind het.

(c) Ontleed volgens jaargroepe, blyk dit dat eerstejaarstudente wat in verhouding met die ander jaargroepe die minste oefenonderwys gegee het,[1] relatief die hoogste persentasie (t.w. 10.0%) antwoord dat hulle baie dissiplinêre probleme onder= vind het. By die derdejaar diplomastudente wat relatief die meeste oefenonderwys gegee het, antwoord relatief die hoogste persentasie (t.w. 39.8%) dat hulle glad nie sodanige probleme ondervind het nie.

(4) Samevattend kan dus gekonstateer word dat studente oor die algemeen maklik deur die leer= linge as onderwysers aanvaar word. Verder blyk dit dat die groot meerderheid van die studente dit ge= niet om met leerlinge te werk. Wat wel verontrus= tend is, is die verskynsel dat, namate studente meer ervaring van oefenonderwys opdoen, 'n kleiner per= sentasie antwoord dat hulle baie daarvan hou om met leerlinge te werk. Laastens is bevind dat studente oor die algemeen min dissiplinêre probleme met leer=

---

1) Kyk tabel 17.

TABEL 49.

OF INRIGTINGS DIE GEBRUIK HET OM 'N STUDENT AS GROEPLEIER TYDENS OEFENONDERWYS TE LAAT OPTREE.

| VOLGENS INRIGTINGS | JA | | NEE | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 36 | 85.7 | 6 | 14.3 | 0 | 42 |
| Univ. B. | 43 | 91.5 | 3 | 6.4 | 1 | 47 |
| OK. A. | 262 | 91.0 | 6 | 2.1 | 20 | 288 |
| OK. B. | 361 | 86.6 | 42 | 10.1 | 14 | 417 |
| OK. C. | 151 | 88.3 | 6 | 3.5 | 14 | 171 |
| OK. D. | 193 | 57.6 | 140 | 41.8 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 4 | 28.6 | 6 | 42.9 | 4 | 14 |
| Koll. B. | 6 | 35.3 | 0 | 0.0 | 11 | 17 |
| Koll. C. | 42 | 64.6 | 21 | 32.3 | 2 | 65 |
| TOTAAL. | 1098 | 78.7 | 230 | 16.5 | 68 | 1396 |
| | | | | | (4.9%) | |

TABEL 50.

DIE AANTAL KERE WAT STUDENTE AL AS GROEPLEIERS OPGETREE HET.

| VOLGENS INRIGTINGS | GLAD NIE | | EEN KEER | | TWEE OF MEER KERE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 25 | 59.5 | 10 | 23.8 | 2 | 4.8 | 5 | 42 |
| Univ. B. | 20 | 42.6 | 19 | 40.4 | 2 | 4.2 | 6 | 47 |
| OK. A. | 165 | 57.3 | 66 | 22.9 | 35 | 12.1 | 22 | 288 |
| OK. B. | 258 | 61.9 | 96 | 23.0 | 23 | 5.5 | 40 | 417 |
| OK. C. | 87 | 50.9 | 35 | 20.5 | 32 | 18.7 | 17 | 171 |
| OK. D. | 185 | 55.2 | 54 | 16.1 | 42 | 12.6 | 54 | 335 |
| Koll. A. | 4 | 28.6 | 1 | 7.1 | 3 | 21.4 | 6 | 14 |
| Koll. B. | 3 | 17.6 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 14 | 17 |
| Koll. C. | 31 | 47.7 | 9 | 13.8 | 6 | 9.2 | 19 | 65 |
| TOTAAL. | 778 | 55.7 | 290 | 20.8 | 145 | 10.3 | 183 | 1396 |
| | | | | | | | (13.1%) | |
| **VOLGENS JAARGROEPE** | | | | | | | | |
| Eerste. | 272 | 71.5 | 37 | 9.7 | 11 | 2.7 | 60 | 380 |
| Tweede. | 246 | 63.2 | 59 | 15.1 | 24 | 6.0 | 60 | 389 |
| Derde. | 174 | 39.1 | 137 | 30.8 | 90 | 20.2 | 43 | 444 |
| Vierde. | 91 | 48.1 | 58 | 30.7 | 19 | 10.1 | 21 | 189 |
| TOTAAL. | 783 | 55.8 | 291 | 20.7 | 144 | 10.1 | 184 | 1402 |
| | | | | | | | (13.1%) | |

linge ondervind en dat hierdie probleme verminder soos hulle meer onderwyservaring opdoen.

g. Die gebruik van groepleiers

In afdeling C7, vrae a-c, is ondersoek ingestel na die gebruik om tydens oefenonderwys sekere studente as groepleiers te laat optree. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae word in tabelle 49-52 verstrek.

(1) Eerstens kan uit die gegewens van tabel 49 afgelei word dat dit 'n redelik algemene gebruik by die verskillende inrigtings is om sekere studente as groepleiers te laat optree. In die geval van onderwyskollege D en kolleges A en C rapporteer respektiewelik 41.8%, 42.9% en 32.3% van die respondente dat die gebruik nie bestaan nie. In hierdie gevalle is daar vermoedelik ander stelsels in gebruik.

(2) In tabel 50 is vasgestel hoeveel kere die respondente al as groepleiers opgetree het. Dit blyk dat die meerderheid van die respondente (55.7%) nog glad nie in die hoedanigheid opgetree het nie, terwyl 20.8% al een keer en 10.3% twee of meer kere groepleiers was. 13.1% het nie die vraag beantwoord nie. Te oordeel aan die jaargroepgegewens blyk dit dat, alhoewel afstuderende studente (derde- en vierdejaars) meer as die eerste- en tweedejaars gebruik word, 'n aansienlike persentasie van die afstuderendes (respektiewelik 39.1% en 48.1%) nog nie die geleent=

TABEL 51.

DIE SAMEWERKING WAT GROEPLEIERS VAN DIE SKOOLHOOFDE OF HULLE VERTEENWOORDIGERS ONDERVIND HET.

| VOLGENS INRIGTINGS | GEEN | | SWAK | | GEMIDDELD | | GOED | | BAIE GOED | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Univ. A. | 4 | 25.0 | 0 | 0.0 | 2 | 12.5 | 3 | 18.8 | 7 | 43.8 | 16 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 4.5 | 7 | 31.8 | 14 | 63.6 | 22 |
| OK. A. | 24 | 20.0 | 1 | 0.8 | 12 | 10.0 | 32 | 26.7 | 51 | 42.5 | 120 |
| OK. B. | 49 | 28.7 | 6 | 3.5 | 11 | 6.4 | 43 | 25.1 | 62 | 36.3 | 171 |
| OK. C. | 17 | 20.0 | 6 | 7.1 | 5 | 5.9 | 20 | 23.5 | 37 | 43.5 | 85 |
| OK. D. | 65 | 39.2 | 17 | 10.2 | 32 | 19.3 | 27 | 16.3 | 25 | 15.0 | 166 |
| Koll. A. | 5 | 62.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 25.0 | 1 | 12.5 | 8 |
| Koll. B. | Geen antwoorde | | | | | | | | | | |
| Koll. C. | 13 | 48.1 | 1 | 3.7 | 1 | 3.7 | 6 | 22.2 | 6 | 22.2 | 27 |
| TOTAAL. | 177 | 28.8 | 31 | 5.0 | 64 | 10.4 | 140 | 22.8 | 203 | 33.0 | 615 |

TABEL 52.

DIE SAMEWERKING WAT GROEPLEIERS VAN HULLE MEDESTUDENTE ONDERVIND HET.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GEEN | | 2 SWAK | | 3 GEMIDDELD | | 4 GOED | | 5 BAIE GOED | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Univ. A. | 4 | 25.0 | 0 | 0.0 | 1 | 6.3 | 4 | 25.0 | 7 | 43.8 | 16 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 4.5 | 7 | 31.8 | 14 | 63.6 | 22 |
| OK. A. | 16 | 13.3 | 2 | 16.7 | 4 | 33.3 | 31 | 25.8 | 67 | 55.8 | 120 |
| OK. B. | 45 | 27.1 | 2 | 1.2 | 5 | 3.0 | 51 | 30.7 | 63 | 38.0 | 166 |
| OK. C. | 17 | 20.2 | 0 | 0.0 | 3 | 3.6 | 24 | 28.6 | 40 | 47.6 | 84 |
| OK. D. | 64 | 38.8 | 5 | 3.0 | 19 | 11.5 | 45 | 27.3 | 32 | 19.4 | 165 |
| Koll. A. | 4 | 50.0 | 0 | 0.0 | 1 | 12.5 | 2 | 25.0 | 1 | 12.5 | 8 |
| Koll. B. | Geen antwoorde. | | | | | | | | | | |
| Koll. C. | 13 | 48.1 | 0 | 0.0 | 1 | 3.7 | 5 | 18.5 | 8 | 29.6 | 27 |
| TOTAAL. | 163 | 26.8 | 9 | 1.5 | 35 | 5.8 | 169 | 27.8 | 232 | 38.2 | 608 |

heid gehad het om as groepleiers op te tree nie.

(3) In tabelle 51 en 52 word die mate van samewerking wat die respondente wat al as groepleiers opgetree het, van die skoolhoofde of hulle verteen= woordigers en van die medestudente ontvang het, uit= eengesit. Uit 'n ontleding van tabel 51 blyk dat die grootste persentasie van dié respondente, t.w. 55.8%(4+5) rapporteer dat hulle baie goeie tot goeie samewerking van skoolhoofde of hulle verteenwoordi= gers ontvang het. 'n Betreklike groot persentasie (t.w. 28.8%) verklaar egter dat hulle geen sodanige samewerking ondervind het nie.

(4) Uit die gegewens van tabel 52 blyk dat, alhoewel groepleiers in 66.0%(4+5) van die gevalle meer as gemiddelde samewerking van hulle medestudente ontvang, van meer as 'n kwart (t.w. 26.8%) geen samewerking ondervind word nie.

Die belangrikste afleidings wat ten opsigte van die gebruik van groepleiers gemaak kan word is dat die opleidingsinrigtings hierdie gebruik nie in die eerste plek as 'n wyse van opleiding sien nie, aan= gesien meer as die helfte van al die respondente (t.w. 55.7%) en 'n groot persentasie van die afstu= derende studente, t.w. 39.1% van die derdejaars en 48.1% van die vierdejaars nog glad nie as groeplei= ers opgetree het nie.

Die feit dat meer as 'n kwart (28.8%) van die

TABEL 53.

HOE GEREELD STUDENTE MEKAAR SE KRITIEKLESSE VOOR DOSENTE BYWOON.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 20 | 47.6 | 6 | 14.3 | 6 | 14.3 | 3 | 7.1 | 6 | 14.3 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 33 | 70.2 | 6 | 12.8 | 4 | 8.5 | 1 | 2.1 | 1 | 2.1 | 2 | 47 |
| OK. A. | 11 | 3.8 | 4 | 1.4 | 13 | 4.5 | 38 | 13.2 | 217 | 75.3 | 5 | 288 |
| OK. B. | 76 | 18.2 | 119 | 28.5 | 79 | 18.9 | 44 | 10.6 | 14 | 3.4 | 85 | 417 |
| OK. C. | 5 | 2.9 | 10 | 5.8 | 20 | 11.7 | 44 | 25.7 | 85 | 49.7 | 7 | 171 |
| OK. D. | 8 | 2.4 | 33 | 9.9 | 33 | 9.9 | 70 | 20.9 | 189 | 56.4 | 2 | 335 |
| Koll. A. | 3 | 21.4 | 3 | 21.4 | 4 | 28.6 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 7 | 41.2 | 9 | 17 |
| Koll. C. | 9 | 13.8 | 9 | 13.8 | 10 | 15.4 | 6 | 9.2 | 17 | 26.2 | 14 | 65 |
| TOTAAL. | 165 | 11.8 | 191 | 13.7 | 169 | 12.1 | 207 | 14.8 | 537 | 38.5 | 127 | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 18 | 4.7 | 16 | 4.2 | 25 | 6.5 | 48 | 12.6 | 189 | 49.7 | 84 | 380 |
| Tweede. | 33 | 8.4 | 73 | 18.7 | 51 | 13.1 | 51 | 13.1 | 153 | 39.3 | 28 | 389 |
| Derde. | 51 | 11.4 | 69 | 15.5 | 60 | 13.5 | 77 | 17.3 | 175 | 39.4 | 12 | 444 |
| Vierde. | 64 | 33.9 | 32 | 16.9 | 35 | 18.5 | 33 | 17.5 | 22 | 11.6 | 3 | 189 |
| TOTAAL. | 166 | 11.8 | 190 | 13.5 | 171 | 12.1 | 209 | 14.9 | 539 | 38.4 | 127 | 1402 |

respondente verklaar dat hulle geen samewerking van die skoolhoofde of hulle verteenwoordigers ontvang nie, dui op 'n moontlike gebrek aan beplanning van die oefenonderwystydperk by hierdie skole. Die feit dat groepleiers van 26.8% van hulle medestudente geen samewerking tydens oefenonderwys ontvang nie, ver=sterk hierdie vermoede.

h. Kritieklesse voor dosente

In afdeling C8 is met vrae a-g onder=soek ingestel na verskillende aspekte van die gebruik van die sogenaamde kritieklesse, dit wil sê lesse wat studente by die skole voor dosente lewer.

(1) Eerstens is vasgestel of en hoe ge=reeld studente mekaar se kritieklesse voor dosente bywoon. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vraag is in tabel 53 saamgevat.

'n Ontleding van tabel 53 toon dat slegs 11.8% van die respondente nooit mekaar se lesse bywoon nie. In hierdie kategorie val die grootste enkele persen=tasies van universiteite A en B, nl. respektiewelik 47.6% en 70.2%. Die meeste studente van die vier onderwyskolleges rapporteer dat hulle in verskillende mates hierdie gebruik volg.[1)]

---

1) Die groot aantal studente van onderwyskollege B en van die eerstejaargroep wat nie hierdie vraag beantwoord het nie (t.w. 85=20.4% en 84=22.1%), is opmerklik. Die rede is hoofsaaklik dat studente van onderwyskollege B nie in hulle eerstejaar kritieklesse voor dosente gee nie.

TABEL 54.

OF STUDENTE DEELNEEM AAN DIE BESPREKING VAN HULLE EIE EN ANDER SE KRITIEKLESSE.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 11 | 26.2 | 8 | 19.0 | 6 | 14.3 | 8 | 19.0 | 8 | 19.0 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 27 | 57.4 | 8 | 17.0 | 4 | 8.5 | 4 | 8.5 | 2 | 4.3 | 2 | 47 |
| OK. A. | 18 | 6.3 | 22 | 7.6 | 63 | 21.9 | 84 | 29.2 | 97 | 33.7 | 4 | 288 |
| OK. B. | 105 | 25.2 | 78 | 18.7 | 67 | 16.1 | 58 | 13.9 | 23 | 5.5 | 86 | 417 |
| OK. C. | 9 | 5.3 | 18 | 10.5 | 29 | 17.0 | 47 | 27.5 | 63 | 36.8 | 5 | 171 |
| OK. D. | 19 | 5.7 | 39 | 11.6 | 61 | 18.2 | 106 | 31.6 | 107 | 31.9 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 1 | 7.1 | 3 | 21.4 | 5 | 35.7 | 0 | 0.0 | 3 | 21.4 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 35.3 | 11 | 17 |
| Koll. C. | 5 | 7.7 | 8 | 12.3 | 6 | 9.2 | 15 | 23.1 | 16 | 24.6 | 15 | 65 |
| TOTAAL. | 195 | 14.0 | 184 | 13.2 | 241 | 17.3 | 322 | 23.1 | 325 | 23.3 | 129 (9.2%) | 1396 |
| VOLGENS JAARGROEPE | | | | | | | | | | | | |
| Eerste. | 27 | 7.1 | 18 | 4.7 | 53 | 13.9 | 89 | 23.4 | 109 | 28.6 | 84 | 380 |
| Tweede. | 53 | 13.6 | 54 | 13.8 | 71 | 18.2 | 93 | 23.9 | 87 | 22.3 | 31 | 389 |
| Derde. | 54 | 12.1 | 71 | 15.9 | 85 | 19.1 | 110 | 24.7 | 113 | 25.4 | 11 | 444 |
| Vierde. | 63 | 33.3 | 39 | 20.6 | 32 | 16.9 | 32 | 16.9 | 20 | 10.6 | 3 | 189 |
| TOTAAL. | 197 | 14.0 | 182 | 12.9 | 241 | 17.1 | 324 | 23.1 | 329 | 23.4 | 129 (9.2%) | 1402 |

Uit die ontleding volgens jaargroepe is dit dui=delik dat die gebruik om nooit mekaar se lesse by te woon nie, die meeste by vierdejaarstudente[1] voorkom. Daar is 32.4% van hierdie groep wat „nooit" antwoord teenoor slegs 11.4% derdejaars, 8.4% tweedejaars en 4.7% eerstejaars.

(2) In die tweede plek is nagegaan of en hoe gereeld studente deelneem aan die bespreking van hulle eie en mekaar se kritieklesse. Volgens die gegewens in tabel 54 blyk dit dat 23.3% van die stu=dente altyd, 23.1% dikwels en 17.3% taamlik dikwels aan die bespreking van hulle eie en mekaar se lesse deelneem. Dit beteken dat dit by 63.7% van die stu=dente gebruiklik is.[2]

Ten opsigte van die verskillende inrigtings dui die persentuele waardes aan dat hierdie praktyk deur alle inrigtings behalwe universiteite A en B en onderwyskollege B gevolg word. By die drie genoemde inrigtings verklaar respektiewelik 26.2%, 57.4% en 25.2% van die studente dat hulle nooit aan 'n be=spreking van hulle eie en mekaar se lesse deelneem nie.

---

1) Wat hoofsaaklik graadstudente is. Kyk p. 214

2) Kyk ook tabel 74.

TABEL 55.

HOE GEREELD KRITIEKLESSE DEUR DOSENTE BESPREEK WORD.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 1 | 2.4 | 2 | 4.8 | 6 | 14.3 | 11 | 26.2 | 21 | 50.0 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 2 | 4.3 | 2 | 4.3 | 8 | 17.0 | 11 | 23.4 | 22 | 46.8 | 2 | 47 |
| OK. A. | 1 | 0.3 | 0 | 0.0 | 7 | 2.4 | 44 | 15.3 | 233 | 80.9 | 3 | 288 |
| OK. B. | 11 | 2.6 | 9 | 2.2 | 25 | 6.0 | 86 | 20.6 | 200 | 48.0 | 86 | 417 |
| OK. C. | 0 | 0.0 | 4 | 2.3 | 5 | 2.9 | 28 | 16.4 | 129 | 75.4 | 5 | 171 |
| OK. D. | 1 | 0.3 | 15 | 4.5 | 38 | 11.3 | 79 | 23.6 | 199 | 59.4 | 3 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 6 | 42.9 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5.9 | 5 | 29.4 | 11 | 17 |
| Koll. C. | 3 | 4.6 | 4 | 6.2 | 8 | 12.3 | 10 | 15.4 | 24 | 36.9 | 16 | 65 |
| TOTAAL. | 19 | 1.4 | 38 | 2.7 | 100 | 7.2 | 271 | 19.4 | 839 | 60.1 | 129 (9.2%) | 1396 |

TABEL 56.

HOE DEEGLIK KRITIEKLESSE DEUR DOSENTE BESPREEK WORD.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 BAIE SWAK | | 2 SWAK | | 3 GEMIDDELD | | 4 DEEGLIK | | 5 BAIE DEEGLIK | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 0 | 0.0 | 1 | 2.4 | 7 | 16.7 | 12 | 28.6 | 20 | 47.6 | 2 | 42 |
| Univ. B. | 1 | 2.1 | 2 | 4.3 | 8 | 17.0 | 19 | 40.4 | 15 | 31.9 | 2 | 47 |
| OK. A. | 2 | 0.7 | 8 | 2.8 | 30 | 10.4 | 108 | 37.5 | 136 | 47.2 | 4 | 288 |
| OK. B. | 13 | 3.1 | 11 | 2.6 | 43 | 10.3 | 124 | 29.7 | 132 | 31.7 | 94 | 417 |
| OK. C. | 2 | 1.2 | 1 | 0.6 | 15 | 8.8 | 54 | 31.6 | 86 | 50.3 | 13 | 171 |
| OK. D. | 2 | 0.6 | 19 | 5.7 | 72 | 21.5 | 149 | 44.5 | 84 | 25.1 | 9 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | 5 | 35.7 | 4 | 28.6 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 17.6 | 2 | 11.8 | 12 | 17 |
| Koll. C. | 5 | 7.7 | 2 | 3.1 | 7 | 10.8 | 17 | 26.2 | 20 | 30.8 | 14 | 65 |
| TOTAAL. | 25 | 1.8 | 45 | 3.2 | 184 | 13.2 | 491 | 35.2 | 499 | 35.7 | 152 (10.9%) | 1396 |

Soos blyk uit die jaargroepgegewens word die metode redelik algemeen in alle jaargroepe met uit=sondering van die vierdejaargroep gevolg, waar 33.3% van die respondente „nooit" antwoord.

(3) Vervolgens is vasgestel hoe gereeld kritieklesse deur dosente bespreek word. Uit die ge=gewens van tabel 55 is dit duidelik dat die bespre=king van lesse deur die dosente 'n algemeen gebruik=like prosedure is, aangesien slegs 4.1%(1+2) van die respondente verklaar dat hulle lesse nooit of slegs af en toe bespreek word. Die hoë persentasie respon=dente by onderwyskolleges A en C wat verklaar dat hulle lesse altyd deur die dosente bespreek word, nl. respektiewelik 80.9% en 75.4%, is opvallend.

(4) Daar is ook navraag gedoen oor die deeglikheid waarmee dosente, volgens die studente se mening, die kritieklesse agterna bespreek. 'n Ontleding van tabel 56 toon dat die meerderheid van die studente (70.9% = 4+5) van mening is dat dosente hulle lesse beter as gemiddeld bespreek. Vyf persent beskou die dosente se bespreking van hulle lesse as baie swak of swak.

Uit die gegewens blyk verder geen opvallende verskille in die antwoorde volgens inrigtings nie.

(5) Vervolgens wou vasgestel word of en in hoe 'n mate die standaarde en vereistes wat verskil=lende dosente vir 'n kritiekles stel, verskil.

TABEL 57.

DIE MATE VAN VERSKIL TUSSEN DIE STANDAARDE EN VEREISTES WAT VERSKILLENDE DOSENTE VIR 'N LES STEL.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GLAD NIE | | 2 IN GERINGE MATE | | 3 GEMIDDELD | | 4 IN HOë MATE | | 5 HEELTEMAL | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 5 | 11.9 | 11 | 26.2 | 8 | 19.0 | 13 | 31.0 | 3 | 7.1 | 2 | 42 |
| Univ. B. | 2 | 4.3 | 15 | 31.9 | 13 | 27.7 | 10 | 21.3 | 4 | 8.5 | 3 | 47 |
| OK. A. | 9 | 3.1 | 16 | 5.6 | 52 | 18.1 | 80 | 27.8 | 122 | 42.4 | 9 | 288 |
| OK. B. | 19 | 4.6 | 27 | 6.5 | 44 | 10.6 | 99 | 23.7 | 137 | 32.9 | 91 | 417 |
| OK. C. | 5 | 2.9 | 16 | 9.4 | 44 | 25.7 | 54 | 31.6 | 40 | 23.4 | 12 | 171 |
| OK. D. | 1 | 0.3 | 25 | 7.5 | 67 | 20.0 | 113 | 33.7 | 123 | 36.7 | 6 | 335 |
| Koll. A. | 2 | 14.3 | 3 | 21.4 | 2 | 14.3 | 0 | 0.0 | 4 | 28.6 | 3 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 11.8 | 3 | 17.6 | 1 | 5.9 | 11 | 17 |
| Koll. C. | 4 | 6.2 | 10 | 15.4 | 7 | 10.8 | 13 | 20.0 | 12 | 18.5 | 19 | 65 |
| TOTAAL. | 47 | 3.4 | 123 | 8.8 | 239 | 17.1 | 385 | 27.6 | 446 | 31.9 | 156 (11.2%) | 1396 |

TABEL 58.

OF STUDENTE 'N AFSKRIF VAN DOSENTE SE GESKREWE KRITIEK OP HULLE LESSE ONTVANG.

| VOLGENS INRIGTINGS | NOOIT | | SOMS | | ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 2 | 4.8 | 1 | 2.4 | 38 | 90.5 | 1 | 42 |
| Univ. B. | 3 | 6.4 | 1 | 2.1 | 41 | 87.2 | 2 | 47 |
| OK. A. | 3 | 1.0 | 3 | 1.0 | 277 | 96.2 | 5 | 288 |
| OK. B. | 151 | 36.2 | 127 | 30.4 | 48 | 11.5 | 91 | 417 |
| OK. C. | 114 | 66.7 | 42 | 24.5 | 9 | 5.3 | 6 | 171 |
| OK. D. | 65 | 19.4 | 112 | 33.5 | 151 | 45.1 | 7 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 4 | 28.6 | 8 | 57.1 | 2 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 35.3 | 11 | 17 |
| Koll. C. | 30 | 46.2 | 7 | 10.8 | 13 | 20.0 | 15 | 65 |
| | | | | | 91 | 42.3 | 140 | 1396 |

Uit die gegewens van tabel 57 blyk dat meer as die helfte van die respondente (59.5% = 4+5) verklaar dat die standaarde en vereistes wat verskillende do=sente vir 'n les stel, in 'n hoë mate of heeltemal van dosent tot dosent verskil.

Ten opsigte van die verskillende inrigtings is dit opmerklik dat dit veral studente van die vier onderwyskolleges is wat hierdie verskille as meer as gemiddeld aandui.

(6) Die antwoorde op die vraag of studente afskrifte van die dosente se geskrewe kritiek op hul=le lesse ontvang, word in tabel 58 uiteengesit. Hier=volgens ontvang die grootste enkele persentasie van die respondente, nl. 42.3% altyd afskrifte van dosente se geskrewe kritiek, 21.3% soms en 26.4% nooit.

Ten opsigte van die onderskeie inrigtings toon 'n ontleding van die tabel dat dit by die meeste inrigtings algemene gebruik by die dosente is om af=skrifte van hulle kritiek aan studente te gee. By drie inrigtings egter, te wete onderwyskolleges B en C en kollege C, verklaar die grootste enkele persen=tasie van die betrokke inrigtings se studente t.w. respektiewelik 36.2%, 66.7% en 46.2% dat hulle nooit afskrifte van dosente se kritiek ontvang nie.

(7) Laastens is studente se mening vasge=stel oor die vormende waarde wat kritieklesse voor dosente vir hulle gehad het. Die antwoorde op die vraag word in tabel 59 aangegee.

TABEL 59.

DIE VORMENDE WAARDE WAT KRITIEKLESSE VOOR DOSENTE VIR STUDENTE GEHAD HET.

| VOLGENS INRIGTINGS | 1 GEEN | | 2 BAIE MIN | | 3 GEMIDDELD | | 4 HEELWAT | | 5 BESONDER BAIE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Univ. A. | 1 | 2.4 | 0 | 0.0 | 4 | 9.5 | 18 | 42.9 | 17 | 40.5 | 2 | 42 |
| Univ. B. | 0 | 0.0 | 3 | 6.4 | 8 | 17.0 | 22 | 46.8 | 12 | 25.5 | 2 | 47 |
| OK. A. | 27 | 9.4 | 21 | 7.3 | 74 | 25.7 | 108 | 37.5 | 52 | 18.1 | 6 | 288 |
| OK. B. | 25 | 6.0 | 37 | 8.9 | 68 | 16.3 | 128 | 30.7 | 69 | 16.5 | 90 | 417 |
| OK. C. | 7 | 4.1 | 24 | 14.0 | 34 | 19.9 | 67 | 39.2 | 33 | 19.3 | 6 | 171 |
| OK. D. | 13 | 3.9 | 36 | 10.7 | 96 | 28.7 | 136 | 40.6 | 49 | 14.6 | 5 | 335 |
| Koll. A. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 4 | 28.6 | 5 | 35.7 | 2 | 14.3 | 3 | 14 |
| Koll. B. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 17.6 | 5 | 29.4 | 9 | 17 |
| Koll. C. | 5 | 7.7 | 6 | 9.2 | 10 | 15.4 | 19 | 29.2 | 9 | 13.8 | 16 | 65 |
| TOTAAL. | 78 | 5.6 | 127 | 9.1 | 298 | 21.3 | 506 | 36.2 | 248 | 17.8 | 139 (10.0%) | 1396 |

TABEL 60.

DIE WAARDE WAT VERSKILLENDE ASPEKTE VAN OEFENONDERWYS VIR AFSTUDERENDE STUDENTE IN HULLE OPLEIDING AS ONDERWYSERS GEHAD HET.

| WAARDE: | MIN | | GEMIDDELD | | BAIE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N |
| 1. Voorligting van skoolhoofde. | 296 | 49.8 | 141 | 23.7 | 158 | 26.5 | 595 |
| 2. Voorligting van onderwysers. | 88 | 14.6 | 174 | 28.9 | 340 | 56.5 | 602 |
| 3. Lesse voor onderwysers. | 129 | 21.6 | 181 | 30.2 | 289 | 48.2 | 599 |
| 4. Lesse voor dosente. | 66 | 11.0 | 137 | 22.8 | 399 | 66.2 | 602 |
| 5. Lesse met slegs leerlinge teenwoordig. | 20 | 3.3 | 60 | 10.0 | 522 | 86.7 | 602 |
| 6. Bespreking van lesse deur dosente. | 50 | 8.3 | 136 | 22.7 | 414 | 69.0 | 600 |
| 7. Bespreking van lesse deur onderwysers. | 197 | 32.9 | 179 | 29.9 | 222 | 37.2 | 598 |

Uit 'n ontleding van tabel 59 blyk dat 17.8% van die respondente die vormende waarde van kritieklesse voor dosente besonder hoog aanslaan, terwyl 36.2% dit as „heelwat" en 21.3% dit as „gemiddeld" beskryf. Vir 14.7% het kritieklesse geen of baie min vormende waarde gehad.

Ten opsigte van die onderskeie inrigtings is die sterk positiewe reaksie van universiteit A se studen=te opvallend. By die inrigting verklaar 40.5% van die respondente dat kritieklesse besonder baie en 42.9% dat dit heelwat vormende waarde gehad het.

Ten slotte kan die belangrikste bevindings ten opsigte van die praktyk van kritieklesse en die waar=de wat dit vir studente het, soos volg saamgevat word:

Behalwe vir die nagraadse diplomastudente aan die twee universiteite, woon die meeste studente as 'n reël mekaar se kritieklesse voor dosente asook die bespreking van die lesse, by.

Lesse word by alle inrigtings baie gereeld en deeglik deur die dosente bespreek.

'n Betekenisvolle en ontstellende verskynsel is die verklaring van meer as die helfte (t.w. 59.5%) van die studente dat die standaarde en vereistes wat die verskillende dosente vir 'n kritiekles stel, in 'n hoë mate of heeltemal verskil. Hierdie verskynsel kan vermoedelik tot ernstige verwarring by studente lei en moet gevolglik as 'n gebrek in hulle praktiese

opleiding beskou word.

Afskrifte van dosente se geskrewe kritiek word in die meeste gevalle aan studente beskikbaar gestel.

Die meerderheid (t.w. 54.0%) van die studente rapporteer dat kritieklesse voor dosente heelwat of besonder baie vormende waarde het. As van die stand=punt uitgegaan word dat kritieklesse 'n hoogtepunt in studente se praktiese opleiding behoort te wees, is dit egter opvallend dat 'n aansienlike persentasie van die respondente (36.0%) nie 'n baie hoë dunk van die vormende waarde van hierdie aspek van oefenonder=wys het nie.

i. <u>Afstuderende studente se waardebepaling van sekere aspekte van hulle opleiding</u>

Ten slotte is in afdeling C9 sekere vrae aan afstuderende studente gestel. Die ondersoek is uitgevoer op 'n tydstip toe die afstuderende stu=dente hulle laaste tydperk van oefenonderwys agter die rug gehad het en feitlik aan die einde van hulle opleidingskursus as onderwysers gekom het. Hierdie studente was dus in die stadium van hulle opleiding waar dit van hulle verwag kon word om die verskillen=de fasette van hulle breë opleiding en dus ook van hulle praktiese opleiding in oënskou te kon neem.

(1) In die eerste plek is hierdie studen=te gevra om te bepaal watter waarde die verskillende

aspekte van oefenonderwys in hulle opleiding as onder= wysers gehad het. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae is in tabel 60 saamgevat.[1)]

(a) Die grootste enkele persentasie van die studente (t.w. 86.7%) dui die lesse wat hulle met slegs leerlinge teenwoordig aangebied het, as baie waardevol aan.

Daarna volg die volgende aangeleenthede in orde van belangrikheid volgens die oordeel van die respon= dente: Die bespreking van lesse deur dosente (69.0%), lesse wat voor dosente aangebied is (66.2%), voorlig= ting wat van onderwysers ontvang is (56.5%), lesse wat voor onderwysers aangebied is (48.2%), bespreking van lesse deur onderwysers (37.2%) en laastens die voorligting wat van skoolhoofde ontvang is (26.5%).

(b) Uit die bogenoemde gegewens kan dus afgelei word dat studente die lesse wat hulle met slegs leerlinge teenwoordig, aangebied het, as die waardevolste aspek van hulle oefenonderwyservarings beskou, gevolg deur die bespreking van lesse deur dosente en die lesse wat hulle voor dosente aangebied het.

---

1) Aangesien die oogmerk van die vrae in afdeling C9 was om 'n oorsigtelike beeld van die responden= te se waardebepaling van die genoemde aspekte te kry, is in tabelle 60 en 61 slegs van die fre= kwensie- en persentuele totale gebruik gemaak en is die gegewens nie ten opsigte van inrig= tings, kursusse en jaargroepe vergelyk nie.

TABEL 61.

DIE WAARDE WAT VERSKILLENDE ASPEKTE VAN HULLE OPLEIDING EN STUDENTEBEDRYWIGHEDE VIR AFSTUDERENDE STUDENTE GEHAD HET IN HULLE VORMING AS ONDERWYSERS.

| WAARDE: | NIN | | GEMIDDELD | | BAIE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N |
| 1. Lesinge by die opleidingsinrigting. | 91 | 15.0 | 185 | 30.6 | 329 | 54.4 | 605 |
| 2. Praktiese werk by die opleidingsinrigting. | 152 | 25.3 | 155 | 25.7 | 296 | 49.0 | 603 |
| 3. Oefenonderwys. | 30 | 5.0 | 66 | 10.9 | 510 | 84.2 | 606 |
| 4. Sportbedrywighede. | 197 | 32.7 | 155 | 25.7 | 250 | 41.5 | 602 |
| 5. Algemene studentelewe. | 83 | 13.9 | 133 | 22.1 | 385 | 64.1 | 601 |
| 6. Geleenthede wat die stad/dorp vir algemene vorming bied. | 86 | 14.3 | 96 | 16.0 | 418 | 69.7 | 600 |

(c) Verder kan afgelei word dat stu= dente die voorligting wat hulle van skoolhoofde ont= van het, as van die minste waarde beskou, gevolg deur die bespreking van lesse deur onderwysers en lesse wat hulle voor onderwysers aangebied het.

(2) Laastens is die betrokke studente versoek om die waarde wat verskillende aspekte van hulle opleiding en van hulle studentebedrywighede gehad het in hulle vorming as onderwysers, aan te dui.

Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vr e is in tabel 61 saamgevat. Die persentasies wat by die betrokke aspekte in tabel 61 as baie waarde= vol aangedui is, word ook hier as die respondente se bepaling van die orde van belangrikheid van hierdie aspekte aanvaar.

Uit tabel 61 blyk dat die grootste enkele per= sentasie van die respondente (t.w. 84.2%) oefenonder= wys as baie waardevol noem. Dan volg in orde van belangrikheid die geleenthede wat hulle stad of dorp vir die algemene vorming van studente bied (69.7%); die algemene studentelewe (64.1%); lesings by die opleidingsinrigtings (54.4%); praktiese werk by die opleidingsinrigtings (49.0%); en laastens hulle sportbedrywighede (41.5%).

Uit die bogenoemde gegewens is dit duidelik en insiggewend dat afstuderende studente oefenonderwys as verreweg die waardevolste vertakking van hulle opleiding beskou.